AGENDA
(Aanvullend)

vir die 16de vergadering van die

ALGEMENE SINODE

van die

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL, PRETORIA
Sondag 4 tot Vrydag 9 Oktober 2015

INHOUDSOPGAWE

A. VERSLAE (Aanvullend)

A.1 AGENDA-PROJEKSPAN 3

A.3 ARTIKEL 1 4

A.6 FONDSE EN BATES 39

A.16 PREDIKANTESAKE 77
A.16.3 Predikantesake 77

A.19 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS 80

B. BESKRYWINGSPUNTE (Aanvullend) 97

A.1 AGENDAPROJEKSPAN/ONTWERPSPAN

1. TYDELIKE TAAKSPANNE

(Vgl A.1 bl 13 pt 12.2)

Die volgende tydelike taakspanne word aangewys vir hierdie vergadering van die Algemene Sinode:

1.1 REGTE

1.1.1 Personeel bestaan uit die lede van die vorige permanente steunspan ter vergadering.
1.1.2 Dr Johann Ernst is die sameroeper.

1.2 FONDSE EN BATES

1.2.1 Die personeel bestaan uit die lede van die vorige permanente steunspan ter vergadering.
1.2.2 Ds Johan Brink is die sameroeper.

1.3 LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE

1.3.1 Die personeel bestaan uit die lede van die vorige permanente taakspan ter vergadering.
1.3.2 Ds Heerden van Niekerk is die sameroeper.
1.3.3 Mdo op die hantering van die beskrywingspunte oor *selfdegeslagverhoudings* en verwante sake kom die lede van die Moderamen se Taakspan by.

1.4 KERKHERENIGING EN ARTIKEL 1

1.4.1 Personeel: Moderatuur plus di Norma Rossouw, Frikkie vd Merwe en Nelis van Rensburg.
1.4.2 Ds Frikkie van der Merwe is die sameroeper.

1.5 TEOLOGIESE OPLEIDING

1.5.1 Die personeel betaan uit die voorsitters en skribas van die onderskeie kuratoria ter vergadering, dr Willie van der Merwe namens die Hugenote Kollege en vereenwoordigers van die NG Kerk-dosenterade.
1.5.2 Prof Nelus Niemandt is die sameroeper.

1.6 PREDIKANTESAKE

1.6.1 Die personeel bestaan uit ’n afgevaardigde verteenwoordiger uit elke sinode soos deur sinodes aangewys asook die bestuurder van die ASP dr Dewyk Ungerer.
1.6.2 Dr Dewyk Ungerer is die sameroeper.

1.7 GEMEENTESAKE

1.7.1 Die personeel bestaan uit ’n afgevaardigde verteenwoordiger uit elke sinode soos deur sinodes aangewys.
1.7.2 Ds Freddie Schoeman is die sameroeper.

1.8 JEUG

1.8.1 Die personeel bestaan uit ’n afgevaardigde verteenwoordiger uit elke sinode soos deur sinodes aangewys.
1.8.2 Dr Braam Hanekom is die sameroeper.

1.9 ANDER

Sal deur die loop van die vergadering aangewys word soos nodig.

1.10 TAAKSPAN VIR TAAKSPANNE

1.10.1 Personeel: die skribas van die 10 sinodes (of iemand deur die sinode genomineer in sy/haar plek).
1.10.2 Sameroeper: dr Kobus Gerber

2. VERTEENWOORDIGERS VAN NG DOSENTERADE BY TEOLOGIESE FAKULTEITE

Die volgende persone woon die vergadering van die Algemene Sinode by: Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosh: dr Nadia Marais; Fakulteit Teologie, Universiteit Pretoria: prof Dirk Human; Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat: prof Fanie Snyman.

3. AANBEVELING: ONTWERPSPAN – AANVULLEND

Die Algemene Sinode keur die aanvullende reëlings van die Agendaprojekspan/ Ontwerpspan goed.

A.3 ARTIKEL 1

1. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Ter wille van die volledige verstaan van die konteks van die verslag word die volledige besluite van die Algemene Sinodes van 2011 en 2013 hier weergegee:

1.1 ALGEMENE SINODE 2011

1.1.1 Besluit

Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hieroor in werking te stel.

1.1.2 Uitvoering van besluit 2011 en verslag aan Algemene Sinode 2013

1.1.2.1 Die Moderamen het na 2011 se Sinode 'n taakspan aangewys wat hom met 'n projekplan bedien het ten einde aan die opdrag aandag te gee. Die werkwyse waarop besluit was, was gesprekke by sinodes se vergaderings aan die hand van riglyne wat verskaf is, leiding tov onderskeidende gesprekke in en met gemeentes waar die waardes van die Seisoen van Luister 'n groot rol gespeel het, die ontwikkeling van 'n "toolkit" wat allerlei materiaal (selfs kortfilms!) bevat het, die ontwikkeling van die webblad www.belydenisvanbelhar.co.za waarop alle materiaal beskikbaar was, asook aandag aan die kerkordelike prosesse wat die hele saak raak.

1.1.2.2 Tov die kerkordelike prosesse is aan die Algemene Sinode 2013 rapporteer:

4.1 Die Moderamen het erns gemaak met die feit, en die kommer, oor die regte kerkordelike prosesse tov die insluiting van die Belhar in die belydenisgrondslag/ die wysiging van die belydenisgrondslag.
4.2 Opdrag is aan die ATR gegee om 'n eenvoudige en duidelike kerkregtelike prosedure/ proses te voorsien. Onder leiding van die Aktuarius, dr Johann Ernst, is die dokument *Uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 om die Belydenis van Belhar deel te maak van die NG Kerk se belydenisgrondslag* opgestel en as advies aan die kerkverband deurgegee (vgl Belhar 1).
4.3 Die ATR is ook versoek om 'n regsopinie te kry oor die hantering van die hele saak.
4.4 Belydeniswysiging moet itv Art 44 van die Kerkorde hanteer word. Die ATR het die Aktuarius opdrag gegee om seker te maak dat die besluite van die Algemene Sinode hieroor in orde is. Die Moderamen het die aangehegte advies (vgl Belhar 2) hanteer en goedgekeur mdo op hiérdie vergadering van die Algemene Sinode. Beide die Sinode van die Vrystaat en die Noordelike Sinode het laat weet dat die betrokke wysiging met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur is.

1.1.2.3 Ten opsigte van Belhar as deel van die belydenisgrondslag is soos volg aan die Algemene Sinode 2013 rapporteer:

5.1 Die advies van die Moderamen aan die Algemene Sinode is dat die vraag aan die kerkverband oor die Belydenis van Belhar net kan geskied as 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde.
5.2 'n Taakspan van die Moderamen bestaande uit dr Kobus Gerber, ds Nelis Janse van Rensburg, ds Godfrey Betha, dr Leepo Modise, dr Mary Anne Plaatjies van Huffel, prof Piet Strauss, dr Johann Ernst, dr Quintus Heine en dr Chris van Wyk (sameroeper) het aan 'n konsep vir 'n nuwe Artikel 1 gewerk. Die VGKSA was deel van die taakspan. Dit is belangrik dat die Algemene Sinode sal kennis neem dat al die lede van die taakspan konsensus met mekaar gehad het oor die voorstel aan die Moderamen en die Algemene Sinode – die taakspan het alle standpunte en sentimente inkorporeer.
5.3 Nadat die Moderamen die voorstel van die Taakspan hanteer en goedgekeur het, is dit ook vir kommentaar na al tien sinodes se moderamens/ diensrade/ sinodale kommissies gestuur. Die Dagbestuur het dit hanteer en geoordeel dat die Moderamen se voorstel met enkele redaksionele wysigings aan die Algemene Sinode voorgelê word.
5.4 Die Aktuarius is deur die Dagbestuur getaak om vir duidelikheidshalwe 'n kommentaar op die voorgestelde Art 1 te skryf (vgl Belhar 3).

1.2 ALGEMENE SINODE 2013

1.2.1 Besluit

1 Die Algemene Sinode bekragtig die advies van die ATR tov die uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar.
2 Die Algemene Sinode keur die wysiging van Art 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 asook al tien die sinodes goedgekeur, sonder verdere verwysing finaal goed (met 'n tweederdemeerderheid).
3 Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art 44 van die Kerkorde – goedgekeur met tweederdemeerderheid:

Kerkorde Artikel 1
1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in
2.1.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en
2.1.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.
4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.
5 Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.
6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem.

1.2.2 Uitvoering van besluit 2013 en verslag aan Algemene Sinode 2015
1.2.2.1 Die Moderamen het by sy eerste vergadering 'n Projekspan aangewys om die opdrag met verslag aan die Moderamen te bestuur. Die Projekspan het bestaan uit drr Chris van Wyk (voorsitter), Johann Ernst (skriba), di Jan Lubbe, Frikkie van der Merwe, proff Nelus Niemandt, Johan van der Merwe, di Immanuel van Tonder, Nico van Rensburg, drr Kobus Gerber, Jan Woest, André Bartlett, di Monty Sahd en Bootje Booysen.
1.2.2.2 Die Projekspan het aandag gegee aan en met mekaar ooreengekom oor:
*1 Die tegniese fasette van die verdere proses (stemproses, ens)
*2 Kommunikasie na sinodes en gemeentes
*3 Tydsraamwerk
*4 Beskikbaarheid van inligting vir gebruik deur die kerkverband
*5 Beskikbaarheid van die Projekspan om die kerkverband te adviseer en by te staan.
1.2.2.3 Die amptelike kommunikasie van die Moderamen aan die kerkverband word *vir volledigheid en die rekord* by hierdie verslag aangeheg as **ARTIKEL 1 BYLAAG 1** met bylaes 1 tot 4.
1.2.2.4 Die Moderamen het op aanbeveling van die Projekspan ook besluit om 'n spesiale uitgawe van die Kerkbode aan die Artikel 1-proses te wy. 51 000 kopieë kon in die kerkverband versprei word.
1.2.2.5 Die Moderamen het by elke vergadering terugvoering ontvang oor die verloop van die proses in die sinodes. Verteenwoordigers van die Moderatuur kon ook alle sinodesittings bywoon.
1.2.2.6 Sinodes het baie energie, hulpbronne en tyd investeer om die proses so goed as moontlik te laat verloop. Dieselfde kan van gemeentes gesê word.

2. UITSLAG VAN DIE KERKVERBAND SE STEMPROSES

2.1 SINODES

2.1 1 Die uitslag was soos volg:

Sinode	Datum	Getal vir Art 1	Getal teen Art 1	2/3?
Wes- en Suid-Kaapland	6 Mei 2015	401 (73,3%)	144 (26,3%)	Ja
Oos-Kaapland	26 Nov 2014	156 (70%)	65 (30%)	Ja
Noord-Kaapland	9 Mrt 2015	57 (33,9%)	111 (66,1%)	Nee
KwaZulu-Natal	26 Aug 2015	64 (52%)	58 (48%)	Nee
Vrystaat	17 Mrt 2015	109 (32%)	240 (68%)	Nee
Wes-Transvaal	7 Mei 2015	116 (42,6%)	155 (57,4%)	Nee
Noordelike Sinode	19 Jun 2015	142 (49%)	150 (51%)	Nee
Hoëveld	18 Apr 2015	138 (50,9%)	133 (49,1%)	Nee
Oostelike Sinode	21 Okt 2015	169 (73,2%)	62 (26,8%)	Ja
Namibië	21 Feb 2015	57 (58%)	40 (42%)	Nee
Totaal		1409 (54,9%)	1158 (45,1%)	Nee

2.1.2 Slegs drie van die tien sinodes kon ’n tweederdemeerderheid verkry en gevolglik kon die voorgestelde Artikel 1 in terme van Artikel 44 van die Kerkorde nie goedgekeur word nie.
2.1.3 *Dit is belangrik om op te merk dat die meerderheid van die totale getal afgevaardigdes by die tien sinodes ten gunste van Artikel 1 was (54,9%) asook dat 6 van die 10 sinodes met ’n meerderheid ten gunste van Artikel 1 was. Ons sal dié feit baie duidelik moet kommunikeer: die meeste sinodes was positief tov ruimte vir Belhar.*

2.2 GEMEENTES

2.2.1 Uitslag
Die uitslag van gemeentes is aan die hand van gegewens wat die Moderamen van die onderskeie ringe gevra het. Die gegewens is afgebreek in die kategorieë waarmee in Kerkspieël gewerk word. Die uitslag word weergegee in **ARTIKEL 1 BYLAAG 2** asook in **ARTIKEL 1 BYLAAG 3.**

2.2.2 Waarnemings
2.2.2.1 Opmerkings oor die deelname van gemeentes volgens geografiese streke
*1 Dit is belangrik dat die onderskeie sinodes na die data kyk: hulle sal dit in konteks kan plaas.
*2 In watter mate ons geldige afleidings vir die kerk as geheel hieruit kan maak, sal oor gepraat moet word.

2.2.2.2 Opmerkings oor die deelname van gemeentes
*1 Al die gemeentes uit die sinodale gebied van Wes-Transvaal en die Oostelike Sinode neem aan die proses deel.
*2 In die geval van Noord-Kaapland neem minder as tweederdes van die gemeentes deel.
*3 In die geheel gesien neem meer as 90% van die gemeentes in die NG Kerk aan die proses deel.

2.2.2.3 Opmerkings oor kerkrade se aanbevelings en besluite
*1 Die meerderheid kerkrade (58%) maak aanvanklik die aanbeveling aan die gemeente dat Artikel 1 nie aanvaar moet word nie. Wes-Transvaal en Namibië se kerkrade maak geen aanbeveling aan gemeentes nie.
*2 Oor die finale besluit van die kerkraad:
*2.1 Ten gunste van Artikel 1: die meeste kerkrade in Wes- en Suid-Kaapland, dan Oostelike Sinode en derdens Namibië
*2.2 Teen Artikel 1: die meeste kerkrade in Noord-Kaapland, dan Noordelike Sinode en derdens die Vrystaat.
*2.3 *Meer as tweederdes (67.5%) van die kerkrade in die NG Kerk stem uiteindelik teen Artikel 1.*
*2.4 Aanvanklik is 41.6% van die kerkrade ten gunste van Artikel 1: die finale besluit daal tot 32.5%

2.2.2.4 Opmerkings oor die stemming in die gemeentes (tov tweederdemeerderheid)
*1 Die meeste gemeentes in Oos-Kaapland stem met ’n tweederdemeerderheid ten gunste van Artikel 1, daarna Wes- en Suid-Kaapland en derdens die Oostelike Sinode.
*2 Die meeste gemeentes in Noord-Kaapland, dan die Vrystaat en derdens die Noordelike Sinode is teen Artikel 1 gekant.
*3 Slegs ’n derde van die gemeentes in die NG Kerk bereik die nodige tweederdes om Artikel 1 goed te keur.
*4 Dit is belangrik om te meld dat in 440 gemeentes 50% of meer van die lidmate wat gestem het ten gunste van Artikel 1 gestem het.

2.2.2.5 Opmerkings oor stemwyse
Die meeste gemeentes het van ’n stembus gebruik gemaak in die prosedure wat gevolg word.

2.3 LIDMATE

2.3.1 Uitslag
Die uitslag is aangeheg as **ARTIKEL 1 BYLAAG 4.**

2.3.2 Waarnemings
2.3.2.1 Lidmate ten gunste van Artikel 1
*1 Die aantal (N) ten gunste van: meeste Wes- en Suid-Kaapland, tweede Vrystaat en derde Noordelike Sinode.
*2 As ’n persentasie van die aantal belydende lidmate: Namibië meeste, tweede Wes- en Suid-Kaapland en derde KwaZulu-Natal.

2.3.2.2 Lidmate teen Artikel 1
*1 Die aantal (N) teen: meeste van die Vrystaat, tweede Wes- en Suid-Kaapland en derde Wes-Transvaal.
*2 As ’n persentasie van die aantal belydende lidmate: Vrystaat eerste, Noord-Kaapland tweede en KwaZulu-Natal derde.
2.3.2.3 Die NG Kerk-lidmate in geheel
*1 Die aantal belydende lidmate wat deelneem aan die stem proses is 17.2% van die totale belydende lidmaattal van die NG Kerk – dit is minder as ’n vyfde van die belydende lidmate van die kerk.
*2 As ’n persentasie van die lidmaattal neem die meeste lidmate in die Vrystaat deel, dan KwaZulu-Natal en derdens Namibië.
*3 7% van die belydende lidmaattal is ten gunste van Artikel 1 en 10% is daarteen gekant.

3. REFLEKSIE VAN DIE TIEN SINODES OP DIE PROSES

Die tien sinodes se verteenwoordigers/moderators op die Moderamen is gevra om die Moderamen met ’n refleksie op die Artikel 1-proses te bedien. Van hulle is gevra: *“Met die oog op ons gesprek by die ASM en ons verslag aan die Algemene Sinode sal dit baie goed wees indien elkeen van julle op die onderstaande vrae sal reageer. Julle kan/sal dit uiteraard in oorleg met julle eie strukture doen. Ons kan nie nou ’n omvattende dieptenavorsing doen nie, maar sinodes se leierskappe het ’n baie goeie idee en aanvoeling wat by julle aangaan.”*

Hieronder volg ’n gekompileerde weergawe van die reaksies wat algemeen voorgekom het. Waar nodig sal spesifiek na ’n sinode of uitsonderlike reaksie verwys word.

Die volgende vrae is gevra:

3.1 HOE EVALUEER JULLE DIE PROSES (A) SOOS DEUR DIE ALGEMENE SINODE EN MODERAMEN HANTEER, EN (B) SOOS DIT IN JULLE SINODE AFGESPEEL HET?

3.1.1 Algemene Sinode en Moderamen
3.1.1.1 Proses in die algemeen
*1 Dit was ’n tipiese modernistiese proses wat ’n bepaalde uitkoms voorsien en probeer bestuur het. Hoe goed ook al bestuur – en die kerkleiding het hulle beste gegee – sou dit vasloop in die skeptisisme wat vervleg lê in die wese van die postmoderne mens.
*2 Oor die proses in die algemeen was die kompromiebesluit in die oomblik van die vergadering van die Algemene Sinode korrek, maar dit het die proses onnodig gekompliseer. Daar is mense wat van mening is dat ons nie eerlik is ten opsigte van dit wat ons doen nie. Die proses was oop vir kritiek wat bedoel is om verdeeltheid te saai.
*3 Die feit dat gemeentes nie gelyktydig gestem het nie, het veroorsaak dat baie stemuitslae al beskikbaar was terwyl die stemproses op ander plekke nog aan die gang was. Dit het stemming in bepaalde kringe beïnvloed.
*4 Die proses het ook spanning geskep omdat dit lomp en te kompleks was – kerkraad, gemeente en weer kerkraad. Veral die gemeentelike stemproses was omslagtig en frustrerend.
*5 Die proses was tegnies korrek, en het dus aan lidmate ’n regverdige geleentheid gegee om hulle stem te laat hoor. Ten spyte hiervan het die proses nie goed afgegaan nie (vgl die totale evaluering vir ’n volledige prentjie).
*6 Die bewoording op die stembriewe was uiters verwarrend.
*7 Die groot hoeveelheid inligting op die Algemene Sinode se webblad oor belydenisskrifte was goed. Lidmate het egter nie genoegsaam daarvan gebruik gemaak nie. Moeite is gedoen met literatuur en ’n webblad. Daar word daarop gewys dat hierdie inligting byna geen verwysing na “ruimte skep” bevat nie, maar slegs op die Belydenis van Belhar konsentreer.
*8 Die Algemene Sinode het die verskillende standpunte so goed dit kon hanteer en by ’n goeie voorstel uitgekom. Daar is weldeeglik na mekaar geluister en, in die hantering en voorstel, openheid vir mekaar gedemonstreer. Die “sagte benadering” was goed.
*9 Daar is ook ’n kant wat sê die proses is baie duidelik van die Moderamen af via die taakspan in ’n bepaalde rigting gedryf. Die doel was om Artikel 1 te wysig. Kommunikasie in die verband het dit duidelik getoon. Lidmate het dit ook so beleef. Alhoewel die Moderamen verantwoordelik was vir die uitvoering van die besluite van die Algemene Sinode, was die doel van Artikel 1 om ruimte te skep vir mekaar.
*10 Die administrasie van die stemproses en alles wat daarmee gepaard gegaan het, was goed. Almal het hulle uiterste bes gedoen om die proses administratief te laat vlot. Die kommunikasie was goed en helder (of so helder as wat dit kon wees met ’n verwarrende sisteem).

*11 In die kommunikasie het die klem egter nie genoeg op die doel en betekenis van Artikel 1 geval nie. Die spesiale Kerkbode is ’n voorbeeld hiervan.
*12 Die tydsberekening ten opsigte van die proses was nie noodwendig oral goed nie. Die laaste oorvol kwartaal van 2014 was bv nie die beste tyd om gemeentes se stemprosesse te laat geskied nie.
*13 Die Algemene Moderamen het nie goed genoeg gereageer op vrae en kritiek in die media nie. Daar moes veel meer direkte kommunikasie met lidmate en ampsdraers gewees het. Die algemene wantroue in kerkleierskap het sake bemoeilik asook standpunte/uitsprake deur kerkleiers voor, tydens en na die proses. Anders gestel: Die hele poging is deur verskeie uitsprake in die media, ensovoorts gekelder met verwysings na die “Proses oor Belhar”, “Die NGK stem oor Belhar”, “Indien die Belharbelydenis aanvaar sou word”, ens. Dit het lidmate verwar en hulle het dit bloot met hulle stemme gewys.
*14 Alhoewel die Algemene Sinode en Moderamen hulle bes probeer het om die proses goed bekend te stel en te probeer reël, het lidmate egter gevoel dat hulle propaganda gemaak het vir ’n ja-stem en dat hulle nie die lidmate en kerkrade self vertrou het om met onderskeiding ’n besluit te neem nie.
*15 Sommige dominees se ervaring was dat die proses nog meer verwydering tussen die ASM en die gemeentes kom bring het.
*16 By ’n groot aantal leraars was dit lank reeds ’n uitgemaakte saak dat die opname van Belhar in die kerk se belydenisgrondslag (hoe die voorgestelde Artikel 1-wysiging ook al bewoord sou word) ’n ramp vir hulle gemeente tot gevolg sou hê. Dit is veral dié wat in marginale gemeentes dien, en vir wie eie oorlewing – finansieel, maar ook emosioneel – die hoogste prioriteit is.
*17 Die indruk is ook dat verreweg die meerderheid kerkraadslede hierdie proses besonder oningelig betree het. Hier was die heersende emosies – in ooreenstemming met die goedgedokumenteerde reaksie van ’n groot aantal witmense op ’n verskeidenheid kwellinge in ons land – deurslaggewend. Kru gestel: “Ons gaan nie ook ons kerk prysgee nie” is die (oor)heersende narratief.
*18 Ten spyte daarvan dat allerweë probeer is om die kerkherenigingsproses en Artikel 1 los van mekaar te sien, is daar talle wat dit onafwendbaar as een saak gesien het.
*19 Dit is hartseer om te sê dat ’n proses waarin soveel energie gesit is, nou in retrospek gesien, 'n verkeerde proses was. Die gevoel is algemeen hier dat dit die geur van demokrasie adem in plaas van teokrasie. Mense in ons tyd en omstandighede is onmiddelik skepties en weerstandig om vooraf-geformuleerde besluite te onderskryf. Die beskuldiging dat die “top-leierskap” met manupilasie besig is, is algemeen gebesig.

3.1.1.2 <u>Die kerkordelike reëlings</u>
*1 Die begeleiding van die Algemene Sinode aan sinodes was nie heeltemal toereikend nie. Daar was bv vrae of kerkrade dieselfde moet stem as wat die uitslag aandui van die gemeentestemming. Die positiewe antwoord hierop het kerkrade vervreem van die proses aangesien dit strydig is met alle beginsels van die gereformeerde kerkreg.
*2 Die Kerkordelike voorskrifte dat *gemeentes en kerkrade oor belydenisskrifte moet stem*, is met terugskouing een van die grootste foute wat gemaak kon word. Nog nooit in die gereformeerde geskiedenis het gemeentes en kerkrade oor die aanvaarding van ’n belydenisskrif gestem nie. Die probleem is dus nie net by die proses nie, maar by die kerkordelike voorskrifte hieromtrent. Dit is jammer dat die Algemene Sinode met die aanvaarding van die betrokke artikels reeds geoordeel het dat essensiële kerkordelike beginsels in die proses genegeer moet word en toegelaat het dat kerkrade en lidmate op 'n demokratiese wyse aan die proses deelneem. Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland laat dien gevolglik by die komende Algemene Sinode ’n beskrywingspunt wat vra vir die skrapping van die tweederdemeerderheid stemming van kerkrade en gemeentes in Artikel 44 en die skrapping van Reglement 24 wat die proses reël.
*3 Die feit dat kerkrade gebonde was aan lidmate se stemming het baie frustrasie veroorsaak.
*4 Die Algemene Sinode het gehandel met die regsadvies tot ons beskikking. Die probleem bly dat sekere hofuitsprake die proses eerder dikteer het as goeie teologie. Dit bygesê, is die ASR besig om ondersoek in te stel na die regsposisie van die kerk in die lig van die *sui generis*-reël, naamlik dat die kerk ’n vereniging van eie aard is en nie ’n vrye vereniging. Dit blyk uit die uitspraak in die Ekklesia de Lange-saak dat daar wel ruimte is om die kerk te herdefinieer as ’n eie vereniging van eie aard.
*5 Daar was uit die staanspoor uitgesproke weerstand by baie leraars teen die “opsionaliteit”-benadering. Die waarneming is – en dit is deur verskeie gesprekke só bevestig – dat dit regtig ’n prinsipiële probleem vir van die kollegas geskep het. Genoemde tipe gesprekke het dan dikwels gewentel rondom die moontlikheid van ’n “beginsel-stem” (wat “nee” sou wees – “die kerk kan nie só met belydenisskrifte omgaan nie”) teenoor ’n “strategiese stem” (“ek stem ja, want dit is *op hierdie stadium* die beste opsie”).
*6 Daar was baie vrae oor die sg “demokratiese” wyse van hantering en die begronding daarvan.

3.1.2 Sinodes
3.1.2.1 <u>Wes- en Suid-Kaapland</u>

Die proses is goed deur die plaaslike sinode, administratief en bestuursmatig, hanteer. Die opsionaliteit ten opsigte van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar is nie altyd deur die leiers eenders vertolk nie. Wes- en Suid-Kaapland se skriftelike begeleiding was goed asook die inligting op die webblad. Dit is wyd afgelaai en gebruik.

3.1.2.2 Oos-Kaapland
Die proses is goed hanteer. Mense het gegaan daarvoor en dit vinnig en korrek uitgevoer. Die proses het afgeloop soos voorgeskryf.

3.1.2.3 Noord-Kaapland
Die proses is hanteer soos deur die Algemene Sinode besluit en die Moderamen uitgewerk.

3.1.2.4 KwaZulu-Natal
Die ASM het goeie riglyne uitgewerk en die KZN-Sinode het dit min of meer gevolg. Die prosesorde van wanneer die streeksinodes stem en wanneer die gemeentes stem sou dalk dieper deurdink moes wees en duideliker riglyne gegee word.

3.1.2.5 Vrystaat
Die sinode was te haastig – ons kon meer tyd spandeer het om eers leraars/kerkrade aan boord tov die proses te kry, maar het almal eintlik in ’n drukgang geplaas met talle keerdatums waarop die verskillende stappe afgehandel moes wees.

3.1.2.6 Wes-Transvaal
Wes-Transvaal het alles probeer om die inligting van die proses so deur te gee dat niemand ons kon beskuldig van partydigheid nie. Tydens ons sinodesitting het ons die proses verduidelik en as sinode besluit dat ons eers as gemeentes gaan stem en daarna by ons Buitengewone Sinode as sinode sal stem. Ons Aktuarius het baie moeite gedoen met navrae en die verduideliking van die proses, waarvoor ons baie waardering het. Dit lyk egter ook asof plaaslike leraars die inligting soms anders gebruik het om sy/haar siening te bevoordeel. Dit blyk ook te wees dat baie dit steeds gedryf het dat die stemming oor Belhar gaan en dit soms verwarring kon bring. Dit sou miskien goed kon wees as daar 2 punte in die stemming was: vir of teen Belhar en dan ook vir of teen Artikel 1. Dit sou miskien die wanpersepsie van waaroor gestem word uit die weg kon ruim. Die stemproses het vreedsaam verloop, maar die leierskap se eerlikheid oor die oop proses is bevraagteken. Oral is agterdog.

3.1.2.7 Noordelike Sinode
Die Noordelike Sinode het ’n spesiale sinode gereël om te dien as gespreks- en inligtingsgeleentheid. ’n Taakspan het die proses in die verband hanteer. Nodige dokumentasie en skyfieprogramme wat die proses verduidelik, is ook elektronies aan gemeentes gestuur en aan predikante gekommunikeer. Inligtingsessies is ook met ringe gereël en daar is met individuele gemeentes in gesprek getree waar daar onsekerheid oor die proses was. ’n Besluit is geneem om die proses eers in gemeentes te laat plaasvind alvorens die Sinode sou stem. Die fokus van die proses was die ruimteskeppende doel van Artikel 1.

3.1.2.8 Hoëveld
*1 Daar is gemak oor die manier waarop die Sinode die proses hanteer het.
*2 Daar was verwarring omdat dit so ’n tegniese proses was. Sommige kerkraadslede het gedink dat hulle klaar by die kerkraad se stemming gestem het en het nie weer tydens die algemene stem saam met die gemeente kon stem nie.
*3 Dit sou beter gewees het as die sinodes eers gestem het en toe vir die gemeentes gevra het om hulle besluit te toets.

3.1.2.9 Oostelike Sinode
*1 In die Oostelike Sinode is moeite gedoen deur inligtingsessies met ringsdiensrade te reël. Dokumentasie wat die proses verduidelik, is ook elektronies aan gemeentes gestuur en aan predikante gekommunikeer. Dit het stembriewe, PPT-skyfies, en selfs ’n preek oor belydenisvormimg bevat.
*2 Die Sinodale Diensraad het besluit dat die stemming eers op gemeentevlak moet plaasvind voordat die Sinode ’n besluit oof Artikel 1 neem. Dit is gedoen sodat gemeentes dit nie beleef dat hulle beïnvloed word nie.
*3 Uit die gemeentes het 35 ja en 50 nee gestem vir die wysiging. Die Sinode het met 73,16% ten gunste van die wysiging gestem. Die verskil lê daarin dat by die Sinode baie duidelik gesê is *dat dit oor die skepping van ruimte vir mekaar gaan en nie oor die Belharbelydenis nie*.

3.1.2.10 Namibië

Alhoewel die proses baie aandag gekry het voor die spesiale sinodesitting was daar diegene wat gevoel het ons moes nog meer tyd vir besinning gegee het voor die sitting; ander weer het die teenoorgestelde opinie gehuldig en gevoel ons mors net onnodig tyd en energie: “kry dit agter die rug”. Die moderatuur het dieselfde kritiek gekry, naamlik dat ons net agente is om ’n gemanipuleerde saak te dryf na ’n voorafbeplande uitkoms. Die leierskap is tans steeds besig om verhoudings te bestuur (vooroordeel, misverstande, wantroue, ens) wat skade gekry het deur die proses. Dit is wel net by ’n handjievol wat dit voorkom (en wat ’n lang aanloop het), maar verdien toegespitste aandag.

3.2 WAT MEEN JULLE IS DIE REDES VIR DIE LAE STEMPERSENTASIE?

***1** Postmoderne mense se lojaliteit word bepaal deur die betekenis wat verhoudinge vir hulle inhou. Deelname is nie meer noodwendig nie, en lidmate het geen verhouding van betekenis met die Belydenis van Belhar nie. Eintlik het lidmate vir ons gesê dat hulle meen ons mors hulle tyd.

***2** Die manier waarop baie lidmate omgaan met die Skrif vra nie vir onafhanklike en selfstandige belydenisskrifte nie. Enigiets wat ruik na “dogmatiese voorskrifte” vind net nie aanklank nie. Daarom het die meeste stemme gekom van “konserwatiewe” lidmate in die ouderdomsgroep bo 55.

***3** Die kerk is belydenisvorming-onfiks. Ook was dit ’n eerste keer dat gemeentes en kerkrade in hierdie (of enige gelyksoortige) proses betrek is. Dit was onbekend en ongewoon. Lidmate verstaan nie die belangrikheid van belydenisskrifte en die proses van belydenisvorming nie.

***4** Mense gee eenvoudig nie om nie. Sake soos kerkordes en selfs belydenisskrifte is gewoon nie op mense se radar van belangrike sake nie. Die voorstel én proses getuig van ’n manier van kerkwees wat moontlik hier en daar nog bestaan, maar mense het grotendeels aanbeweeg. En juis hierdie manier van hanteer, laat dit klink asof die proses gepolitiseer is. Dit kom oor soos ’n gesprek oor die aantal engele op die punt van ’n naald. Daar is ’n ongeërgdheid teenoor enigiets wat die kerkverband doen. In enkele gevalle kan dit wees dat leraars/kerkrade ongeërg was/is en dat dit so deurgewerk het na die lidmate. Ons het ook gehoor dat veral jongmense nie gaan stem het nie omdat hulle eenvoudig redeneer “whatever” (in hulle taal).

***5** Baie lidmate glo die kerk is 20 jaar te laat met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Hulle is ook al moeg vir ’n saak wat dekades lank sloer.

***6** Energie was baie laag om weer tyd en moeite aan Belhar af te staan (ongeag die feit dat hierdie proses oor Kerkorde Artikel 1 gegaan het, was die algemene persepsie en gevoel dat dit eintlik oor Belhar gegaan het). Dit het ’n groot rol gespeel.

***7** Mense voel eenheid moet net gebeur. Of dan nou op grondvlak. Getuig dit van onkunde? Dalk. Maar dit verklaar ook die lae stempersentasie.

***8** Baie mense stel nie meer in belydenisskrifte belang nie. Hulle oordeel dat dit net die teoloë is wat nog daaroor wil nadink en debatteer. Belydenisvorming is dus nie hoog op op die prioriteitslys van lidmate nie. Dit wat daagliks in hulle lewens gebeur en wat in gemeentes se fokusse voorop staan, is beslis nie belydenisvorming nie. Gemeente- (en gemeenskaps-)aangeleenthede het die lidmate se entoesiasme en nie goed van die Algemene Sinode nie. Onder jonger mense is daar glad nie ’n drang tot die korrekte formulering van wat ons glo nie. Daarom is 'n gesprek en stemming oor 'n belydenisskrif nie ’n prioriteit nie.

***9** Om te stem as lidmaat, is ’n vreemde praktyk.

***10** Leraars is dikwels verkwalik as hulle standpunt inneem oor die aangeleentheid. Die gebrek aan duidelike standpuntinname van leiers het egter talle ander lidmate apaties gemaak. Lidmate is in die proses nie bemagtig om ’n ingeligte keuse oor komplekse teologiese en belydeniskwessies te maak nie.

***11** Die feit dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar in die voorgestelde Artikel 1 as opsioneel hanteer is om almal te akkommodeer wat dit wil aanvaar en nie wil aanvaar nie, het ook baie weerstand by sommige lidmate geskep. In baie gemeentes het dit gelei tot ’n nee-stem terwyl lidmate en leierskap eintlik ten gunste van die Belydenis van Belhar is. Verskillende persone het ook die opsionaliteit verskillend verduidelik.

***12** Die feit dat dit vir baie geklink het of die kerk met die aanvaarding van die voorgestelde Artikel 1 ’n *quatenus*-standpunt inneem, het sommige mense apaties gemaak.

***13** Lidmate is apaties ten opsigte van kerkpolitiek. Baie lidmate sê hulle is positief oor die inhoud van Belhar, maar verstaan nie hoekom ons dit nie net uitleef nie. Die aanvaarding van ’n dokument sal nie ’n verskil maak nie. Baie lidmate het dus baie beperkte insig in die aard en die betekenis van belydenisskrifte as sodanig.

***14** Die kerk het klaaglik misluk om oor die afgelope dertig jaar die inhoud van die Belydenis van Belhar te verkondig en te leef. Toe word lidmate skielik uit die bloute gevra om te stem.

***15** In baie gevalle het lidmate lankal die Belydenis van Belhar aanvaar. Persone wat ten gunste van hierdie verandering is, is waarskynlik minder geneig om stemwerwing te doen en hulle stemme te laat aanteken as diegene wat daarteen gekant is. In baie gemeentes het kerkrade en gemeentelede tevore al aan stemprosesse deelgeneem en die Belydenis van Belhar ten volle aanvaar.

***16** Onbetrokkenheid? Belangeloos? Die lae stempersentasie kan nie net voor die deur gelê word van nie belangstelling nie. Dit kan selfs 'n refleksie wees van die erediensbywoning by van ons gemeentes. Indien laasgenoemde refleksie korrek is, voorspel dit niks goed vir die NG Kerk nie. Met die talle gemeentes wat aandag gee aan standplaaswisseling is dit beduidend dat 'n groter aantal NG-gemeentes tans met hulle finansies sukkel as wat ons graag sal wil erken. Dit blyk dat apatie by lidmate nie net groei agv besluite van die kerk nie, maar dat dit ook besig is om 'n patroon te vorm in ons eredienste.
***17** Dit sal interessant wees om die stempersentasies in elke gemeente te vergelyk met die gemiddelde erediensbywoning. In die Vrystaat is daar vermoedelik gemiddeld slegs 1/3 lidmate in eredienste, en dan is die net minder as 30% wat aan die stemming deelgeneem het, nogal 'n redelike persentasie van die "aktiewe lidmate". Die stempersentasie is dus nie so laag nie (vgl in die verband ook by pt 6).
***18** Die meeste lidmate stel nie belang in dit wat hulle as "die kerk se politiekery" beskryf nie. Ons mense se kerkbegrip, soos dit oor jare heen gevorm is, word nie binne enkele jare gewysig nie. Anders gesê: Dit is dit dalk maar die ou stryd tussen *evangelicals* en *ecumenicals*. Met die Suid-Afrikaanse politieke situasie wat sake verder kompliseer. En veral dalk hierdie post-reënboognasiefase in ons land se geskiedenis. Vir die res … maak dit gewoon geen saak wat moderators en sinodes sê nie. En kerklike stemprosesse (boonop ingewikkeld!) gaan hulle nie aan nie. Die lewe en oorlewing is moeilik genoeg. En die *mall* op 'n Sondag bied beter vermaak.
***19** NG Kerk-lidmate is vuisvoos met alles wat polities in die land aangaan en het nie energie vir kerklike gestoeiery rondom sake soos Belhar nie. Dit is ervaar as vêr verwyderd van die uitdagings waarmee gemeentes elke dag worstel. In die Noordelike Sinode, byvoorbeeld, het grondhervorming (net 12% nie onder grondeise in Limpopo), stakings in Rustenburg, Marikana en die politieke klimaat in die algemeen teen die proses gewerk.
***20** Die kontaminasie van al die swak argumente, hoe dit ookal aangespreek is, teen Belhar het steeds 'n rol gespeel.
***21** Die feit dat die meerderheid van die ander sinodes, toe deur die Noordelike Sinode gestem is, klaar teen Artikel 1 gestem het, het 'n groot rol gespeel.
***22** Lidmate en kerkrade het gewoon nie belang by besluite van die Algemene Sinode nie en het nie ingekoop in 'n proses waarin hulle geen aandeel of seggenskap gehad het nie.
***23** Vrees vir skeuring en verdeeldheid was veral op die platteland 'n deurlopende faktor.
***24** Hierdie saak leef nie regtig in die harte van ons lidmate nie en baie sien dit as die "fights" van die dominees wat nou voor hulle deur kom lê het.
***25** Miskien is die reaksie van mense deel van 'n vermydingstrategie gewees. As ons nie stem nie hoef ons nie die eise wat dit meebring tov versoening, eenheid en geregtigheid te hanteer nie.
***26** Kerkrade het in die verlede namens die gemeente leiding geneem en besluite geneem. Lidmate is nog nooit oor hul opinie gevra nie en laat dit aan die kerkraad oor. Lidmate was daarom nie ywerig om te kom stem nie.

3.3 WAT IS VOLGENS JULLE WAARNEMING/ AANVOELING DIE REDES (DIT WAT OOGLOPEND IS ASOOK DIT WAT IN OP 'N DIEPER VLAK LÊ) WAAROM GEMEENTES/ LIDMATE JA GESTEM HET?
***1** Omdat eenheid, versoening en geregtigheid volgens lidmate se oortuiging in die hart van die evangelie staan.
***2** Lidmate stem saam met die inhoud van die Belydenis van Belhar en wil dit graag akkommodeer. Die wat "ja" gestem het, het dit gedoen omdat die Belydenis vir hulle betekenis ingehou het, of na hulle mening sou bydra tot verhoudinge van betekenis. Baie lidmate het "ja" gestem omdat hul regtig glo dat die Artikel 'n oplossing sou wees vir die Belhar-debat.
***3** Lidmate dink dat dit tyd is om aan te beweeg en het ter wille van versoening "ja" gestem.
*4 Daar is lidmate wat graag in terme van die breë formulering van die voorgestelde Artikel 1 ruimte wou skep vir almal. Hierdie lidmate gun ander ruimte om van hulle te verskil. Daar is 'n skuif in mense se siening oor die belydenisskrifte: hulle wil dit nie as grensdrade sien wat uitsluit nie, maar as fokuspunte wat verenig. Maar nie almal wat "ja" gestem het, het met die veronderstelling gewerk nie.
***5** Lidmate het hoofsaaklik om twee redes *ja* gestem: hulle is positief oor die Belharbelydenis (by verre die minderheid in Oostelike Sinode) en hulle is bereid om ruimte te skep vir ander om die Belharbelydenis te aanvaar. Die ja-stem tydens die sinodesitting was hierop gegrond. Daar was baie afgevaardigdes wat *ja* gestem het vir Artikel 1, maar wat nie die Belharbelydenis as belydenisskrif steun nie. Weereens is daar egter berig dat die Oostelike Sinode *ja* gesê het vir Belhar, wat verseker nie die geval was nie. Dit het weereens verwarring en ontevredenheid in gemeentes tot gevolg gehad. Die Sinode het eie aan ons aard *ja* gesê vir die skep van ruimte en die akkomodasie van diversiteit.
***6** By baie lidmate is daar 'n dringendheid insake die eenheid met die VGK. Daarom is 'n positiewe stem vir hulle belangrik. Hulle het die implikasies van 'n "nee"-stem besef.
***7** Daar is lidmate wat glo dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar nodig is met die oog op afsluiting van die NG Kerk se verlede met apartheid en die heling van ons land. Lidmate wil die verlede

agter hulle sit, eenheid geregtigheid en versoening omhels, en saam met hulle mede-broers en -susters hulle christelike roeping in SA uitvoer. Hulle sien die temas van Belhar as wesenlik vir ons roeping in SA.
***8** Daar is lidmate wat die tye anders lees as die res. Dit sluit waarskynlik dié in met 'n soort kerkbegrip wat oor jare heen (en dalk onder die leiding van 'n gemeentepredikant) op só 'n manier gevorm/gewysig is dat hulle 'n breër kerkverband as 'n noodsaaklikheid beskou. En kerkeenheid as deurslaggewend vir die kerk se roeping in hierdie land.
***9** By 'n beduidende aantal lidmate was daar tog 'n verskuiwing weg van die aanvanklike (baie!) negatiewe ingesteldheid teenoor Belhar na 'n meer en selfs baie positiewe gevoel. Dit het veral plaasgevind daar waar leraars/kerkrade eerlik probeer het om lidmate in te lig oor die inhoud van Belhar. Ons glo daar was ook 'n beduidende aantal lidmate wat met hulle "ja" die strydbyle met die VGKSA wou begrawe in 'n soeke na kerkhereniging.
***10** Gemeentes en lidmate wat al blootstelling gehad het aan die saamwees met ander gelowiges het makliker ja gestem. Lyk asof 'n ja vir Belhar groei vanuit persoonlike kontak en verhoudinge oor grense.
***11** Die predikant van die gemeente se standpunt het dikwels 'n beduidende invloed op die lidmate se stem gehad.
***12** 'n Groep was aangegryp deur die voorgestelde Artikel 1 se ruimte vir 'n nuwe belydenisidentiteit (nuwe belydenisvorming sonder dwang). Daar leef ook die sterk oortuiging dat die Belydenis van Belhar 'n groot wins tot ons belydenisgrondslag voeg.
***13** Daar was ook diegene wat die koppeling met die herenigingsproses behou het en gehoop het dat Artikel 1 aan hierdie proses rigting sal gee. Alhoewel hulle nie self heeltemal instem met die inhoud nie, het hulle die voorgestelde Artikel 1 gesien as 'n kompromis om die impasse oor Belhar en tussen kerke te probeer oplos.
***14** Goeie, gebalanseerde inligting asook die verstaan van die behoefte aan ruimte en insluiting.
***15** In 'n stadsgemeente is die lewe geïntegreer en is die besluit gesien as iets wat lankal moes gebeur het.

3.4 WAT IS VOLGENS JULLE WAARNEMING/ AANVOELING DIE REDES (DIT WAT OOGLOPEND IS ASOOK DIT WAT IN OP 'N DIEPER VLAK LÊ) WAAROM GEMEENTES/ LIDMATE NEE GESTEM HET?

***1** Baie mense vertrou nie die leierskap van die kerk nie en voel dat die leiers nie altyd eerlik is nie. Daar is sonder twyfel 'n uitgesproke wantroue in die kerkleiding – en dit kom al sedert die aanvaarding van *Kerk en Samelewing*. Of ons dit wil weet of nie: "sinode" is 'n woord wat agterdog wek. En dit by lidmate wat betrokke is by kerklike aktiwiteite en wat eredienste bywoon. Presies wat die rol van hulle dominee(s) in dié verband is, kan die onderwerp van 'n studie wees – een wat straks nie kennis van kernfisika sal vereis nie.
***2** Die "hermeneutiek van suspisie" teen die leierskap het lidmate negatief gestem teenoor die hele proses. Iewers is geglo die leierskap probeer die kerk mislei en dat daar verborge motiewe is.
***3** 'n Intense negatiewe belewenis van kerklike kommunikasie: uitsprake deur kerkleiers soos weergegee in die media; woede oor "eensydige propaganda" (so sien talle dit) in die spesiale uitgawe van Kerkbode (dis ongelukkig ook versterk deur uitlatings deur die redakteur); uitsprake deur bv Mary Anne Plaatjies van Huffel; ens.
***4** Die gesprek van die VGKSA op die radio in die tyd van die stemming is in Wes-Transvaal negatief beleef. Lidmate het beleef dat hulle Artikel 1, Apartheid en Belhar nie los van mekaar hanteer het nie en dat daar vir hulle agendas agter die aanvaarding van 'n Artikel 1 is.
***5** As daar ruimte is vir lidmate om NIE eenheid, versoening en geregtigheid te aanvaar nie, dan skryf ons in effek die moontlikheid van onversoenbaarheid, onvergewensgesindheid en onreg in ons belydenisgrondslag in.
***6** Daar is 'n gevoel van onnodigheid by 'n groep vir 'n Belydenisskrif wat Skrifwaarhede uitspel. Die Skrif is voldoende. Die plek (die vraag na) van belydenisskrifte is net nie meer aan by lidmate nie.
***7** Lidmate het wanpersepsies van die Belydenis van Belhar. Daar is onkunde. Vir sommige lidmate is die ontstaansgeskiedenis van Belhar verdag. Belhar is politiek en die kerk moet hom met geestelike sake besig hou.
***8** Daar is steeds, onder sommiges in elk geval, beswaar teen die teologiese inhoud van Belhar en predikante met sodanige mening dra hierdie standpunte duidelik oor aan die lidmate.
***9** Daar is steeds 'n klomp emosionele bagasie tov Belhar (bv 1986-ervarings, dr Allan Boesak, ens). Die sogenaamde "agtergrond" van Belhar stuit mense steeds op 'n emosionele vlak teen die bors.
***10** Baie lidmate wil nie ruimte maak vir diversiteit nie.
***11** Baie lidmate beskou die Belydenis van Belhar as 'n hefboom van die VGK om die NG Kerk te dwing tot "oorgawe". Mense wil nie gesê word deur kerklike strukture (NG en VG) wat hulle houding en gesindheid moet wees nie, veral nie as daar dwang is nie en 'n posisie van morele hoëgrond ingeneem word nie (VG). Die VGK se aandrang op aanvaarding van Belhar skep aanstoot. Mense is bekommerd dat die kerk in die breë en gemeentes se "selfbeskikking" in die gedrang sal kom as daar hereniging is (wat dit

met Artikel 1 te doen het, is 'n misterie). Dit kan ook wees dat talle lidmate hul vrees vir ’n verenigde kerkverband op die wyse getoon het. Vir sommige lidmate was die Artikel 1-proses niks anders nie as ’n subtiele poging om kerkhereniging af te dwing.
***12** Daar is lidmate wat leef met ’n vrees dat die ja-stem ons kerk sal verander en dat dit dalk kan lei tot 'n ja-stem vir alle vorme van kerkeenheid. Kerkeenheid was in baie se agterkop met die stem van Artikel 1. Baie van ons lidmate voel hulle het alles verloor en was bang dat ’n ja-stem nog die kerk ook sal weggee.
***13** Daar was ook ’n misverstaan van Artikel 1. Indirek het dit tog gegaan oor Belhar. Die ontstaangeskiedenis daarvan speel in hierdie tyd waarin ons vandag leef met swak menseverhoudings en rasseverhoudings ’n groter rol as wat ons voor die tyd kon bepaal. Daarom was die nee-stem teen Belhar as belydenis.
***14** Daar is lidmate wat binne die huidige in ’n “comfort zone” is en bang is dat die verandering van Artikel 1 dit bedreig. Sommiges bly dit koppel aan die eenwording en duidelik is daar by diegene geen lus vir hereniging van die familie nie. Waar Belhar vroeër as ’n “stumbling block” vir kerkhereniging benut is, word die verwerping van Artikel 1 nou die, vermoedelik, keer-stuk teen hereninging. Die nee-stem was daarom vir die behoud van Afrikaans en die bestaande identiteit van die kerk.
***15** Daar is baie lidmate wat die Belydenis van Belhar volledig ondersteun en nie die kompromis-Artikel 1 wou steun nie. Hulle wil nie hê Belhar moet ’n afgewaterde belydenisskrif wees nie.
***16** Waar kerke se leierskap ’n sg “neutrale” posisie ingeneem het, is lidmate verwar en was hulle onseker. Die leiers moes hulle posisie helder en duidelik verklaar het.
***17** Daar was leiersfigure in die kerk wat die proses verdag gemaak het.
***18** Daar was op plekke mense wat reklame vir ’n nee-stem gemaak het. Daar is rede om te glo dat ’n klomp lidmate teen Artikel 1/Belhar gemobiliseer het en dat dit veral hulle stem is wat gehoor is.
***19** Toe dit bekend word dat dit nie moontlik is dat al die sinodes ’n tweederde sal behaal nie, het lidmate gewoon “nee” gaan stem.
***20** Daar is steeds NG Kerk-lidmate wat glad nie erken dat Apartheid op talle maniere die evangelie van liefde en geregtigheid en versoening in gedrang gebring het nie, en dat die NG Kerk wat dit gelegitimeer het, met die aanvaarding van Belhar finaal met daardie verlede kan breek nie.
***21** Lidmate wat nee gestem het, het dit gedoen omdat die Belydenis vir hulle steeds nie bydra tot verhoudinge van betekenis nie, maar simbool is van gebreekte verhoudinge.
***22** ’n Verkeerde identiteit as kerk – ’n gebrek aan verstaan van ons identiteit as volk van God wat dus eerstens aan Hom rekenskap moet gee; en wat beteken dat ons eerder die posisie van vreemdelinge / bannelinge het as burgers van hierdie wêreld. Hieruit spruit dan ’n misverstaan van die sentrale plek wat eenheid en liefde behoort te speel binne hierdie volk.
***23** Polities en ekonomies was dit ’n baie slegte tyd te midde van al die slegte goed wat gebeur en waarvan ons elke dag lees: eiendomsreg, korrupsie, eise, wanbestuur, gebrekkige dienslewering, misdaad, plaasaanvalle en -moorde, ens..... daar was beslis lidmate (die omvang daarvan kan seker nie bepaal word nie) wat in Artikel 1 ’n bedreiging gesien het.

3.5 HOE DINK JULLE SINODE OOR DIE PAD VORENTOE MBT DIE BELYDENIS VAN BELHAR EN DIE BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE NG KERK?

3.5.1 Wes- en Suid-Kaapland

Die Sinode het tydens sy vergadering van Mei 2015 besluit dat hy steeds oortuig is dat die Algemene Sinode die Belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk moet maak. Dit moet op so ’n wyse geskied dat die belydenis dieselfde status as die Drie Formuliere van Eenheid sal hê. Die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland het onomwonde gesê dat hy Belhar deel wil maak van sy eie belydenisgrondslag en laat dien ’n beskrywingspunt by die Algemene Sinode wat versoek dat die bestaande artikels so gewysig word dat dit vir die samestellende sinodes van die NG Kerk moontlik sal wees om verdere belydenisskrifte te aanvaar mits dit nie strydig is met die Bybel of die Drie Formuliere van Eenheid nie. Die Sinode vertrou dat die Algemene Sinode hiertoe sal instem (*kyk Agenda Algemene Sinode 2015 by B. Beskrywingspunte*).

3.5.2 Oos-Kaapland

3.5.2.1 Tussenordes wat almal wil inbind, gaan dieselfde pad as Artikel 1 loop. Ons sal totaal anders, natuurlik bewus van die risiko’s, maar ook van die heerskappy van Christus, die pad vorentoe in die hande van gemeentes moet laat om onderskeidend hulle missionale identiteit en gereformeerde belydenisgrondslag opnuut te ondek en dan van onder af evolusionêr te laat struktureer.
3.5.2.2 Die situasie is vasgeval. 'n Vars, nuwe aanpak uit ’n ander hoek is nodig. Hopelik kan die inisiatief rondom die tussenorde hierdie energie bring.
3.5.2.3 Ons behoort werklik moeite te doen om gestalte te gee aan die inhoud van die belydenis – om dit binne ringe en gemeentes meer van ’n “lewenswyse” te maak
3.5.2.4 My persoonlike mening is dat ons die gesprek eers moet verskuif na sinodes en gemeentes. ’n Moontlike oplossing is om die Belydenis van Belhar te hanteer binne die bepalinge van ’n sinode. Kom

ons stel dit konkreet: vir jare was die NG Kerk in Oos-Kaapland een van die min sinodes (selfs dalk die enigste?) wat die drie algemene belydenisskrifte opgeneem het in hul Kerkorde. Ons het Kerkordes (1999 en 2011) nagegaan van Wes- en Suid-Kaapland wat bv glad nie verwys het na die algemene belydenisskrifte nie. So ook Hoëveld Sinode in 2011. Volgens die voorgestelde Artikel 1 van 2013 sou dit die eerste keer in 'n lank tyd wees dat die algemene belydenisskrifte ingeskryf word in die Belydenisgrondslag. Tog, al het ons dit nie amptelik in die Kerkorde geskryf nie, het sinodes self die algemene belydenisskrifte ingeskryf omdat dit deur die ekumeniese kerk aanvaar word.
3.5.2.5 Ons voorstel sou wees dat Artikel 44 gewysig word om plek te maak vir 'n Artikel 44.6 wat lees: *"Die Algemene Sinode keur 'n korpus van Belydenisskrifte goed vir gebruik in mindere vergaderinge, naas die Belydenisgrondslag van Artikel 1, soos bepaal deur elke sinode met 'n tweederdemeerderheid. Die korpus van Belydenisskrifte bestaan uit die dokumente wat gebruik word in kerke met wie die Algemene Sinode in volle ekumeniese betrekkinge staan (sien Regl 22.4.7.1). Sinodes kan die korpus in hul eie konteks opneem by wyse van erkenning of onderskrywing. Die sinode bepaal die inhoud en die wyse deur middel van sy eie bepaling of reglement".*
3.5.2.6 Op die manier sou Wes-Kaap sy bepaling kon skryf wat soos volg lui:
Die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland keur die gebruik van die Belydenis van Belhar goed vir gebruik in die sinode, ringe en gemeentes. Gemeentes word die geleentheid gebied om die Belydenis van Belhar in hul eie konteks te gebruik.
3.5.2.7 Die feit dat Oos-Kaapland dit in die verlede gedoen het, maak dalk nou die deur oop vir verdere gesprekke. Ons vermoed verder dat die korpus van belydenisskrifte niks meer kan wees as die Belydenis van Belhar, en die Westminster Belydenis nie (CRNA). Ons vermoed verder dat Reglement 22.1 ook reeds 'n goeie grondslag bied om so 'n wysiging in die Kerkorde toe te laat.

3.5.3 Noord-Kaapland
Spesifiek vir die Noord-Kaapse Sinode wag daar 'n lakmoestoets: Hier waar die NGKA 'n sterk teenwoordigheid het en waar daar veel vroeër reeds uiters belowende verwikkelinge ten opsigte van sigbare kerkeenheid was, het alle struikelblokke wat dit voorheen verhoed het nou verdwyn. Die vraag vir hierdie sinode – wat hom met groot stelligheid, ook in sy jongste besluit, aan kerkeenheid verbind het – is: Sal daar nou 'n duidelike stem uit die NG Kerk in Noord-Kaapland kom dat daar sigbare tekens van eenheid met die NGKA (Phororo) opgerig moet word? Indien dit gebeur, kan die NG Kerk in Noord-Kaapland dalk na die VGKSA (Phororo) toe terugkeer met 'n nuwe woordeskat en taal – dié van eenheid.

3.5.4 KwaZulu-Natal
3.5.4.1 Een lid bewoord dit so: "Daar is die gevoel dat gemoedere nou eers moet bedaar. Intussen gaan ons voort met die bou van vriendskapsbande met ander gelowiges oor die grense heen. Die feit dat die meerderheid by ons sinode "ja" gestem het, beteken dat daar tog 'n groter openheid bestaan om nader aan mekaar te beweeg. Dit is egter wat die leierskap aanbetref. Ons sal maar versigtig vorentoe moet beweeg en ons lidmate moet saamneem."
3.5.4.2 'n Ander sê weer: "Myns insiens gaan Belhar 'n struikelblok vir sommige bly, maak nie saak wat ons probeer nie". Daar is 'n dringende gevoel van "Kom ons los nou vir Belhar, anders moet ons na 'n ander kerkgenootskap soek."
3.5.4.3 Ons moet die uitkoms van die proses honoreer. Die verband is kerkordelik gevra (nie net streeksinode vir streeksinode nie) en ons het gehoor. Kom ons luister!

3.5.5 Vrystaat
Baie moeilik, want daar is sommige wat regtig en eerlik hoop en bid dat Belhar deur die NG Kerk aanvaar kan word, maar daar is ander (volgens die uitslae van die stemmings klaarblyklik die meerderheid) wat niks verder met Belhar te doen wil hê nie. Ons wil waag om te sê ons dink daar is lidmate wat, as hulle weer so 'n proses moet deurgaan, ander weivelde gaan soek. Net so dink ons daar is lidmate wat, as dit nie in die afsienbare toekoms aanvaar gaan word nie, ook 'n ander heenkome gaan soek. Hier gaan ons groot wysheid nodig hê, want van die "ja"- en "nee"-kante het ons oral gehoor dat hulle NOOIT weer kans sien vir so 'n proses nie. Ons worstel self met vrae oor hoe belydenisskrifte hanteer moet word, want die is tog wesentlik vir die kerk én lidmate as belydende lidmate moet tog op een of ander wyse hulle instemming betuig, maar ons weet nie of 'n stemming die oplossing is nie.

3.5.6 Wes-Transvaal
3.5.6.1 Hoe ons die Belydenis van Belhar en belydenisgrondslag nou verder gaan hanteer, gaan óf 'n groter skeiding tussen die ASM en gemeentes bring, óf dit kan help dat gemeentes, dominees en sinodes weer begin vertroue plaas en verhoudings bou met die ASM.
3.5.6.2 Die lidmate het oorweldigend "nee" geantwoord en hierdie stem moet deur die Kerk gehoor word. Ons gaan baie meer verloor as Belhar nou net weer op 'n ander manier of proses deur die Algemene Sinode op die tafel van kerkrade en sinodes geplaas gaan word.

3.5.6.3 Miskien is die tyd nou meer as ooit ryp vir ’n eietydse belydenis wat nie die wolk dra van een of ander ideologie nie. ’n Belydenis ten volle gegrond op God se Woord. ’n Belydenis wat ons geloof in ’n tyd soos hierdie uitspel.
3.5.6.4 Ons Sinode het reeds in 1998 besluit wat nou weer in hierdie proses herhaal is. Ons wil nie Belhar nie al wil ons byna eenparig die *ruim-huis-beginsel* uitleef. Dié vertrekpunt en waarde moet uitgebou word.

3.5.7 Noordelike Sinode
Aan die een kant sal die saak rondom Belhar vir eers geparkeer moet word, aan die ander kant is daar ’n ongeduldigheid by diegene wat pro-Belhar is. Duidelikheid oor hoe die kerk die twee kampe sinvol gaan hanteer, moet ’n prioriteit wees.

3.5.8 Hoëveld
3.5.8.1 Ons weet nie of ons sommer weer ’n nuwe gesprek aan die gang sal kry nie. Op grondvlak hoor ons mense sê ons is nou klaar daarmee. Daar is heelwat mense wat die aandrang op Belhar negatief beleef. Ons sou graag ’n organiese proses wou gesien het waar die belydenis bekendheid en geliefdheid oor loop van jare ontwikkel het, maar ons het dit te lank (29 jaar) geïgnoreer. Meeste lidmate se onkunde oor en kennis van die bestaande belydenisskrifte maak in elk geval daarvan iets wat irrelevant geword het. Die mees geliefde en relevante is maar die Apostoliese Geloofsbelydenis. Op die pad na kerkeenheid moet ons vir nou fokus op waar ons mekaar reeds ontmoet. Die Boediste het ’n mooi sêding – DIT IS WAT DIT IS. Ons moet aanvaar waar ons nou is en dan tree vir tree vorentoe gee. Samewerking, soos reeds op die verskillende terreine van die diens van barmhartigheid, moet eerder bevorder word en die gesprekke en gesamentlike vergaderings oor die kernsake van gemeenskaplike belang behoort eerder belig te word.
3.5.8.2 As ek dink hoe lank dit met *Kerk en Samelewing* geneem het tot die besluite van vandag, moet ons aanhou probeer en veral op grondvlak meer samewerking tussen die VGK en NG Kerk se ringe bewerkstellig.

3.5.9 Oostelike Sinode
Die Belharboek in die Oostelike Sinode is toegemaak en sal nie weer oopgemaak word nie. Dit skep spanning in gemeentes en daarom is dit die onderneming wat aan gemeentes gegee is. “Ons besluit nou en dan is dit klaar”. In 2007 is ’n *meningsopname* oor die belydenis in gemeentes gedoen. Die uitkoms was dieselfde. Ons moet gewoon aanvaar dat die Belharbelydenis vir die grootste hoeveelheid lidmate in die Oostelike Sinode nooit ’n belydenisskrif sal wees nie.

3.5.10 Namibië
3.5.10.1 In Namibië leef al vir geruime tyd die gedagte om ons verhouding met die Algemene Sinode te herdefinieer. Die ideale uitkoms is ’n groter selfstandigheid wat die uniekheid van ons *sitz im leben* in Namibië beter kan uitdruk. NB: nie losmaking van bande nie. Die Artikel 1-proses het die denke en gesprekke daaroor opnuut gestimuleer.
3.5.10.2 Verder word ons wyse van georganiseerde kerkwees in hierdie tyd weer indringend bespreek. Daar sal beslis vars en nuut gedink moet word oor hoe ons kerk van die Here Jesus moet wees in die lig van die uitdagings waarvoor die kerk te staan kom en nie meer werklik die antwoorde het nie.

3.6 ENIGE ANDER OPMERKINGS WAT VAN BELANG MAG WEES?
***1** Die Kerk moet baie versigtig wees om die uitslae te probeer vertolk. Dit was geen wetenskaplike proses met ’n klinkklare uitkoms nie. Die vrae het ook nie meervoudige keuses gebied nie. Daarom is daar baie voorbeelde van mense wat ja gestem het, maar nie persoonlik die Belydenis onderskryf nie. Daar is ook diegene wat nee gestem het, maar persoonlik die Belydenis onderskryf, dermate dat hulle nie vir die voorgestelde Artikel 1 wou stem nie. Dit maak die vertolking van die uitslae baie moeilik. Die lae stempersentasie wat met die stemproses behaal is, bemoeilik verder algemeen geldende afleidings.
***2** In die Oos-Kaap, byvoorbeeld, was die stempersentasie prakties gesproke 20%. Vir hierdie soort aktiwiteit kan dit nie as laag gesien word nie. Dit is meer as die helfte van erediensgangers wat gestem het.
***3** Ds Dewald Davel raak ’n kernsaak aan as hy skryf:
My reaksie kan dalk minder spesifiek wees as wat verwag word. Tog hoop ek dat dit van waarde sal wees. Ek het so pas my proefskrif ingehandig met die vraag na die vereistes wat ’n postmoderne konteks aan kerkordes en kerkordelike prosesse stel. Daaruit is dit vir my duidelik dat enkele aanpassings nie vir ons vorentoe sal help nie. Postmoderniteit vra van ons ’n totaal ander denkraamwerk en werkswyse.

In een sin: enige proses wat probeer om met besluite vanuit ’n gesagsposisie, of dit getalle (demokrasie) of die gesag van kerklike vergaderings (sinodokrasie) is, veranderinge in die kerk te bestuur, sal noodwendig eindig in weerstand.

Lidmate en Kerkrade se persepsie is dat die prosesse deur drukgroepe, aan beide kante van die spektrum, gedryf word, en wil nie deel daarvan wees nie. Enige vorm van voorskriftelikheid of dwang word skepties bejeën.

Daar is na my mening vir die proses van belydenisformulering en ook kerkeenheid net een, tydsame weg. Leer leraars en gemeentes om eg geloofsonderskeidend te funksioneer, en die leiding van die Heilige Gees sal die alternatiewe laat oopval. Laat gemeentes toe om kerkverband te vorm met gemeentes van dieselfde belydenisgrondslag, ook vanuit die VGKSA, NGKA en RCA, sonder die benadeling van hulle eie regte, en sulke gemeentes sal ringe as prototipes vorm wat as voorbeelde van eenheid in belydenis en struktuur ander sal uitnooi en uiteindelik beweeg tot hierdie groter en hegter eenheid. Maar sodra die Algemene Sinode of enige streeksinode met konsepvoorstelle kom, hoe goed bedoel en deurdag ook al, gaan dit vasloop in die postmoderne skeptisisme. Dus, gee gemeentes ruimte vir diversiteit en eksperimentering, en verwonder jou oor die uitkomste wat hieruit gebore word.

***4** Die Taakspan Ekumene van Noord-Kaapland stel die volgende vraag: “Die “Memorandum of agreement between the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) and the Dutch Reformed Church (DRC)” stel dit duidelik dat die Belydenis van Belhar opgeneem sal word in die herenigde kerk. In die lig van die uitkoms van die stemming oor Artikel 1 se wysiging: waar laat dit ons met bogenoemde uitspraak rakende die Belydenis van Belhar?”

***5** Die Moderamen het gemeen dat dit ’n goeie proses was: dit sal geëvalueer moet word of dit wel so was. Met die wysheid van “hindsight” sal ons van ons kritiese besluite moet bevraagteken. Mynhardt van Pletzen, byvoorbeeld, toe hy gekonsulteer is oor die Artikel 1-proses, se mening was dat die punt van die spies ’n emosionele aanslag moet wees. Miskien het ons nie hierby uitgekom nie.

***6** Veel meer moes gemaak word oor die ruimteskeppende doel van Artikel 1. Waar dit verstaan is, het die proses goed verloop.

***7** Ons was dalk te tegnies en te ingewikkeld bokant die vuurmaakplek van lidmate.

***8** ’n Groot klomp predikante het ’n negatiewe rol gespeel en die proses in gemeentes gekontamineer.

***9** Die vraag is of dit die beste tyd was vir so ’n proses.

***10** Dit is jammer dat ’n proses wat kon slaag, verongeluk is deur onverantwoordelike eie menings en interpretasies. Die voorgestelde Artikel 1 het begin by ruimte maak vir mekaar, maar het geëindig met ’n “stemmery oor Belhar”.

***11** Leiers van die kerk moet uitsprake met groot omsigtigheid en wysheid maak. Die kerk verloor lidmate op bepaalde plekke as daar sommer net uitsprake gemaak word, al is dit in ’n persoonlike hoedanigheid. Lidmate sien dit as die kerk se standpunt as jy vanuit ’n verkose posisie praat. Baie van die opmerkings deur leiers in die koerante het groot skade veroorsaak en verwydering en agterdog gebring tussen die kerk op grondvlak en die Algemene Sinode.

***12** Die proses is te vinnig en te hard gedryf! Dit werk gewoon nie so in die kerk nie. Nêrens in die wêreld in die geskiedenis van die kerk het ’n proses van belydenisvorming net enkele jare geneem nie. Dit het lidmate verontrus en wantroue in die leierskap van die kerk geskep.

***13** ’n Tersaaklike waarskuwing: Pasop dat dieselfde fout nie met kerkhereniging en die homoseksualiteitdebat gemaak word nie.

***14** Ons moet hierdie vraag ook eers beantwoord: Hoe interpreteer ons die feit dat die Algemene Sinode-in-sitting met ’n groot meerderheid ’n besluit neem wat dan met ewe groot beslistheid deur die gemeentes en sinodes-in-sitting verwerp word? Hoe gebeur dit dat ’n kerklike vergadering só uit voeling kan wees met die lidmate, kerkrade en sinodes? Ons sal met hierdie vrae moet worstel sodat ons dit vorentoe beter kan doen wanneer soortgelyke prosesse beplan word.

***15** Gemeentes en kerkrade is van mening dat die tyd verby is dat die Algemene Sinode namens hulle dink en hulle ’n rubberstempel wil maak vir Algemene Sinode-besluite.

***16** Namibië is betrokke in uitgebreide gebedsaksies met die oog daarop dat ons as kerk met die komende Algemene Sinode die leiding van die Drie-enige God sal sien en volg.

4. REFLEKSIE VAN DIE ALGEMENE STEUNSPAN REGTE OOR DIE PROSES

Die Algemene Steunspan Regte het by hulle vergadering in April 2015 die volgende aangeteken met betrekking tot die proses:

1. 'n Vraag is of die dinge in die reglement in orde was. Was dit goed om 'n soort van 'n demokratiese proses van stem te regverdig?
2. Is Artikel 44 reg geïnterpreteer en toegepas?
3. Is die verandering van Artikel 1 ten opsigte van die belydenis ekumenies inkorporerend?
4. Die kwessie van die stemproses het amper neergekom op 'n klug. Wie het werklik gestem en was dit verteenwoordigend van die gemeente? Is almal wat gestem het meelewende lidmate in die gemeente wat weet wat aangaan of waaroor dit gaan?
5. Vertroue in die leraars word in twyfel getrek.
6. Die proses was omslagtig en ingewikkeld/kompleks.
7. Die feit dat die kerkraad eerste gestem het en hulle dan hulle standpunt aan die gemeente deurgegee het, het verwarring veroorsaak oor wat die gemeente mag of nie.
8. Die stempersentasie teenoor die bestaande hoeveelheid lidmate was nie werklik weergegee of verteenwoordigend nie.
9. Watter optrede kan daar wees teen die besluit indien iemand nie saamstem met die uitslag nie?
10. Kommunikasie was by baie gemeentes nie na wense nie.
11. Die konteks het heel dikwels die stem beïnvloed. Baie het bloot net saamgestem met die ander.
12. Daar is geweldige wantroue in die kerkleiers.
13. Dit lyk asof die verwagting was dat 'n volstrekte "ja" verwag is. Is die "nee"-stem nie ook die wil van God nie? Daarom dalk die groot ongelukkigheid met die proses.
14. Hoe lyk die pad vorentoe en waar laat dit die mense wat "ja" gestem het?

5. BEVINDING VAN DIE MODERAMEN

5.1 Die proses was *bona fide*: die Algemene Sinode met haar besluite, wat die goedkeuring van Reglement 24 insluit, asook die uitpak daarvan deur die Moderamen mdo op die prosesse in sinodes en gemeentes, het met die lig tot beskikking en in die beste belang van die NG Kerk gehandel.
5.2 Die proses was kompleks, uitgerek en soms frustrerend. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Algemene Sinode dat ons deur so 'n proses gaan, en ook die eerste keer dat hierdie kerk haarself moet uitspreek oor belydenisvorming/belydeniswysiging.
5.3 Die proses het op baie plekke pyn, verwydering en wantroue veroorsaak. Die Moderamen besef ook dat daar op plekke in die NG Kerk vóór die Artikel 1-proses reeds verwydering en gebrek aan kohesie bestaan het. Die Algemene Sinode kan dit nie ontwyk om aan ons gemeenskaplike probleem in die verband aandag te gee nie.
5.4 Die konteks en worsteling van baie lidmate het 'n rol gespeel in die persepsies oor en uitslag van die proses. Die emosies en belewenisse van lidmate is in die proses onderskat.
5.5 Die kerkverband het baie moeite gedoen – daaroor is daar groot dankbaarheid.
5.6 Die kerkverband het haar stem via gemeentes en sinodes laat hoor. Die vereistes vir die wysiging vir Artikel 1 is nie bereik nie. Die Moderamen is van mening dat hierdie besluit aanvaar en respekteer moet word.
5.7 Die kerkverband se lidmate is onseker oor die aard, posisie, gesag en vorming van belydenisskrifte.
5.8 Die statistiese uitslae oor die stemproses moet as bepaalde tendense beskou word en die statistiek moet nie gebruik word vir doeleindes waarvoor dit nie bedoel was nie.

6. AANBEVELINGS: ARTIKEL 1

6.1 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.
6.2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.
6.3 Die Algemene Sinode rig die volgende pastorale skrywe aan die kerkverband:

Met die skrywe van die Moderamen in Junie 2014 is die finale fase betree waar lidmate, kerkrade en sinodes hulle goedkeuring moes gee vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Die proses het oor die algemeen baie vlot verloop. Stemme is op verskillende wyses uitgebring, getel en die uitslae is voorsien aan die Moderamen wat dit op hulle beurt voorgelê het aan die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode 2015 het daarop die volgende besluite geneem: *(voeg in na besluitneming)*

Uit die terugvoering wat van die kerkrade, ringe en sinodes ontvang is, is dit duidelik dat daar inderdaad groot moeite gedoen is om die proses korrek en eerbaar te laat verloop. Ongelukkig het ons ook kennis geneem daarvan dat daar lidmate, ampsdraers en selfs hele gemeentes is wat diep seergekry het en steeds seerkry. Ons het gehoor van spanning, teleurstelling en ernstige en eerlike worsteling met vrae oor die proses, die uitslae en die moontlike gevolge daarvan vir lidmate, gemeentes, verhoudinge in die NG Kerk en die NG Kerk se verhoudinge met die ander kerke in die NG Kerkfamilie.

Ons bede is dat die Here deur sy Woord en Gees nou ná alles weer heling sal bring in die gemoedere van lidmate, ons onderlinge verhoudinge en ons kerk se verhoudinge na buite. Ons doen dan ook 'n beroep op sinodes en kerkrade om hulle met die nodige deernis en begrip te beywer vir versoening tussen lidmate deur hulle aan te moedig om in opregte liefde vir die Here, sy kerk en mekaar in respek en vertroue hande te vat sodat ons almal saam ons roeping in Suidelike Afrika kan uitleef. Met die oog daarop is die woorde van Lied 532 baie gepas:

Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.
Versterk U self die bande – gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.

Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,
Dat ons u Woord gehoorsaam – ons aan U wy.

Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam. Amen.

ARTIKEL 1 BYLAAG 1

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

4 Junie 2014

Voorsitters en skribas van die moderamens/ sinodale kommissies/ diensrade van die tien sinodes

Beste kollegas

DIE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

Hierdie korrespondensie kom na u na aanleiding van die besluite van die Algemene Sinode 2013 oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde asook die hantering van die betrokke besluite deur die Moderamen met die oog op verdere hantering deur die kerkverband.

Verder geskied hierdie korrespondensie in uitvoering van Reglement 3 pt 10.2: “Indien die Algemene Sinode beleidsbesluite neem wat opgevolg of in die praktyk uitgevoer moet word, werk die Algemene Sinode deur die samestellende sinodes.”

Die Moderamen was eenstemmig ten opsigte van die intensies wat in hierdie korrespondensie weerspieël word en versoek vriendelik dog ernstig dat dit ook in u korrespondensie aan die kerkverband in u sinodale gebied deurgegee sal word.

Aangesien die eerste sinode reeds teen die einde van Julie 2014 vergader, is dit belangrik dat u met die gemeentes in u sinodale gebied kommunikeer oor hoe u proses voorsien word. So 'n kommunikasie hoef nie nou al oor detail te gaan nie: gemeentes moet net weet hulle prosesse is aan die kom wanneer hulle in die pers verneem van prosesse in ander gebiede.

Die volgende word aan u van die kant van die Moderamen deurgegee vir u hantering en kommunikasie:

1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
1 Die Algemene Sinode bekragtig die advies van die Algemene Taakspan Regte tov die uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar.
2 Die Algemene Sinode keur die wysiging van Artikel 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 asook al tien die sinodes goedgekeur, sonder verdere verwysing finaal goed.
3 Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art 44 van die Kerkorde:

Kerkorde Artikel 1
1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so ’n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as ’n belydenisskrif onderskryf nie.

3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.
5 Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.
6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem.

2. PROSES WAT DIE MODERAMEN GEVOLG HET

2.1 Die Moderamen het 'n projekspan met verteenwoordigers uit elke sinodale gebied aangewys: Chris van Wyk (voorsitter), Johann Ernst (skriba), Jan Lubbe, Immanuel van Tonder, Nico van Rensburg, Frikkie van der Merwe, Johan van der Merwe, Monty Sahd, Jan Woest, André Bartlett, Bootje Booysen, Nelus Niemandt en Kobus Gerber.
2.2 Die projekspan het die kern van die inhoud van hierdie kommunikasie voorberei. Hulle het die Moderamen adviseer oor die tegniese aspekte van die prosesse in die kerkverband asook oor die begeleidende dokumentasie soos stembriewe.
2.3 Dit wat u sinodale gebied dus nou ontvang, het 'n deeglike proses deurloop waarin al die sinodale gebiede se verteenwoordigers 'n konstruktiewe rol gespeel het.

3. BELANGRIKE PERSPEKTIEWE OOR DIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE EN DIE PROSES IN DIE KERKVERBAND

Dit is nodig dat die eie aard van die voorstel om Artikel 1 te wysig en die agtergrond waarteen dit geneem is, deeglik gekommunikeer word. Die volgende word onder u aandag gebring:
3.1 Die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is 'n *konsensus-voorstel* van die Algemene Sinode.
3.2 Die voorstel gee uitdrukking aan die NG Kerk se standpunt oor die wyse waarop Belhar en ander *eietydse belydenisse in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem kan word* (dit verwoord die NG Kerk se konfessionele identiteit).
3.3 Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil die *vryheid aan/ruimte vir lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge* gee om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil eweneens aan lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge die vryheid/ruimte gee om nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie. Die voorstel skep dus ruimte na beide kante.
3.4 Die voorstel wil die *eenheid dien en verdeeldheid en skeuring ten alle koste voorkom*.
3.5 Die voorstel *neem die diversiteit in konteks weldeeglik in ag* (dit verskil van sinode tot sinode en ook binne sinodes).
3.6 Die voorstel wil *op geen wyse* lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar, hetsy ten gunste daarvan of daarteen, *dwing nie* (die keuse daaroor geskied na eie oortuiging en in vryheid).
3.7 Die Algemene Sinode 2013 se besluit oor 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde is die voorstel wat deur lidmate, kerkrade en sinodes goedgekeur moet word alvorens die Algemene Sinode die wysiging van die huidige Artikel 1 dienooreenkomstig kan bekragtig.
3.8 Dit is belangrik om te kommunikeer *dat die proses oor die wysiging van Art 1 van die Kerkorde gaan en nie oor die Belydenis van Belhar per se nie.*

4. DIE GOEDKEURINGSPROSES

4.1 Uitvoering van Art 44.1 en Reglement 24

Kerkvergaderinge gee tydens die goedkeuringsproses uitvoering aan:
*1 Artikel 44.1 van die Kerkorde (2013): *Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.* Die Moderamen oordeel dat die tweederdemeerderheid van kerkrade verstaan en toegepas moet word as twee derdes van alle kerkrade van die gemeentes wat in verband met die NG Kerk as geheel staan.
*2 Die Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die Voorgestelde Wysiging van Belydenis (Reglement 24 Kerkordeboek 2013). Die Reglement word aangeheg as **Bylaag 1**.

4.2 Die verloop van die proses

4.2.1 Dit is wenslik dat sinodes éérs hulle eie besluite oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 neem alvorens die kerkrade binne 'n bepaalde sinodale gebied hulle eie besluite daaroor neem. Dit sal help as sinodes, wat by die Algemene Sinode 2013 verteenwoordig was en wie se verteenwoordigers tot

die voorstel ingestem het, die gees en inhoud van die voorstel eers na die eie sinode oordra alvorens dit deur die gemeenteverteenwoordigers by die sinode na hulle eie
gemeentes uitgedra word.
4.2.2 Kerkrade is kerkordelik verplig om die voorstel aan die lidmate van die gemeente vir hulle instemming voor te lê en hulle finale kerkraadsbesluit in ooreenstemming met die uitslag daarvan te neem.
4.2.3 Die voorstel word vir goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid voorgelê en daar word slegs vir of teen die voorstel gestem.
4.2.4 Konsepstembriewe vir onderskeidelik belydende lidmate, kerkraadslede en afgevaardigdes na die sinodes is aangeheg as **Bylaag 2a, 2b en 2c**.
4.2.5 Dit is eerstens die persoon wat wil stem se verantwoordelikheid om vooraf seker te maak dat sy/haar lidmaatskap van die gemeente in orde is. Gemeentelede moet vooraf by wyse van die vier weke aankondiging van die gemeentevergadering of andersins gevra word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is.
4.2.6 Die ringe moniteer die uitvoering van die proses in die gemeentes van die ring. Minstens twee verteenwoordigers van die ring, wat nie lidmate van die gemeente is nie, woon die twee kerkraadsvergaderinge asook die gemeentevergadering/stemtelling by. Besware teen die uitvoering van die proses word deur ring of sy gevolmagtigde hanteer. Die waarnemers van die ring sertifiseer aan die einde dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (vgl **Bylaag 3**). Voltooide stembriewe word deur die ring in bewaring gehou totdat daar vanaf die Algemene Sinode via die Sinode kennisgewing ontvang is dat dit vernietig kan word.
4.2.7 Al word daar in 'n bepaalde sinodale gebied nie die vereiste tweederdemeerderheid behaal nie, gaan die proses in die ander sinodale gebiede steeds voort.

4.3 Kworumvereistes
4.3.1 Die kworum vir kerkvergaderinge (kerkraad en sinode) word in terme van die Kerkorde en sinodale bepalinge/reglemente gereël.
4.3.2 Die kworum vir 'n gemeentevergadering is die aanwesige lede, op voorwaarde dat daar op die voorgeskrewe wyse behoorlik kennis van die gemeentevergadering gegee is.
4.3.3 Wanneer die instemming van lidmate sonder 'n gemeentevergadering persoonlik van die belydende lidmate van die gemeente gekry word, is daar nie 'n kworumvereiste nie. Kworums is vir vergaderings, nie vir individuele stemmings nie. Die uitslag word bepaal deur die stembriewe te tel wat teen die keerdatum terug ontvang is.

4.4 Stemproses
4.4.1 Stemming geskied op die geslote stemwyse. Die voltooide stembrief en die persoon wat dit voltooi het, mag nie met mekaar in verband gebring word nie. Slegs die getal en persentasie ten gunste of teen die voorstel word per gemeente/kerkraad deur die ring bekend gemaak en op die voorgeskrewe vorm aan die sinodale kantoor deurgegee. Sinodes gee by ontvangs die uitslag van die stemming aan die Kantoor van die Algemene Sinode deur.
4.4.2 Sperdatums vir die stemming moet gestel word. Die Moderamen oordeel dat sinodes nie later nie as 15 Mei 2015 hulle besluit neem. Dit laat nog enkele maande vir kerkrade om hulle besluit te neem sou sinodes kies om eers self te besluit en daarna die gemeentes te laat stem. Omrede die Algemene Sinode DV weer in Oktober 2015 vergader, moet die uitslag van die gemeentelike stemming die Algemene Sinode nie later nie as 15 September 2015 bereik nie. Die sinodes of hulle gevolmagtigdes kan dus na goeddunke en met inagneming van die eie omstandighede die sinode se eie stemming en die stemming van die gemeentes in die sinodale gebied reël, op voorwaarde dat daar aan die sperdatums voldoen word. Dit beteken dat daar steeds ruimte gelaat word dat gemeentes eers besluit alvorens die sinode tot 'n besluit kom. Dokumentasie met die oog op die sinodale en gemeentelike stemming word daarom teen einde Mei 2014 aan die sinodes beskikbaar gestel.
4.4.3 Sinodes wat beplan het om hulle volgende gewone sitting eers ná die Algemene Sinode in Oktober 2015 te hou, word gevra om nie later nie as 15 Mei 2015 'n buitengewone vergadering te hou, tensy die gemeentelike stemming eers gehou word. Stem die gemeentes eers, kan daar
met die buitengewone vergadering tot die laatste 15 Augustus 2015 gewag word.
4.4.4 Die instemming van lidmate kan op elektroniese stemwyse verkry word, op voorwaarde dat die persoon wat die stembrief indien nie met die stemkeuse verbind kan word nie. Waarskynlik sal daar eers elektronies geregistreer moet word (en die persoon se lidmaatskap gekontroleer moet word), waarop 'n kode en toegang tot 'n spesiale webblad voorsien word, die stembrief daarop voltooi word en dit sonder verwysing na die persoon se naam versend word. Stembriewe kan ook elektronies by wyse van elektroniese verwerking getel word mits die uitslag later kontroleerbaar is. Dit word aan die diskresie van sinodes/kerkrade oorgelaat om hieroor te besluit.

4.4.5 Die uitslag van die stemming kan eers na die gemeentevergadering bekend gemaak word op voorwaarde dat die uitgebragte stemme in veilige bewaring gehou word en slegs oopgemaak en getel mag word in die teenwoordigheid van die ring se waarnemers. Oorweging moet geskenk word om geslote, veilige houers daarvoor te voorsien.

4.5 Geloofwaardigheid van die proses
4.5.1 Die geloofwaardigheid van die proses moet ten alle koste en te alle tye verseker word. Hiervoor sal veral die ringe, wat nie as kerkvergadering aan die stemproses deelneem nie, moet sorg.
4.5.2 Naas die ringe moet die sinodes se regs- of kerkordekommissies gevra word om met die bestuur van die proses behulpsaam te wees. Alles moontlik moet gedoen word om die nadraai van uitgerekte appèlle en regsaksies te voorkom.
4.5.3 Dit is 'n kerklike proses wat op 'n kerklike wyse moet verloop. Gesprek oor die proses en die voorgestelde nuwe Artikel 1 moet binne die Kerk gevoer word. Stemmingmakery in die openbare pers of op die sosiale media moet afgewys word. Lidmate moet vry wees om by wyse van persoonlike korrespondensie navrae te rig en selfs kommer te opper. Dit moet sonder verdagmaking, eerlik en op liefdevolle wyse geskied. Eerbare pogings om verskille uit die weg te probeer ruim, moet aangemoedig word. Die reg om te mag verskil, moet deurentyd gehandhaaf word.
4.5.4 Die beroep van die Algemene Sinode op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in ’n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem, moet deurentyd ernstig opgeneem word.

4.6 Tydsraamwerk
4.6.1 Die tydsraamwerk, soos deur die Moderamen vasgestel, is soos volg:
* 31 Maart 2014
Sinodes gee terugvoering aan die projekspan oor watter inligting en steun hulle benodig om die proses vlot te laat verloop.
* 31 Mei 2014
Dokumentasie met die oog op die sinodale en gemeentelike stemming word aan sinodes beskikbaar gestel.
* Junie 2014 tot April 2015
Kerkrade voltooi die proses in gemeentes waar sinodes besluit om eers die kerkrade se besluit te kry alvorens die sinode besluit. Terugvoer vanaf ringe na sinodes nie later nie as 14 dae nadat die stemming in al die gemeentes binne die ringsgebied afgehandel is.
* 15 Mei 2015
Keerdatum vir sinodes om besluit te neem.
* 15 Augustus 2015
Keerdatum vir kerkrade om 'n besluit te neem. Terugvoer vanaf ringe na sinodes nie later nie as 14 dae nadat die verkiesing in al die gemeentes binne die ringsgebied afgehandel is.
* 15 September 2015
Keerdatum vir sinodes om eie besluit en kerkrade se besluite aan die Kantoor van die Algemene Sinode te besorg.
* Oktober 2015
Algemene Sinode vergader.

4.7 BEWOORDING VAN DIE VOORSTEL AAN SINODES EN GEMEENTES
Die bewoording van die voorstel verskyn op die aangehegte voorbeelde van KONSEPSTEMBRIEWE (**Bylaag 2a, 2b en 2c**).

4.8 HULP TEN OPSIGTE VAN DIE PROSESSE IN U GEBIED
4.8.1 Die *lede van die Projekspan* wat met hierdie opdrag gewerk het asook die lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode is tot u beskikking met die oog op advies en fasilitering. Kontak asseblief vir drr Kobus Gerber of Chris van Wyk in die verband.
4.8.2 Daar is *oorvloedige materiaal* beskikbaar vir lees en studie. Kyk asseblief **Bylaag 4** in die verband.
4.8.3 Daar word verder beplan om 'n spesiale uitgawe van *Kerkbode* aan die saak en gepaardgaande prosesse te wy. Die moontlikheid word ondersoek om dit moontlik te maak dat elke sinodale gebied 'n unieke uitgawe in die verband sal kan uitgee op koste van die sinode. U sal binnekort meer inligting hieroor ontvang.
4.8.4 'n Baie *kort DVD* met insette van 'n wye verskeidenheid rolspelers word gereed gemaak ten einde u met kommunikasie behulpsaam te wees. Inligting hieroor kom ook binnekort.
4.8.5 'n Bondige *Vraag-en-Antwoord-blad* word ook eersdaag aan u voorsien.

4.9 ONS BID VIR U!
Die Moderamen wil u werklik verseker van ons voorbidding. Ons beself terdeë wat die proses van u sal vra. Ons dra u en die gemeentes in u gebied aan die Here op.

Baie dankie by voorbaat vir u noukeurige aandag aan bogenoemde.

Enige navraag is te enige tyd meer as welkom: alles sal in werking gestel word om dit vir u maklik te maak.

Die Here se seën word u toegebid

Vriendelike groete



Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

BYLAAG 1

REGLEMENT 24

REGLEMENT VIR DIE PROSEDURE WAT GEMEENTES VOLG BY DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN BELYDENIS

1. Die kerkraad lê sy aanbeveling oor die voorstel van die Algemene Sinode oor die wysiging van belydenis eers aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit weer op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.
2. Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:
2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier (4) agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.
2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.
2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien (14) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.
2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys.
3. Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.
4. Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.

BYLAAG 2a

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEMBRIEF VIR BELYDENDE LIDMATE
VAN DIE GEMEENTE _____ (Naam van gemeente)
SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

Die Kerkraad van die Gemeente het tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op …… besluit om die instemming van die Gemeente te verkry vir die Kerkraad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word/nie goedgekeur word nie.

VRAAG
Verleen u as belydende lidmaat van die Gemeente u instemming met die voorstel van die Kerkraad?
[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA ☐ **NEE** ☐

---------- Skeur af ----------

Voorname en Van: _____ **ID Nommer**: _____

BYLAAG 2b

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEMBRIEF VIR KERKRAADSLEDE
VAN DIE GEMEENTE _____ (Naam van gemeente)
SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so ’n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as ’n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat ’n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

VRAAG
Verleen u as Kerkraadslid van die gemeente u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

[Merk met ’n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA ☐ **NEE** ☐

---------- Skeur af ----------

Voorname en Van: _____

BYLAAG 2c

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEMBRIEF VIR AFGEVAARDIGDES NA DIE VERGADERING VAN DIE SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

VRAAG
Verleen u as afgevaardigde na die vergadering van die Sinode u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA ☐ **NEE** ☐

---------- Skeur af ----------

Voorname en Van: _____

BYLAAG 3

RINGSMONITERING

VOORGESTELDE WYSIGING: ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

GEMEENTE _____
RING VAN _____
SINODE _____

Die Ring/Ring se gevolmagtigde het die ondergetekendes in terme van die *Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die voorgestelde Wysiging van Belydenis* aangewys om die stemmingsproses in bostaande gemeente te moniteer. Die ondergetekendes bevestig hiermee aan die Sinode en die Algemene Sinode die volgende:

1. Die Kerkraad het op wettige wyse vergader en *besluit* om die instemming van die Gemeente te verkry vir die Kerkraad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word/nie goedgekeur word nie *(skrap wat nie van toepassing is nie).*
2. Die Kerkraad het die instemming vir sy *besluit* per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel/per geslote stembrief wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die Kerkraad aan elke belydende lidmaat van die Gemeente beskikbaar gestel het en waarvoor minstens veertien dae na ontvangs toegelaat is vir die inhandiging van die stembrief *(skrap wat nie van toepassing is nie).*
3. Die stemming het op ordelike en geslote wyse plaasgevind en die Ring se verteenwoordigers was teenwoordig toe die stemme getel is.
4. Die instemming van twee derdes van die lidmate wat hulle stemme uitgebring het vir die Kerkraad se voorstel is verkry/nie verkry nie *(skrap wat nie van toepassing is nie).*
5. Die Kerkraad het sy besluit met 'n tweederdemeerderheidstem gefinaliseer, naamlik: "Die Kerkraad besluit om die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* goed te keur/nie goed te keur nie" *(skrap wat nie van toepassing is nie)* (laasgenoemde is van toepassing indien 'n tweederdemeerderheid nie van die Gemeente én die Kerkraad verkry kon word nie).
6. Die finale besluit van die Kerkraad is op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê en geen besware is ontvang nie/besware wat ontvang is, is op kerkordelike wyse uit die weg geruim *(skrap wat nie van toepassing is nie).*

Handtekening: _____ _____

Volle name: _____ _____

Datum: _____ _____

BYLAAG 4

GEREEDSKAPSKIS MET MATERIAAL MDO OP DIE BELYDENIS VAN BELHAR

1. TOEGANKLIKE WEBWERF
Die webwerf www.belydenisvanbelhar.co.za bevat alle materiaal in hierdie bylaag genoem asook kortfilms en ander oudiovisuele materiaal. Dit is meer as 'n gereedskapkis: dit is 'n skatkis!

2. CD EN BOEKIES BY BYBELMEDIA BESKIKBAAR
Die "gereedskapskis" en boekies wat tydens die Algemene Sinode 2013 bekendgestel en beskikbaar gestel is, is by Bybelmedia bekikbaar. Kontak hulle gerus.

3. ENKELE BELANGRIKE ITEMS BESKIKBAAR

3.1 Die Belydenis van Belhar en die Begeleidende Brief
Die Begeleidende Brief by die Belydenis van Belhar word altyd saam met die belydenis gelees. Dit is op die CD en die webtuiste beskikbaar.

3.2 Hulpmiddels vir gesprekvoering in sinodes, kerkrade en kleingroepe
Daar is twee boekies beskikbaar wat gebruik kan word. Beide is in Afrikaans en Engels beskikbaar:
3.2.1 *Belydenis van Belhar – in gesprek met mekaar*
Die eerste boek is vir sinodes, kerkrade en gemeentes gemik op 'n grootgroep-gesprek. Dit is ook in Engels beskikbaar. Daar is ook 3 kortfilms om terselfdertyd te gebruik.
3.2.2 *Leef Belhar*
Die tweede boek is vir kleingroepe wat met ander lede van die NG Kerkfamilie vir 5 weke op reis wil gaan om saam te leer hoe om met Belhar te leef. Die boekie is ook in Engels beskikbaar as Living Belhar.

3.3 Taakspanbydraes
Belydenisvorming is iets seldsaam. So is die Belharbelydenis die eerste nuwe belydenis in die kerke van Nederlandse oorsprong sedert 1618-19 toe ons huidige drie belydenisskrifte in 'n wyer kring aanvaar is. 'n Belydenis ontstaan wanneer die kerk die waarheid opnuut moet uitwys en artikuleer. Dit doen sy dmv 'n belydenis.

Belydenisdokumente was in die geskiedenis van beslissende belang in Gereformeerde kerke se pogings om telkens weer uitdrukking te gee aan hul eie verstaan van die evangelie vir hulle spesifieke tyd en omstandighede.

Die taakspan vir die Belydenis van Belhar het verskeie bydraes ontvang om hulle te help om hieroor na te dink. Omdat dit verskillende perspektiewe verteenwoordig, plaas ons dit onveranderd ter wille van gesprekvoering.

3.3.1 *Die Belydenis van Belhar in ons stukkende wêreld*
Die Belydenis van Belhar het binne 'n stukkende Suid Afrika ontstaan uit die harte van mense wat stukkend was. Dit spreek die toestand van ons land aan in terme van eenheid, versoening en geregtigheid. Leraars, kerkrade, gemeentes, ringe en sinodes word daarom gevra om die Belydenis van Belhar ernstig te bestudeer saam met die Woord sodat die kerk saam kan praat oor wat die kerk te sê het in 'n tyd soos hierdie.

3.3.2 *Belydenisvorming en die Belydenis van Belhar*
In hierdie dokument word vanuit die hoek van die unieke aard van belydenisvorming gekyk na die groter historiese aanloop tot die Belydenis van Belhar. Die inhoud daarvan word aan die Skrif, die ander belydenisskrifte asook Kerk en Samelewing gemeet. 'n Sterk saak word uitgemaak daarvoor dat Belhar nie Bevrydingsteologie is nie, maar Gereformeerde teologie wat die sola gratia van die regverdigingsleer konsekwent wil deurdink en deurleef tot 'n etiek van barmhartigheid, spesifiek binne die konteks van die geregtigheidsvraag.

3.3.3 *Belhar as ons gesamentlike belydenis vir vandag*
Hierdie dokument brei uitvoerig uit oor die Storie van Belhar (ontstaan, inhoud en ontvangs), Belhar en die Bybel (uitleg van die inhoud van die 5 artikels), agt algemene Vrae en Antwoorde en 'n positiewe evaluering

van Belhar as ons gesamentlike belydenis vandag, nie net nodig vir nou nie, maar vir alle tye. Onreg en vyandskap, magsug en hebsug, is immers inherent deel van alle kontekste en latent aanwesig in die psige van alle volkere, nasies en lande. Hoe meer Christene hulle met hierdie belydenis as relevante kontekstuele uitdrukking van die Evangelie van Jesus Christus kan vereenselwig, soveel te meer sal daar hoop wees vir vreedsame naasbestaan – hoop vir alle mense.

3.4 Akademiese bydraes

Daar is heelwat akademiese bydraes die afgelope jare gepubliseer, weereens met verskillende perspektiewe. Dit is ook op die CD en die webtuiste geplaas ter wille van gesprekvoering. Daar altesaam meer as 70 bronne wat gebruik kan word!

Die volgende is enkele van die belangrikste:

1. **Belydenis, kerkverband en Belhar** - PJ Strauss NGTT DEEL 46 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2005
2. **The history of Belhar** - JC Adonis NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
3. **Barmen to Belhar – A contemporary confessing journey** - HR Botman NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
4. **Oor die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar** - DJ Smit 'n BLIK OP EENHEID, VERSOENING EN GEREGTIGHEID 1986 EN 2011 - Departemente Ekklesiologie en Dogmatiek, Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat 2011
5. **Historical overview of the Barmen Theological Declaration of 1934** - W Krötke NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
6. **Barmen and Belhar in conversation – a German perspective** - W Krötke NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
7. **Can justice be embodied in sexist language? A challenge to the Confession of Belhar** - C Landman NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
8. **Barmen and Belhar in conversation – a South African perspective** - DJ SMit NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
9. **Die Ou Testament en die Belydenis van Belhar (1986)** - SD Snyman NGTT DEEL 47 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2006
10. **Reconciliation and the Confession of Belhar (1986). Some challenges for the Uniting Reformed Church in Southern Africa** - NN Koopman NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
11. **On violence, the Belhar Confession and human dignity** - N Koopman NGTT Deel 49 Nommers 3 & 4 SEPTEMBER en DESEMBER 2008
12. **Was the Belhar Confession a rejection of Modern Protestant Theology? Invoking the past as a shield for the future** - RS Tshaka NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
13. **On not abandoning church theology: Dirk Smit on church and politics** - SM De Gruchy NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
14. **Eenheid in die NG Kerkfamilie: 'n kerkhistories-kerkregtelike benadering** - PJ Strauss NGTT DEEL 48 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2007
15. **Bevry om te bely en te beliggaam 'n Ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA** - LB van Rooi NGTT DEEL 48 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2007 Liberated to Confess and Embody. An Ecclesiological reflection of the church order of the URCSA.
16. **Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se herenigingsgesprek** - De Beer, JM & Van Niekerk, AS NGTT Deel 50 Nommers 1 & 2 MAART en JUNIE 2009
17. **Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde in die Kerkherenigingproses van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika -** HJ Kleynhans – Opsomming (D Th 2009)
18. **Die veranderende wêreld in die NG Kerk** - Dr Hannes Shulz
19. **DIE KONSEP-BELYDENIS VAN DIE NED. GEREF. SENDINGKERK** - W D Jonker

ARTIKEL 1 BYLAAG 2

SINODE: WES- EN SUID-KAAPLAND

Gemeentes deelgeneem: 220 Gemeentes in sinode: 227 (N=aantal)

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	41	18.6	25	11.4	25	11.3	41	18.6	25	11.4	40	18.2
Platteland	33	15.0	9	4.1	21	9.5	21	9.5	21	9.5	21	9.5
Groot dorp	45	20.5	3	1.4	33	14.9	16	7.2	33	15.0	16	7.3
Stedelik	62	28.2	2	0.9	50	22.6	14	6.3	50	22.7	14	6.4
Totaal	181	82.3	39	17.7	129	58.4	92	41.6	129	58.6	91	41.4

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	9	57	0
Platteland	5	37	0
Groot dorp	1	49	0
Stedelik	13	51	0
Totaal	28	194	0

SINODE: OOS-KAAPLAND

Gemeentes deelgeneem: 103 Gemeentes in sinode: 104

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	21	20.8	19	18.8	30	29.1	12	11.7	11	10.7	31	30.1
Platteland	4	4.0	9	8.9	10	9.7	3	2.9	1	1.0	12	11.7
Groot dorp	4	4.0	10	9.9	11	10.7	3	2.9	3	2.9	11	10.7
Stedelik	29	28.7	5	5.0	17	16.5	17	16.5	18	17.5	16	15.5
Totaal	58	57.4	43	42.6	68	66.0	35	34.0	33	32.0	70	68.0

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	21	30	1
Platteland	9	9	0
Groot dorp	10	4	0
Stedelik	18	13	0
Totaal	58	56	1

SINODE: NOORD-KAAPLAND

Gemeentes deelgeneem: 52 Gemeentes in sinode: 82

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	2	3.8	31	59.6	1	1.9	31	59.6	0	0.0	32	61.5
Platteland	2	3.8	9	17.3	0	0.0	11	21.2	2	3.8	9	17.3
Groot dorp	0	0.0	3	5.8	0	0.0	3	5.8	0	0.0	3	5.8
Stedelik	1	1.9	4	7.7	0	0.0	6	11.5	1	1.9	5	9.6
Totaal	5	9.6	47	90.4	1	1.9	51	98.1	3	5.8	49	94.2

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	25	13	0
Platteland	5	8	0
Groot dorp	2	1	0
Stedelik	4	6	1
Totaal	36	28	1

SINODE: KWAZULU-NATAL

Gemeentes deelgeneem: 43 Gemeentes in sinode: 52

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	7	16.3	10	23.3	4	7.7	13	25.0	5	9.6	12	23.1
Platteland	2	4.7	6	14.0	1	1.9	7	13.5	2	3.8	6	11.5
Groot dorp	3	7.0	8	18.6	0	0.0	12	23.1	1	1.9	11	21.2
Stedelik	4	9.3	3	7.0	7	13.5	8	15.4	7	13.5	8	15.4
Totaal	16	37.2	27	62.8	12	23.1	40	76.9	15	28.8	37	71.2

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	11	5	0
Platteland	5	3	0
Groot dorp	8	4	0
Stedelik	5	10	0
Totaal	29	22	0

SINODE: VRYSTAAT

Gemeentes deelgeneem: 148 Gemeentes in sinode: 157

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	7	4.7	37	25.0	2	1.3	44	28.8	5	3.4	39	26.4
Platteland	5	3.4	34	23.0	5	3.3	33	21.6	5	3.4	33	22.3
Groot dorp	3	2.0	15	10.1	3	2.0	15	9.8	3	2.0	15	10.1
Stedelik	15	10.1	32	21.6	9	5.9	42	27.5	14	9.5	34	23.0
Totaal	30	20.3	118	79.7	19	12.4	134	87.6	27	18.2	121	81.8

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	26	12	0
Platteland	26	8	0
Groot dorp	11	6	0
Stedelik	31	13	0
Totaal	94	39	0

SINODE: WES-TRANSVAAL

Gemeentes deelgeneem: 135 Gemeentes in sinode: 135

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	0	0.0	0	0.0	0	0.0	17	13.3	0	0.0	17	12.6
Platteland	0	0.0	0	0.0	0	0.0	19	14.8	2	1.5	18	13.3
Groot dorp	0	0.0	0	0.0	5	3.9	22	17.2	7	5.2	24	17.8
Stedelik	0	0.0	0	0.0	18	14.1	47	36.7	26	19.3	41	30.4
Totaal	0	0.0	0	0.0	23	18.0	105	82.0	35	25.9	100	74.1

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	0	5	11
Platteland	0	6	12
Groot dorp	0	7	21
Stedelik	0	27	32
Totaal	0	45	76

SINODE: NOORDELIKE SINODE

Gemeentes deelgeneem: 64 Gemeentes in sinode: 120

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	2	3.1	10	15.6	1	0.9	22	20.2	1	1.0	18	17.6
Platteland	3	4.7	5	7.8	1	0.9	11	10.1	1	1.0	11	10.8
Groot dorp	1	1.6	5	7.8	1	0.9	7	6.4	1	1.0	7	6.9
Stedelik	21	32.8	17	26.6	10	9.2	56	51.4	12	11.8	51	50.0
Totaal	27	42.2	37	57.8	13	11.9	96	88.1	15	14.7	87	85.3

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	3	11	0
Platteland	3	8	0
Groot dorp	7	3	0
Stedelik	32	35	1
Totaal	45	57	1

SINODE: HOËVELD

Gemeentes deelgeneem: 111 Gemeentes in sinode: 118

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	0	0.0	7	6.3	0	0.0	7	6.2	0	0.0	7	6.2
Platteland	2	1.8	9	8.1	0	0.0	11	9.7	0	0.0	11	9.7
Groot dorp	2	1.8	5	4.5	2	1.8	5	4.4	1	0.9	6	5.3
Stedelik	50	45.0	36	32.4	33	29.2	55	48.7	34	30.1	54	47.8
Totaal	54	48.6	57	51.4	35	31.0	78	69.0	35	31.0	78	69.0

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	7	0	0
Platteland	11	0	0
Groot dorp	7	0	0
Stedelik	76	12	0
Totaal	101	12	0

SINODE: OOSTELIKE SINODE

Gemeentes deelgeneem: 85 Gemeentes in sinode: 85

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	10	11.8	22	25.9	8	9.6	23	27.7	8	9.4	24	28.2
Platteland	7	8.2	10	11.8	7	8.4	10	12.0	7	8.2	10	11.8
Groot dorp	9	10.6	6	7.1	5	6.0	10	12.0	6	7.1	9	10.6
Stedelik	19	22.4	2	2.4	14	16.9	6	7.2	14	16.5	7	8.2
Totaal	45	52.9	40	47.1	34	41.0	49	59.0	35	41.2	50	58.8

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	6	25	0
Platteland	2	15	0
Groot dorp	3	12	0
Stedelik	2	18	0
Totaal	13	70	0

SINODE: NAMIBIË

Gemeentes deelgeneem: 40 Gemeentes in sinode: 45

Streek	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Klein platteland	0	0.0	0	0.0	7	17.5	16	40.0	7	17.5	16	40.0
Platteland	0	0.0	0	0.0	2	5.0	5	12.5	2	5.0	5	12.5
Groot dorp	0	0.0	0	0.0	0	0.0	3	7.5	0	0.0	3	7.5
Stedelik	0	0.0	0	0.0	5	12.5	2	5.0	5	12.5	2	5.0
Totaal	0	0.0	0	0.0	14	35.0	26	65.0	14	35.0	26	65.0

Streek	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Klein platteland	18	0	1
Platteland	7	0	0
Groot dorp	3	0	0
Stedelik	7	0	0
Totaal	35	0	1

ARTIKEL 1 BYLAAG 3

ARTIKEL 1: KERKRADE EN GEMEENTES PER SINODE

(N=aantal)

Sinode	Totaal gemeentes	Terugvoering	
	N	N	%
Wes-Kaapland	227	220	96.9
Oos-Kaapland	104	101	97.1
Noord-Kaapland	82	52	63.4
KwaZulu-Natal	52	43	82.7
Vrystaat	157	148	94.3
Wes-Transvaal	135	135	100.0
Noordelike Sinode	120	109	90.8
Hoëveld	118	111	94.1
Oostelike Sinode	85	85	100.0
Namibië	45	40	88.9
NG Kerk in geheel	1125	1044	92.8

Sinode	Kerkraad se aanbeveling aan gemeente				Gemeente se uitslag - tweederdes				Kerkraad se finale besluit oor Art 1			
	Ja		Nee		Ja		Nee		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Wes-Kaapland	181	82.3	39	17.7	129	58.4	92	41.6	129	58.6	91	41.4
Oos-Kaapland	58	57.4	43	42.6	68	66.0	35	34.0	33	32.0	70	68.0
Noord-Kaapland	5	9.6	47	90.4	1	1.9	51	98.1	3	5.8	49	94.2
KwaZulu-Natal	16	37.2	27	62.8	12	23.1	40	76.9	15	28.8	37	71.2
Vrystaat	30	20.3	118	79.7	19	12.4	134	87.6	27	18.2	121	81.8
Wes-Transvaal	0	0.0	135	100.0	23	18.0	105	82.0	35	25.9	100	74.1
Noordelike Sinode	27	42.2	37	57.8	13	11.9	96	88.1	15	14.7	87	85.3
Hoëveld	54	48.6	57	51.4	35	31.0	78	69.0	35	31.0	78	69.0
Oostelike Sinode	45	52.9	40	47.1	34	41.0	49	59.0	35	41.2	50	58.8
Namibië	0	0.0	40	100.0	14	35.0	26	65.0	14	35.0	26	65.0
NG Kerk in geheel	416	41.6	583	58.4	348	33.0	706	67.0	341	32.5	709	67.5

Sinode	Gemeente-vergadering	Stembus	E-stem
	N	N	N
Wes-Kaapland	28	194	0
Oos-Kaapland	58	56	1
Noord-Kaapland	36	28	1
KwaZulu-Natal	29	22	0
Vrystaat	94	39	0
Wes-Transvaal	0	45	76
Noordelike Sinode	45	57	1
Hoëveld	101	12	0
Oostelike Sinode	13	70	0
Namibië	35	0	1
NG Kerk in geheel	439	523	80

ARTIKEL 1 BYLAAG 4

ARTIKEL 1: BELYDENDE LIDMATE PER SINODE

Sinode	Belydende lidmate	Lidmate gestem	Lidmate vir Art 1		Lidmate teen Art 1	
	N	%	N	%	N	%
Wes-Kaapland	192660	14.6	17467	9.1	10727	5.6
Oos-Kaapland	53527	19.9	3897	7.3	6775	12.7
Noord-Kaapland	30687	18.4	591	1.9	5050	16.5
KwaZulu-Natal	22445	22.0	1834	8.2	3115	13.9
Vrystaat	86913	25.3	5948	6.8	16056	18.5
Wes-Transvaal	87599	18.2	5724	6.5	10251	11.7
Noordelike Sinode	96991	15.3	5912	6.1	8973	9.3
Hoëveld	77990	16.1	4692	6.0	7887	10.1
Oostelike Sinode	95655	12.9	5791	6.1	6528	6.8
Namibië	14955	21.7	1555	10.4	1693	11.3
NG Kerk in geheel	759422	17.2	53411	7.0	77055	10.1

A.6 FONDSE EN BATES

7. VERSLAG VAN DIE ALGMENE SINODE SE OUDITKOMITEE (vervolg)

FINANSIËLE STATE EN BESTUURSBRIEF
1. Kyk Agenda A.6 bl 76 pt 7.4
2. Die geouditeerde Finansiële State is aangeheg as **FONDSE EN BATES BYLAAG 7** en die Bestuursbrief as **FONDSE EN BATES BYLAAG 8.**

FONDSE EN BATES BYLAAG 7

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
Openbare Welsyns Organisasie Registrasienommer: 930 006 591

Finansiële state
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Besigheidsadres	H/v Jan Shoba- en Pretoriusstraat Hatfield Gauteng 0083
Posadres	Posbus 13528 Hatfield Gauteng 0028
Bankiers	ABSA Bank
Ouditeure	Logista GR(SA) Ingelyf Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) Geregistreerde Ouditeure
Algemene Sekretaris	Dr JJ Gerber
Gepubliseer	9 September 2015

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Indeks

Die verslae en state hieronder uiteengesit verteenwoordig die finansiële jaar state wat aan die Algemene Sinode lede voorgelê is:

Indeks	**Bladsy**
Moderamen se verantwoordelikhede en -goedkeuring	3
Onafhanklike Ouditeursverslag	4
Staat van Finansiële Posisie	5
Staat van Omvattende Inkomste	6
Staat van Verandering in Ekwiteit	7
Staat van Kontantvloei	8
Rekeningkundige Beleid	9 - 10
Aantekeninge tot die Finansiële State	11 - 28
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die finansiële state nie en is nie geoudit nie:	
Volledige Inkomstestaat	29 - 30

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Moderamen se verantwoordelikhede en goedkeuring

Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 2013 bepaal dat die moderamen omvattende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state ter voldoening aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies 'n redelike weergawe is van die sinode se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om ’n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en omsigtige oordeel en ramings ondersteun is.

Die moderamen erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die sinode ingestel het en plaas aansienlike klem op die handhawing van streng beheer. Ten einde die bestuur se verantwoordelikhede te kan nakom, stel die Algemene Sinodale Moderamen standaarde vir interne beheer in wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op ’n kostedoeltreffende wyse te verminder. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne ’n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om ’n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele sinode gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die sinode se besigheid gedoen word op ’n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die sinode se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko’s in die sinode. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die sinode dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die Algemene Sinodale Moderamen is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die Algemene Sinodale Moderamen het die sinode se kontantvloeivooruitskatting vir die jaar tot 28 Februarie 2016 geëvalueer en is, in die lig hiervan tesame met die huidige finansiële posisie oortuig dat die sinode toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike oudit van die sinode se finansiële state en om daaroor verslag te doen. ’n Eksterne oudit is uitgevoer op hierdie finansiële state deur die sinode se eksterne ouditeure en hul verslag word op bladsy 4 aangebied.

Die finansiële state wat op bladsye 5 tot 30 uiteengesit word en op die lopende saakgrondslag opgestel is, is op 9 September 2015 deur die Algemene Sinodale Moderamen goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

Voorsitter **Algemene Sekretaris**

Onafhanklike Ouditeursverslag

Aan lede van Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Ons het die finansiële state van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos uiteengesit op 5-22, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 28 Februarie 2015, en die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Moderamen se Verantwoordelikheid vir die Finansiële State

Die Algemene Sinode se moderamen is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheids kombinasies en die vereistes van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 2013, en vir sodanige interne beheer as wat die moderamen nodig ag om finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, daar te stel.

Ouditeur se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeure se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeure interne beheer relevant tot die Algemene Sinode se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Algemene Sinode se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Mening

Na ons mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos op 28 Februarie 2015, en van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheids kombinasies en die vereistes van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 2013.

AJ Bosman
Direkteur
Geregistreerde Ouditeur
Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)

9 September 2015

263 Lynnwood Road, Brooklyn, South Africa. P.O. Box 11275, Hatfield, 0028
Tel: +27 12 362-1431 Fax: +27 12 362-1429 E-mail: info@logista.co.za Website: www.logista.co.za
Logista CA(SA) Inc. Reg No: 1992/003090/21 SAICA Practice No: 03041139 IRBA Practice No: 933759
Independent Member of BKR International
Directors: HW Regenass CA(SA), AJ Bosman CA(SA), MF van Tonder CA(SA), GT Wessels CA(SA), LJ van Heerden CA(SA)
Associate: JDT Coetzee CA(SA)

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2015

Syfers in rand	Aan-teke-ning(e)	2015	2014
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	2	20,199,525	6,399,145
Bedryfsbates			
Ander finansiële bates	3	58,963,842	51,465,040
Handels- en ander debiteure	5	1,061,590	783,753
Kontant en kontantekwivalente	6	17,616,815	17,443,432
		77,642,247	**69,692,225**
Totale bates		**97,841,772**	**76,091,370**
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Ekwiteit			
Voorsieningsfondse	23	1,498,639	1,992,655
Ge-administreerde Fondse	21	4,248,871	3,088,108
Bedryfsfondse	20	88,420,255	67,132,709
		94,167,765	72,213,472
Diverse Fondse	22	4,863	3,894
		94,172,628	**72,217,366**
Laste			
Bedryfslaste			
Ander finansiële aanspreeklikhede	7	1,181,199	1,251,199
Handels- en ander krediteure	9	152,522	266,023
Aftreevoordeelverpligting	4	2,264,000	2,291,000
Voorsienings	8	71,423	65,782
		3,669,144	**3,874,004**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		**97,841,772**	**76,091,370**

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Staat van Omvattende Inkomste

Syfers in rand	Aan-teke-ning(e)	2015	2014
Inkomste	10	5,235,214	6,228,878
Ander inkomste	11	22,444,110	7,582,523
Bedryfskoste (Bladsy 30)		(8,040,652)	(12,877,531)
Surplus		**19,638,672**	**933,870**
Beleggingsinkomste	13	2,538,363	2,335,098
Finansieringskoste	14	(221,776)	(73,290)
Surplus vir die jaar		**21,955,259**	**3,195,678**
Ander omvattende inkomste		-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar		**21,955,259**	**3,195,678**

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Staat van Verandering in Ekwiteit

Syfers in rand	Voorsienings-fondse	Ge-administreerde Fondse	Bedryfsfondse	Totaal toeskryfbaar aan Fondse	Diverse Fondse	Totale ekwiteit
Saldo op 1 Maart 2013	**1,824,673**	**2,678,312**	**64,515,681**	**69,018,666**	**3,022**	**69,021,688**
Surplus vir die jaar	167,982	409,796	2,617,028	3,194,806	872	3,195,678
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**167,982**	**409,796**	**2,617,028**	**3,194,806**	**872**	**3,195,678**
Saldo op 1 Maart 2014	**1,992,655**	**3,088,108**	**67,132,709**	**72,213,472**	**3,894**	**72,217,366**
Surplus / (Tekort) vir die jaar	(494,016)	1,160,763	21,287,546	21,954,293	969	21,955,262
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**(494,016)**	**1,160,763**	**21,287,546**	**21,954,293**	**969**	**21,955,262**
Saldo op 28 Februarie 2015	**1,498,639**	**4,248,871**	**88,420,255**	**94,167,765**	**4,863**	**94,172,628**

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Staat van Kontantvloei

Syfers in rand	Aan-teke-ning(e)	2015
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantontvangste van belanghebbendes		6,059,171
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		(7,950,800)
Kontant aangewend in bedrywighede	15	(1,891,629)
Rente-inkomste		1,708,626
Dividende ontvang		829,737
Finansieringskoste		(6,776)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite		**639,958**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	2	(212,612)
Herbelê van dividende en rente		(2,538,363)
Opbrengs uit die verkoop van finansiële bates		2,606,020
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite		**(144,955)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Terugbetaling van ander finansiële aanspreeklikhede		(120,000)
Aftreevoordele betaal		(201,620)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite		**(321,620)**
Totale kontantbeweging vir die jaar		**173,383**
Saldo aan die begin van die jaar		17,443,432
Saldo aan die einde van die jaar	6	**17,616,815**

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Rekeningkundige Beleid

1. Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies en die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 2013 opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Die rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk, buiten vir die veranderings wat in aantekening 17 – Eerste toepassing van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies uiteengesit word.

1.1 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare items wat:

- gehou word vir gebruik in die verskaffing van goedere en dienste, vir verhuring aan ander of vir administratiewe doeleindes; en
- sal na verwagting in meer as een tydperk gebruik word.

Eiendom, aanleg en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedalingsverliese.

Koste sluit in alle koste wat aangegaan is om die bate by die plek af te lewer en die toestand wat nodig is om dit in staat te stel om te funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog is.

Koste sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is/of om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te bou sowel as die koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang. Indien ‘n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

Depresiasie word voorsien deur gebruik te maak van die reguitlyn metode om die koste af te skryf, na die beraamde reswaarde oor die nutsduur van eiendom, aanleg en toerusting, wat soos volg is:

Item	Gemiddelde nutsduur
Meubels en vaste toebehore	6
Kantoortoerusting: Telefoon	5
Kantoortoerusting: Kragopwekker	20
Rekenaar: Bediener	5
Rekenaar: Sagteware	3
Rekenaar: Netwerk aangeheg stoor fasiliteit	5

Die reswaarde, depresiasiemetode en nutsduur van elke bate word hersien met elke jaarlikse verslagdoeningstydperk, indien daar aanwysers teenwoordig is wat daarop dui dat daar 'n beduidende verandering van die vorige raming bestaan.

Wins en verlies met verkope word bereken deur die opbrengs met die drabedrag te vergelyk en word in wins of verlies vir die tydperk erken.

In die geval van geboue is die reswaarde gelyk aan of groter as die drabedrag, en gevolglik word geen waardevermindering daarop voorsien totdat die geboue se reswaarde verlaag tot ‘n bedrag onder die drabedrag nie.

1.2 Finansiële instrumente

Aanvanklike meting

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen die transaksie prys. Dit sluit transaksiekoste in, behalwe vir finansiële instrumente wat gemeet word teen billike waarde deur surplus of tekort.

Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste

Skuldinstrumente, soos omskryf in die standaard, word gevolglik gemeet teen geamortiseerde koste met gebruik van die effektiewe rentekoers metode. Skuldinstrumente wat geklassifiseer word as bedryfsbates of bedryfslaste, word gemeet op die onverdiskonteerde bedrag van die kontant wat na verwagting ontvang of betaal sal word, tensy die ooreenkoms effektief 'n finansieringstransaksie behels.

Aan die einde van elke verslagdoeningsdatum word die drabedrae van bates gehou in hierdie kategorie hersien, om te bepaal of daar enige objektiewe bewyse van waardedaling is. Indien wel, word 'n waardedalingsverlies erken.

Rekeningkundige Beleid

1.2 Finansiële instrumente (vervolg)

Finansiële instrumente teen billike waarde

Alle ander finansiële instrumente word gemeet teen billike waarde deur die beweging in surplus of tekort te erken.

1.3 Waardedaling van bates

Op elke verslagdoeningsdatum word daar geevalueer of daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde gedaal het.

Indien daar enige aanduiding is dat ’n bate se waarde gedaal het, word die verhaalbare bedrag vir die individuele bate bepaal.

Indien ’n waardedalingsverlies later gevolglik omgeswaai word, word die drabedrag van die bate (of groep verwante bates) tot die gewysigde bepaling van sy verhaalbare bedrag verhoog, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies in vorige jare vir die bate (of bategroep) erken is nie. Die omswaai van ’n waardedalingsverlies word onmiddellik in surplus en tekort erken.

1.4 Werknemervoordele

Korttermyn werknemervoordele

Die koste van korttermyn werknemervoordele (dié wat betaalbaar is binne 12 maande nadat sodanige diens gelewer is soos betaalde verlof en siek verlof, bonusse en nie-monetêre voordele soos mediese sorg) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer word en word nie verdiskonteer nie.

Omskrewevoordeelplanne

Die aanspreeklikheid vir na aftrede mediese fonds bydraes word as 'n las erken.Vir omskrewevoordeelplanne word die koste om die voordele te verskaf, bereken deur die geprojekteerde krediet metode te gebruik.

Verstreke dienskoste word onmiddellik as 'n uitgawe erken.

Aktuariële winste of verliese word erken in surplus of tekort.

1.5 Voorsienings en gebeurlikhede

Voorsienings word erken wanneer:
- die entiteit 'n verpligting het op die verslagdoeningsdatum as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede;
- dit waarskynlik is dat die entiteit vereis word om ekonomiese voordele oor te dra in vereffening; en
- die bedrag van die verpligting betroubaar beraam kan word.

Voorwaardelike bates en voorwaardelike aanspreeklikhede word nie erken nie.

1.6 Inkomste

Rente word in surplus en tekort erken deur die effektiewe rentekoers metode te gebruik.

Sinodale bydrae word ooreenkomstig die inhoud van die betrokke ooreenkomste op die toevallingsgrondslag bereken.

Dividende word in surplus en tekort erken wanneer die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se reg om die betaling te ontvang, gevestig is.

1.7 Leenkoste

Leenkoste word in die tydperk waarin dit aangegaan word as ’n uitgawe erken.

2. Eiendom, aanleg en toerusting

	2015			2014		
	Koste	**Opgehoopte depresiasie**	**Drawaarde**	**Koste**	**Opgehoopte depresiasie**	**Drawaarde**
Geboue	20,000,000	-	20,000,000	6,399,142	-	6,399,142
Meubels en vaste toebehore	1	-	1	1	-	1
Kantoortoerusting	117,444	(4,054)	113,390	1	-	1
Rekenaartoerusting	95,168	(9,034)	86,134	1	-	1
Totaal	**20,212,613**	**(13,088)**	**20,199,525**	**6,399,145**	**-**	**6,399,145**

Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2015

	Beginsaldo	**Byvoegings**	**Waarde - aanpassing**	**Depresiasie**	**Totaal**
Geboue	6,399,142	-	13,600,858	-	20,000,000
Meubels en vaste toebehore	1	-	-	-	1
Kantoortoerusting	1	117,444	-	(4,055)	113,390
Rekenaartoerusting	1	95,168	-	(9,035)	86,134
	6,399,145	**212,612**	**13,600,858**	**(13,090)**	**20,199,525**

Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2014

	Beginsaldo	**Totaal**
Geboue	6,399,142	6,399,142
Meubels en vaste toebehore	1	1
Kantoortoerusting	1	1
Rekenaartoerusting	1	1
	6,399,145	**6,399,145**

Besonderhede van eiendom

Erf 363	**2015**	**2014**
- Koopprys: 1 Desember 2005	6,399,142	6,399,142
- Waardasie	13,600,858	-
	20,000,000	**6,399,142**

Besonderhede van waardasie

Waardasie op Erf 363 Hatfield

Die rede hiervoor is die eerste jaar van oorskakeling na Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies. Die rekeningkundige raamwerk bepaal dat gedurende die eerste jaar van oorskakeling billike waarde van die eiendom gebruik mag word om eiendom teen nuwe drawaarde te toon. Vir hierdie doel is professionele waardeerders gebruik.

Die effektiewe datum van waardasie was 14 Februarie 2013 en is deur die volgende professionele waardeerders waardeer :
DCF Janse van Rensburg - Geregistreerde Professionele Waardeerder: 1782
PG Grussendorff - Geregistreede kandidaat Waardeerder : 371

Die waardasie was gedoen volgens die Internasionale Waardasie Standaarde Komitee se vereistes en soos deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Waardeerders voorgeskryf.

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014

3. Ander finansiële bates

Teen billike waarde		
Corporate Money Managers	140,554	140,554
PSG Fondsbeleggings	13,595,400	8,450,959
PSG Genoteerde aandele	45,227,888	38,221,430
Prudential Eiendoms Trust	-	4,652,097
	58,963,842	**51,465,040**
Bedryfsbates		
Teen billike waarde	58,963,842	51,465,040

Die billike waardes van genoteerde of gekwoteerde beleggings is gegrond op die gekwoteerde markprys op die verslagdoeningsdatum.

4. Aftreevoordele

Omskrewevoordeelplan

Die aftreevoordele bestaan uit 'n na-aftrede mediese voordeel plan.

Drawaarde

Huidige waarde van die omskrewevoordeel verpligting - ten volle onbefonds	(2,264,000)	(2,291,000)

Rekonsiliasie van die opening en sluiting saldos van die omskrewevoordeel verpligting

Openingsaldo	(2,291,000)	(2,291,000)
Voordele betaal	201,619	-
Netto uitgawes in die staat van omvattende inkomste erken	(174,619)	-
	(2,264,000)	**(2,291,000)**

Netto uitgawes in surplus of tekort erken

Rentekoste	(165,000)	-
Aktuariële (wins) verlies	(9,619)	-
	(174,619)	**-**

5. Handels- en ander debiteure

Kerklike Maatskaplike Dienste Raad	30,000	30,000
Algemene Sinode voorsiening	-	85,977
Vooruitbetalings	52,799	3,972
Bedryfsfondsvoorsiening	-	4,618
Diverse debiteure - Global fund	144,906	64,906
Algemene Werksaamhede	39,596	18,381
Streek Sinodale bydrae agterstallig	88,789	92,318
Algemene Bevoegdheidsraad - Uitstaande Debiteure	600,056	480,690
Ander debiteure	24,642	-
Ekumene	80,802	2,891
	1,061,590	**783,753**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014

6. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

Absa	4,383	4,323
Banksaldo - Algemene Sinode	91,458	747,788
Banksaldo - Algemene Bevoegdheidsraad	1,116,673	180,887
PSG Handelsrekening	817,958	635,307
Investec Corporate Cash Managers	15,563,630	15,853,432
Standard Bank	22,713	21,695
	17,616,815	**17,443,432**

7. Ander finansiële aanspreeklikhede

Teen geamortiseerde koste		
Kerklike Maatskaplike Diensteraad Lening vanaf Kerklike Maatskaplike Diensteraad. Hierdie lening het geen terugbetaling voorwaardes nie en die rente koers is nie vasgestel nie. Die lening is onversekerd.	1,181,199	1,131,199
NG Kerk Hartbeesspruit Queenswood Lening aangegaan ten opsigte van die aankoop van die nuwe gebou. Die lening is aflosbaar in 20 gelyke 6 maandelikse paaiemente teen koers van prima minus 2%	-	120,000
	1,181,199	**1,251,199**
Bedryfslaste		
Teen geamortiseerde koste	1,181,199	1,251,199

8. Voorsienings

Rekonsiliasie van voorsienings - 2015

	Beginsaldo	Byvoegings	Totaal
Voorsienings vir werknemervoordele	65,782	5,641	71,423

9. Handels- en ander krediteure

Betaalbare handelskrediteure	80,708	13,704
Bedrae vooruit ontvang	-	41,896
Voorsiening	-	175,000
Kredietkaart	71,814	35,423
	152,522	**266,023**

10. Inkomste

Dienslewering	4,268,622	3,868,087
Registrasiegelde Algemene Bevoegdheidsraad	834,465	899,208
Donasie	-	419,275
Huurinkomste	69,004	59,010
Inkomste vanaf begrotingsfonds	-	650,000
Bemakings ontvang	-	323,098
Ander diverse inkomste	63,123	10,200
	5,235,214	**6,228,878**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014

11. Ander inkomste

RMA inkomste	371,429	375,983
Algemene Sinode projekte	36,954	2,538,842
Uitgawes verhaal	127,084	-
Inkomste vanaf ander bronne	566,326	78,000
Versekeringseise	-	5,784
Billike waarde aanpassings	21,167,317	4,583,914
Terugskrywing van vorige jaar voorsiening	175,000	-
	22,444,110	**7,582,523**

12. Werknemerskoste

Die volgende items is ingesluit in die werknemervoordele uitgawe:

Basies	2,798,015	2,729,927
Verlofgeldvoorsieningskoste	5,641	65,782
	2,803,656	**2,795,709**

13. Beleggingsinkomste

Dividendinkomste		
Ander finansiële bates - Plaaslik Beleggings	829,737	660,488
Rente-inkomste		
Ander finansiële bates	1,708,626	1,674,610
	2,538,363	**2,335,098**

14. Finansieringskoste

Rente betaal - Kerklike Maatskaplike Diensteraad	221,776	73,290

15. Kontant aangewend in bedrywighede

Surplus voor belasting	21,955,259
Aanpassings vir:	
Depresiasie en amortisasie	13,089
Dividende ontvang	(829,737)
Rente ontvang	(1,708,626)
Finansieringskoste	221,776
Bewegings in aftreevoordeelbates en -laste	9,619
Beweging in voorsienings	5,641
Waardeaanpassing op beleggings	(7,566,459)
Waardeaanpassing vir geboue	(13,600,858)
Terugskywing van voorige jaar voorsiening	(175,000)
Veranderings in bedryfskapitaal:	
Handels- en ander debiteure	(277,837)
Handels- en ander krediteure	61,504
	(1,891,629)

16. Voorwaardelike aanspreeklikhede

Ingesluit by aantekening 3 tot die Finansiele state is 'n belegging van R140,554 geplaas by Corporate Money Managers wat tans onder kuratorskap is. Dit is onseker of die bedrag verhaalbaar is en wanneer dit ontvang kan word.

Aantekeninge tot die Finansiële State

17. Eerste toepassing van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 2015 Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings (IFRS vir KMO) uitgesluit Besigheidskombinasies as basis vir hulle rekeningkundige verslagdoening geimplimenteer. Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings vereis dat in die proses van oorskakeling die oorskakelingsdatum vir die 28 Februarie 2015 jaareinde, 1 Maart 2014 sal wees. As gevolg van die gebrek aan inligting asook die toepassing van sekere vrystellings soos deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings toegelaat, is die impak van die oorskakeling vir die volgende items slegs in 2015 erken:

Voorheen was alle Eiendom, aanleg en toerusting vaste eiendom uitgesluit, ten volle afgeskryf in die jaar van aankoop. Ingevolge die vrystellings vervat in Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings, kan die billike waarde soos op die oorskakelingsdatum gebruik word as die nuwe drawaarde. Die waardasie van die geboue is op 1 Maart 2014 gedoen en die billike waarde soos op daardie stadium van R20m is as die nuwe drawaarde erken. Die vergelykende syfer van die geboue is dus nie herstateer nie. Verder was dit ook onprakties vir die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk om al die ander bates se oorspronklike waardes en opgelope depresiasie te bereken. Slegs bates aangekoop vanaf 1 Maart 2014 is erken en afgeskryf ingevolge die bepalings van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

Omskrewevoordeelplan – Oorgestaan tot inligting ontvang is vanaf kliente

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het voorheen nie voorsiening vir opgehoopte verlof erken nie.

Die IFRS vir KMO uitgesluit besigheid kombinasies grondslag vereis dat kontant en kontantekwivalente volgens die definisie in paragraaf 7.2 vertoon word. 'n Gedeelte van die finansiële bates voldoen aan hierdie definisie en moet dus geallokeer word na kontant en kontantekwivalente toe.

Die vergelykende syfers van die volgende items is herstateer met die omskakeling na die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies rekeningkundige raamwerk:

Voorheen het die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk fondse ontvang wat vir spesiale projekte aangewend moet word en dit te same met die uitgawes, direk in ekwiteit erken. Ingevolge Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings moet alle inkomstes en uitgawes in die inkomste staat erken word. Die netto beweging soos deur die inkomste staat bepaal in hierdie fondse word dan afsonderlik in ekwiteit verdeel en geopenbaar. Die vergelykende syfers in die inkomstestaat is herstateer om vergelykbaarheid te bevorder.

Ook ingesluit in ekwiteit was ‘n finansiele verpligting aan die Kerklike Maatskaplike Dienste Raad van R1.1m. Hierdie bedrag is in die huidige jaar as ‘n verpligting erken. Die vergelykende syfers is herstateer om vergelykbaarheid te bevorder.

Voorheen het die Algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die Algemene Bevoegdheidsraad fondse se uitstaande debiteure en krediteure direk in ekwiteit erken, In gevolge Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings moet alle debiteure en krediteure afsonderlik op die balansstaat geopenbaar word. Die vergelykende syfers in die balansstaat is herstateer om vergelykbaarheid te bevorder.

Vergelykende syfers van die Staat van Kontantvloei en verwante aantekening
Die verandering van rekeningkundige beleid soos hierbo bespreek het ook tot gevolg dat die vergelykende syfers van die Staat van Kontantvloei en verwante aantekening herstateer moet word. Om dit te bereik moet die volle Staat van Finansiële Posisie vir die 2013 finansiële jaar opgestel word op die nuwe rekeningkundige beleid grondslag. Bestuur is van mening dat dit onprakties is om te doen en dat die vergelykende syfers van die Staat van Kontantvloei en verwante aantekening dus nie getoon word op die finansiële state nie. Hierdie besluit is geneem op grond van paragraaf 3.4 van IFRS vir KMO's wat 'n afwyking van die standpunt in sekere gevalle toelaat.

Dit is bestuur se mening dat die finansiële state nogsteeds 'n redelik voorstelling is van die entiteit se finansiële posisie, finansiële prestasie en kontantvloei.

Die entiteit voldoen aan die IFRS vir KMO uitgesluit besigheid kombinasies rekeningkundige beleid, behalwe vir die afwyking om nie die vergelykende syfers van die Staat van Kontantvloei en verwante aantekening te openbaar nie. Sou hierdie onveranderde vergelykende syfers openbaar word, sou die inligting misleidend wees en teenstrydig met die doelwitte van finansiële state.

Aantekeninge tot die Finansiële State

17. Eerste toepassing van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies (vervolg)

Rekonsiliasie van ekwiteit op 28 Februarie 2014

	Soos voorheen ingevolge vorige entiteit spesifieke rekening-kundige raamwerk gerapporteer	Uitwerking van oorskakeling na IFRS vir KMO uitgesluit besigheids-kombinasies	IFRS vir KMO uitgesluit besigheids kombinasies
Eiendom, aanleg en toerusting	6,399,145	-	6,399,145
Handels- en ander debiteure	780,773	2,980	783,753
Ander finansiële bates	67,979,797	(16,514,757)	51,465,040
Kontant en kontantekwivalente	928,675	16,514,757	17,443,432
Totale bedryfsbates	**69,689,245**	**2,980**	**69,692,225**
Ander finansiële aanspreeklikhede	120,000	1,131,199	1,251,199
Handels- en ander krediteure	343,043	(77,020)	266,023
Voorsienings	-	65,782	65,782
Aftreevoordeelverpligting	-	2,291,000	2,291,000
Totale aanspreeklikhede	**463,043**	**3,410,961**	**3,874,004**
Totale bates minus totale laste	**75,625,347**	**(3,407,981)**	**72,217,366**
Ge-administreerde Fondse	4,219,308	(1,131,200)	3,088,108
Diverse Fondse	3,894	-	3,894
Voorsieningsfondse	1,992,654	1	1,992,655
Bedryfsfondse	69,409,491	(2,276,782)	67,132,709
Totale ekwiteit	**75,625,347**	**(3,407,981)**	**72,217,366**

Aantekeninge tot die Finansiële State

17. Eerste toepassing van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings uitgesluit Besigheidskombinasies (vervolg)

Rekonsiliasie van ekwiteit op 28 Februarie 2015

	Soos voorheen ingevolge vorige entiteit spesifieke rekening-kundige raamwerk gerapporteer	Uitwerking van oorskakeling na IFRS vir KMO uitgesluit besigheids-kombinasies	IFRS vir KMO uitgesluit besigheids kombinasies
Eiendom, aanleg en toerusting	6,399,145	13,800,380	20,199,525
Handels- en ander debiteure	1,436,531	(374,941)	1,061,590
Finansiële bates	75,372,526	(16,408,684)	58,963,842
Kontant en kontantekwivalente	1,208,131	16,408,684	17,616,815
Totale bedryfsbates	**78,017,188**	**(374,941)**	**77,642,247**
Ander finansiële aanspreeklikhede	-	1,181,199	1,181,199
Handels- en ander betaalbare lenings	574,370	(421,848)	152,522
Werknemervoordele	71,423	-	71,423
Aftreevoordeelverpligting	2,264,000	-	2,264,000
Totale aanspreeklikhede	**2,909,793**	**759,351**	**3,669,144**
Totale bates minus totale laste	**81,506,540**	**12,666,088**	**94,172,628**
Voorsieningsfondse	1,498,639	-	1,498,639
Ge-administreerde Fondse	5,430,070	(1,181,199)	4,248,871
Bedryfsfondse	74,572,968	13,847,287	88,420,255
Diverse Fondse	4,863	-	4,863
Totale ekwiteit	**81,506,540**	**12,666,088**	**94,172,628**

Rekonsiliasie van surplus of tekort vir 2015

	Soos voorheen ingevolge vorige entiteit spesifieke rekeningkundige raamwerk gerapporteer	Uitwerking van oorskakeling na IFRS vir KMO uitgesluit besigheids-kombinasies	IFRS vir KMO uitgesluit besigheids kombinasies
Inkomste	8,559,419	21,658,268	30,217,687
Bedryfskoste	(8,027,563)	(13,089)	(8,040,652)
Finansieringskoste	(311,776)	90,000	(221,776)
Netto surplus	**220,080**	**21,735,179**	**21,955,259**

Aantekeninge tot die Finansiële State

18. Verwante partye

Verwantskap	
MODERAMEN	**DAGBESTUUR** Prof CJP Niemandt Dr AR Hanekom Dr JH Ernst Dr JJ Gerber **VERTEENWOORDIGERS VAN SINODES** Ds CJ van Rensburg Dr ACV van Wyk Dr JB Vos Ds FJ van der Merwe Ds HM Janse van Rensburg Ds NWJ van Rensburg Dr GF Claassen Dr HH van der Linde Ds DE van der Spruy Ds JJ Pienaar **ADDISIONELE LEDE** Ds N Rossouw Dr JA Kritzinger Me EJ Bezuidenhout Me E Morkel

Verwante party balanse en transaksies met sleutel-bestuur van die personeel van die entiteit

Verwante party balanse en transaksies

Daar was geen balanse en/of transaksies met verwante partye teenwoordig tydens die jaar nie.

Aantekeninge tot die Finansiële State

19. Kategorieë van finansiële instrumente

	Aan-teke-ning(e)	Finansiële bates teen billike waarde deur surplus of tekort	Finansiële bates teen ge-amortiseerde koste	Finansiële laste teen ge-amortiseerde koste	Ekwiteit en nie-finansiële bates en laste	Totaal
Kategorieë van finansiële instrumente - 2015						
Bates						
Nie-bedryfsbates						
Eiendom, aanleg en toerusting	2	-	-	-	20,199,525	20,199,525
Bedryfsbates						
Ander finansiële bates	3	58,963,842	-	-	-	58,963,842
Handels- en ander debiteure	5	-	1,061,590	-	-	1,061,590
Kontant en kontantekwivalente	6	-	17,616,815	-	-	17,616,815
		58,963,842	**18,678,405**	**-**	**-**	**77,642,247**
Totale bates		**58,963,842**	**18,678,405**	**-**	**20,199,525**	**97,841,772**

	Aan-teke-ning(e)	Finansiële bates teen billike waarde deur surplus of tekort	Finansiële bates teen ge-amortiseerde koste	Finansiële laste teen ge-amortiseerde koste	Ekwiteit en nie-finansiële bates en laste	Totaal
19. Kategorieë van finansiële instrumente (vervolg)						
Ekwiteit en aanspreeklikhede						
Ekwiteit						
Voorsieningsfondse		-	-	-	1,498,639	1,498,639
Ge-administreerde Fondse		-	-	-	4,248,871	4,248,871
Bedryfsfondse		-	-	-	88,420,255	88,420,255
		-	**-**	**-**	**94,167,765**	**94,167,765**
Diverse Fondse		-	-	-	4,863	4,863
Totale Ekwiteit		**-**	**-**	**-**	**94,172,628**	**94,172,628**
Laste						
Bedryfslaste						
Ander finansiële aanspreeklikhede	7	-	-	1,181,199	-	1,181,199
Handels- en ander krediteure	9	-	-	152,522	-	152,522
Aftreevoordeelverpligting	4	-	-	-	2,264,000	2,264,000
Voorsienings	8	-	-	-	71,423	71,423
		-	**-**	**1,333,721**	**2,335,423**	**3,669,144**
Totale laste		**-**	**-**	**1,333,721**	**2,335,423**	**3,669,144**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		**-**	**-**	**1,333,721**	**96,508,051**	**97,841,772**

	Aan-teke-ning(e)	Finansiële bates teen billike waarde deur surplus of tekort	Finansiële bates teen ge-amortiseerde koste	Finansiële laste teen ge-amortiseerde koste	Ekwiteit en nie-finansiële bates en laste	Totaal
19. Kategorieë van finansiële instrumente (vervolg)						
Kategorieë van finansiële instrumente - 2014						
Bates						
Nie-bedryfsbates						
Eiendom, aanleg en toerusting	2	-	-	-	6,399,145	6,399,145
Bedryfsbates						
Ander finansiële bates	3	51,465,040	-	-	-	51,465,040
Handels- en ander debiteure	5	-	783,753	-	-	783,753
Kontant en kontantekwivalente	6	-	17,443,432	-	-	17,443,432
		51,465,040	**18,227,185**	**-**	**-**	**69,692,225**
Totale bates		**51,465,040**	**18,227,185**	**-**	**6,399,145**	**76,091,370**

	Aan-teke-ning(e)	Finansiële bates teen billike waarde deur surplus of tekort	Finansiële bates teen ge-amortiseerde koste	Finansiële laste teen ge-amortiseerde koste	Ekwiteit en nie-finansiële bates en laste	Totaal
19. Kategorieë van finansiële instrumente (vervolg)						
Ekwiteit en aanspreeklikhede						
Ekwiteit						
Voorsieningsfondse		-	-	-	1,992,655	1,992,655
Ge-administreerde Fondse		-	-	-	3,088,108	3,088,108
Bedryfsfondse		-	-	-	67,132,709	67,132,709
		-	**-**	**-**	**72,213,472**	**72,213,472**
Diverse Fondse		-	-	-	3,894	3,894
Total Ekwiteit		**-**	**-**	**-**	**72,217,366**	**72,217,366**
Laste						
Bedryfslaste						
Ander finansiële aanspreeklikhede	7	-	-	1,251,199	-	1,251,199
Handels- en ander krediteure	9	-	-	266,023	-	266,023
Aftreevoordeelverpligting	4	-	-	-	2,291,000	2,291,000
Voorsienings	8	-	-	-	65,782	65,782
		-	**-**	**1,517,222**	**2,356,782**	**3,874,004**
Totale laste		**-**	**-**	**1,517,222**	**2,356,782**	**3,874,004**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		**-**	**-**	**1,517,222**	**74,574,148**	**76,091,370**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014
20. Bedryfsfondse (Ongeouditeerd)		
	88,420,255	**67,132,710**
20.1 Algemene Bedryfsfondse		
Kapitaalfonds - Bedryfsfonds	67,132,710	64,515,682
Inkomste		
Bemakings ontvang	-	323,098
Dividende ontvang	829,737	660,488
Inkomste vanaf Begrotingsfondse	896,128	-
Rente ontvang op beleggings	1,708,183	1,674,610
Rente ontvang op lopende rekeninge	444	-
Streek Sinode bydrae ontvang	4,268,622	3,868,087
Terugskrywing van Voorsiening	175,000	-
Uitgawes		
Administrasiekostes	(464,023)	(355,462)
Aktuariële verskil	(9,619)	-
Algemene Werksaamhede	(463,970)	-
Bankkoste	(24,897)	(27,822)
Bedryfsfonds Projekte	(95,609)	-
Beweging na nuwe fondse	-	(2,291,000)
Inkoop van Dienste	(769,619)	-
Netwerke	(95,043)	-
Projekte	-	(95,825)
Rente betaal	(221,776)	(73,290)
Steunspan	(362,011)	-
Toekennings	-	(250,000)
Verdeling van begrotingsfondse	(6,932,696)	(5,835,303)
Voorsiening vir verlof	(5,641)	(65,782)
Waardevermindering	(13,089)	-
Waarde-aanpassing van beleggings	7,566,459	4,583,914
Waarde-aanpassing Geboue	13,600,858	-
	86,720,148	**66,631,395**
20.2 Moderamen & Algemene Werksaamhede		
Inkomste vanaf begrotingsfondse	1,734,179	1,615,433
Kommunikasie	(7,782)	(362,281)
Ledegelde	(204,080)	(207,775)
Inkoop van dienste : Kerklike Maatskaplike Diensteraad	(141,240)	(868,408)
	1,381,077	**176,969**
20.3 Taakspanne		
Inkomste vanaf begrotingsfondse	-	348,000
Taakspan	-	(338,774)
	-	**9,226**
20.4 Administrasie Kantoor		
Administrasiekostes	(13,776)	(13,455)
Elektroniese Kommunikasie	(74,978)	(52,418)
Huur betaal	(126,166)	(111,935)
Huur van fotostaatmasjiene	(40,821)	(31,715)
Inkomste vanaf begrotingsfondse	4,020,389	3,672,870
Instandhouding	(118,797)	(102,064)
Kantooruitgawes	(49,216)	(40,869)
Ledegelde	(6,897)	(6,941)
Lektuur aankope	(7,571)	(857)
Mediese subsidies - Emeriti	-	(207,352)
Ouditkostes	(117,094)	(72,105)

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014
20. Bedryfsfondse (Ongeouditeerd) (vervolg)		
Personeeloudit	(25,451)	-
Posgeld	(833)	(4,794)
Prestasie aanpassings	(27,621)	-
Salarisse en toelae	(2,704,122)	(2,402,526)
Selfoonkostes	(52,377)	(30,925)
Skryfbehoeftes en drukwerk	(39,315)	(44,399)
Telefoon	(62,319)	(63,005)
Versekering	(63,397)	(49,648)
Vervanging/ Hernuwing van bates	(49,755)	(40,368)
Water en elektrisiteit	(118,435)	(113,010)
Webblad uitgawes	(1,810)	(2,709)
	319,638	**281,775**
20.5 Projekte		
Inkomste vanaf begrotingsfondse	-	113,000
Projekte	(608)	(42,283)
Fonds oorplasing	-	(37,372)
	(608)	**33,345**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014
21. Ge-administreerde Fondse (Ongeouditeerd)		
	4,248,870	**3,088,157**
21.1 Buitelandse Bediening		
Saldo aan die begin van die jaar	899,775	891,251
Rente ontvang op fondse	40,000	46,240
Vergaderingskostes	(52,314)	(37,716)
	887,461	**899,775**
	-	-
21.2 Motsepe Trustfonds		
Fonds Oorplasings	100,000	-
Inkomste vanaf ander bronne	375,000	-
	475,000	**-**
21.3 Global Fund		
Saldo aan die begin van die jaar	234,000	156,000
Inkomste vanaf ander bronne	80,000	78,000
	314,000	**234,000**
21.4 Sending van die NG Kerk		
Saldo aan die begin van die jaar	1,105,740	1,067,940
Rente op belegging	50,000	57,800
Toekennings	-	(20,000)
	1,155,740	**1,105,740**
21.5 Federale Raad van Kerke		
Saldo aan die begin van die jaar	50,185	50,185
21.6 Rampfonds		
Saldo aan die begin van die jaar	68,686	68,686
21.7 Algemene Bevoegdheidsraad		
Saldo aan die begin van die jaar	729,771	444,299
Administrasiekoste	-	(72,000)
Bankkoste	(6,405)	(5,012)
Inkoop van dienste	(39,380)	(89,455)
Kantooruitgawes	(109,098)	(22,958)
Predikante bediening	-	(17,667)
Registrasiegelde ontvang	834,465	899,208
Salarisse en Toelae	(66,272)	(327,401)
Vergaderingkoste	(45,283)	(79,243)
	1,297,798	**729,771**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014

22. Diverse Fondse (Ongeouditeerd)

	4,863	**3,894**
22.1 RMA Pensioene		
Saldo aan die begin van die jaar	3,894	3,022
RMA pensioene inkomste	371,429	375,983
RMA pensioene uitgawes	(370,460)	(375,111)
	4,863	**3,894**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014
23. Voorsieningsfondse (Ongeouditeerd)		
	1,498,638	**1,992,654**
23.1 Algemene Sinode		
Saldo aan die begin van die jaar	62,708	(111,013)
Begrotingsinkomste	36,954	2,538,842
Vergaderingkoste	(85,485)	(2,365,121)
	14,177	**62,708**
23.2 Kerkhereniging		
Saldo aan die begin van die jaar	482,702	291,411
Begrotingsinkomste	-	450,000
Vergaderingkoste	(169,263)	(258,709)
	313,439	**482,702**
23.3 Ekumene		
Saldo aan die begin van die jaar	180,364	319,568
Begrotingsinkomste	210,000	200,000
Vergaderingkoste	(143,321)	(339,204)
	247,043	**180,364**
23.4 Vrouereserwe		
Saldo aan die begin van die jaar	24,443	41,971
Ooreenkomstige inkomste vanaf Sinodes	63,123	10,200
Vergaderingkoste	(61,948)	(27,728)
	25,618	**24,443**
23.5 Struwigfonds		
Saldo aan die begin van die jaar	67,615	83,913
Toekennings	(11,191)	(16,298)
	56,424	**67,615**
23.6 Toerustingvervangingsfonds		
Saldo aan die begin van die jaar	49,749	53,381
Aankope	(12,868)	(3,632)
	36,881	**49,749**
23.7 Gebouefonds		
Saldo aan die begin van die jaar	42,543	90,004
Huur inkomste	69,004	59,010
Instandhouding	(125,557)	(106,471)
	(14,010)	**42,543**
23.8 Bykomende Administrasie		
Saldo aan die begin van die jaar	517,272	413,687
Donasies ontvang	-	419,275
Fonds oorplasings	(350,000)	-
Versekering ontvang	-	5,784
Inkomste vanaf ander bronne	649	-
Toekennings	(38,556)	(321,474)
	129,365	**517,272**

Aantekeninge tot die Finansiële State

Syfers in rand	2015	2014
23. Voorsieningsfondse (Ongeouditeerd) (vervolg)		
23.9 Navorsingfonds		
Saldo aan die begin van die jaar	96,323	101,982
Begrotingsinkomste	25,000	26,000
Inkomste vanaf ander bronne	110,677	-
Steunspan	(46,452)	(31,659)
Projekte	(57,283)	-
	128,265	**96,323**
23.10 Armoede Projek		
Saldo aan die begin van die jaar	78,609	40,528
Begrotingsinkomste	-	60,000
Fonds oorplasing	250,000	-
Projekte	(88,771)	(21,919)
	239,838	**78,609**
23.11 Seisoen van Menswaardigheid Taakspan		
Saldo aan die begin van die jaar	238,224	280,471
Begrotingsinkomste	12,000	-
Taakspan	-	(42,247)
Projekte	(121,381)	-
	128,843	**238,224**
23.12 Opleidingsfonds		
Saldo aan die begin van die jaar	76,000	76,000
23.13 Vennootskappe		
Saldo aan die begin van die jaar	44,098	44,098
23.14 Algemene Predikante Byeenkoms		
Saldo aan die begin van die jaar	(5,368)	(5,368)
23.15 Apostolicum		
Saldo aan die begin van die jaar	5,000	-
Begrotingsinkomste	35,000	-
Fonds oorplasing	-	5,000
	40,000	**5,000**
23.16 Jeugbediening		
Saldo aan die begin van die jaar	32,372	-
Fonds oorplasing	17,628	32,372
Inkomste	17,164	-
Projekte	(29,139)	-
	38,025	**32,372**

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Volledige Inkomstestaat

Syfers in rand	Aan-teke-ning(e)	2015	2014
Inkomste			
Streek Sinode Bydrae		4,268,622	3,868,087
Registrasiegelde		834,465	899,208
Donasies Ontvang		-	419,275
Huurinkomste		69,004	59,010
Diverse ander inkomste		63,123	10,200
Inkomste vanaf begrotings		-	650,000
Bemakings ontvang		-	323,098
	10	**5,235,214**	**6,228,878**
Ander inkomste			
RMA pensioene inkomste	11	371,429	375,983
Algemene Sinode projekte		36,954	2,538,842
Uitgawes verhaal	11	127,084	-
Inkomste vanaf ander bronne		566,326	78,000
Versekeringseise ontvang		-	5,784
Billike waarde aanpassing		21,167,317	4,583,914
Terugskrywing van vorige jaar voorsiening		175,000	-
Dividend inkomste	13	829,737	660,488
Rente ontvang	13	1,708,626	1,674,610
		24,982,473	**9,917,621**
Uitgawes (Sien bladsy 30)		**8,040,652**	**12,877,531**
Bedryf surplus		**22,177,035**	**3,268,968**
Finansieringskoste	14	221,776	73,290
Surplus vir die jaar		**21,955,259**	**3,195,678**

ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Finansiële State vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

Volledige Inkomstestaat

Syfers in rand	Aan-teke-ning(e)	2015	2014
Bedryfskoste			
Administratiewe fooie		480,044	440,917
Aktuariële verskil		9,619	-
Algemene werksaamhede		463,970	-
Ander uitgawes - Jeug		29,139	-
Bankkoste		31,302	32,833
Bedryfsfonds projekte		95,609	-
Depresiasie, amortisasie en waardedalings		13,089	-
Drukwerk en skryfbehoeftes		39,315	44,399
Elektroniese kommunikasie		74,978	52,418
Herstelwerk en instandhouding		244,354	208,535
Huur		126,166	111,935
Huur van kantoortoerusting		40,821	31,715
Inkoop van dienste : Algemene fonds		769,619	-
Inkoop van dienste : Kerklike Maatskaplike Diensteraad & Algemene Bevoegheidsraad fonds		180,620	957,863
Kantooruitgawes		158,314	63,828
Ledegelde		210,977	214,716
Lektuur		7,571	857
Mediese Subsidies aan Emeriti		-	207,352
Omskrewevoordeelplanne		-	2,291,000
Ouditeursvergoeding		142,545	72,105
Posgeld		833	4,794
RMA pensioene uitgawe		370,460	375,111
Sagtewarekoste		95,043	-
Selfoon koste		52,377	30,925
Steunspan		362,011	-
Telefoon en faks		62,319	63,005
Toekennings		49,747	607,772
Vergaderingskoste		879,890	4,060,375
Versekering		63,397	49,648
Vervanging van bates		62,622	44,000
Water en elektrisiteit		118,435	113,010
Webblad		1,810	2,709
Werknemerskostes	12	2,803,656	2,795,709
		8,040,652	**12,877,531**

Ouditbevindinge verslag aan die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015

2 September 2015

Indeks

Bladsy

1. Kommunikasie met diegene in beheer van bestuur ... 3
2. Bedrogoorwegings ... 4
3. Beduidende Ouditbevindinge ... 5 - 7

1. Kommunikasie met diegene in beheer van bestuur

Internasionale Standaarde van Ouditkunde (ISA) 260 vereis van ons om sekere sake aan die Bestuur te kommunikeer:

Sake om te kommunikeer	Oplossing
Ouditeur se verantwoordelikheid in verband met die oudit van die Finansiële State	Ons verantwoordelikheid is om die oudit uit te voer in ooreenstemming met die ISA's (Internasionale Ouditstandaarde), wat daarop gerig is om 'n mening oor die finansiele state uit te spreek.
Beplande Omvang en Tydstip van die Oudit	Dit was met bestuur gekommunikeer tydens die beplanningsproses met die aanvang van die oudit en is intussen voltooi.
Beduidende Bevindinge van die Oudit	Dit word in hierdie verslag aangebied. (Verwys na Afdeling 3)
Beduidende Kwalitatiewe Aspekte van die Rekeningkundige Praktyke	Dit word in hierdie verslag onder Afdeling 3 aangespreek.
Beduidende tekortkominge geidentifiseer gedurende die Oudit	Dit word in hierdie verslag onder Afdeling 3 aangespreek.
Beduidende aangeleenthede bespreek of onderhewig aan korrespondensie met Bestuur	Geen ander aangeleenthede as die in afdeling 3 bespreek nie.
Onafhanklikheid van Ouditeur	In ooreenstemming met ons firma se interne beheer prosedures het alle lede van die ouditspan hulle onafhanklikheid van die Algemene Sinode tydens die beplanningsfase bevestig. Geen botsende belange is geïdentifiseer tydens hierdie proses nie.

2. Bedrogoorwegings

In lyn met Internasionale Ouditstandaarde (ISA) 240, moet ons ouditprosedures ook prosedures met betrekking tot bedrieglike aktiwiteite insluit.

Ons ouditprosedures het besprekings met bestuur in verband met bekende of verdagte bedrieglike finansiële verslagdoening of wanaanwending van bates ingesluit.

Ons het nie enige bedrieglike aktiwiteite deur die loop van ons oudit opgespoor nie.

3. Beduidende Ouditbevindinge

By bespreking van die oudit en beplanning vir die Ouditkomitee vergadering gehou op 6 Augustus 2015, is die volgende items uitgelig:

Reaksies tot beduidende risiko's	
Kwessie	**Beskrywing, Aanbeveling en Bestuur Terugvoer**
Eiendom, aanleg en toerusting - Reswaardes en nutsdure	*a) Beskrywing van ouditbevinding:* Reswaardes en nutsdure van eiendom, aanleg en toerusting word nie jaarliks heroorweeg nie, alhoewel die 2015 jaar die eerste jaar is dat die Algemene Sinode Aanleg en toerusting kapitaliseer is die n punt wat in ag geneem moet word vir die toekomstige jare - Hierdie is 'n vereiste van IFRS vir KMO's standpunt. *b) Aanbeveling:* Die Algemene Sinode moet jaarliks eiendom, aanleg en toerusting identifiseer wat 'n herverkoopsmark het en/of wat moontlik vir langer periodes gebruik sal word as aanvanklik beraam en moet nuwe reswaardes en nutsdure vir die eiendom, aanleg en toerusting bepaal.
Eiendom, aanleg en toerusting - Bateregister	*a) Beskrywing van ouditbevinding:* 'n Volledige opgedateerde bateregister moet bygehou word. *b) Aanbeveling:* Die bateregister kan soos volg verbeter word: i. Die bateregister moet deurlopend opgedateer word, en met die rekeningkundige rekords gerekonsilieer word om verskille te voorkom ii. Fisiese bate items moet behoorlik genommer en gemerk word volgens batenommer en reeksnommer om maklik identifiseerbaar en bevestigbaar te wees. iii. Bate-items op die bateregisters moet behoorlik omskryf, genommer en gemerk word volgens batenommer en / of reeksnommer. iv. Elke bate item moet 'n kosprys, huidige jaar depresiasie, opgelope depresiasie en drabedrag komponent aandui.

Inkomstes en Uitgawes	*a) Beskrywing van ouditbevinding:* Tydens die oudit was dit bevind dat van die inkomstes en uitgawes teen mekaar verreken word. Vollgens die raamwerk van IFRS vir KMO's moet inkomstes en uitgawes afsonderlik openbaar word. Sommige inkomste en uitgawe items is direk teen die betrokke fonds rekeninge verreken in stede van dat dit deur die Staat van Omvattende Inkomste erken word. *b) Aanbevelings:* Dat afsonderlike rekeninge geskep word vir die inkomste en uitgawes van elke fonds. Alle inkomste en uitgawe transaksies moet dan te boek gestel word deur sy Staat van Omvattende Inkomste rekening.
Ander finansiële bates **- Billike Waarde Aanpassings**	*a) Beskrywing van ouditbevinding:* Die finansiële beleggings se billike waarde aanpassings was direk aangeteken teen die waarde daarvan in die Staat van Finansiële Posisie. Die IFRS vir KMO's standpunt vereis dat die billike waarde aanpassings deur die Staat van Omvattende Inkomste te boek gestel word. *b) Aanbeveling:* Dat die billke waarde aanpassings in die toekoms teboek gestel word teen n billike waarde aanpassing rekening in die Staat van Omvattende Inkomste.
Invorderbaarheid van ABR debiteure	*a) Beskrywing van ouditbevinding:* Daar is nie tans voldoende beleid neergelê vir die hantering en invordering van ABR debiteure wat nie hulle fooie betaal nie. *b) Aanbeveling:* Beleid en prosedures mooet ingestel word om invordering van debiteure te verseker.

A.16.3 PREDIKANTESAKE

5. WYSIGINGS

5.3 GEDRAGSKODE

5.3.1 In sy ondersoek na die statutêre registrasie van predikante as pastorale beraders is inligting ontvang dat om dit reg te kry daar ’n gedragskode saamgestel moet word. Later het die ASM ook aan die ASP die opdrag gegee om ’n gedragskode saam te stel. Die ASP het ’n gedragkode saamgestel wat aan die ASM voorgelê is vir kommentaar. Enkele kommentaar is ontvang en verwerk. Die ASP lê die gedragskode aan die Algemene Sinode voor vir bespreking, wysiging en aanvaarding. Dit is aangeheg as **PREDIKANTESAKE BYLAAG GEDRAGSKODE.**

5.3.2 AANBEVELING: GEDRAGSKODE
Die Algemene Sinode
5.3.2.1 bespreek die Gedragskode.
5.3.2.2 gee opdrag aan die ASP om in oorleg met die ASR en Algemene Kuratorium die ASM te adviseer op welke wyse die gedragkode geïnkorporeer moet word by die
5.3.2.2.1 Opleiding van teologiese studente;
5.3.2.2.2 Legitimasieverklaring;
5.3.2.2.3 Personeelbeleid van kerklike werkgewers;
5.3.2.2.4 Diensooreenkomste tussen predikante en kerklike werkgewers.

GEDRAGSKODE

VIR PREDIKANTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

1. AANHEF

Predikante in die kerklike bediening se integriteit, geloofwaardigheid en eerbaarheid word ondersteun deur goeie en moreel-gefundeerde etiese gedrag. Christus verrig al sy dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees, en gebruik hiervoor onder meer die ampte van predikant, ouderling en diaken om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en wêreld (volgens Artikel 4 van die Kerkorde).

Predikante word egter op 'n besondere manier deur die Here geroep vir die voltydse kerklike bediening. Die grondslag vir hierdie roeping is 'n persoonlike verhouding met die Here. Van predikante word daarom verwag om hulle toewyding aan die Here uit te leef in hulle roeping, bediening, waardes en gedrag.

Om 'n hoë standaard te stel vir die predikante se daaglikse lewe en bediening is 'n gedragskode geformuleer. Tussen die ankerpunte van die Woord van God, gehoorsaamheid aan Christus, die belydenisskrifte van die kerk, die Kerkorde en alle ander kerkordelike en wetgewende bepalings is hierdie gedragskode dus 'n maatstaf vir die gedrag van 'n predikant.

2. DOEL

Die gedragskode dien om predikante te laat besef hoe groot God se goedheid en genade is om hulle in staat te stel om hierdie roeping uit te leef, Christus na te volg en ander tot diens te wees. Dit het ook ten doel om predikante te versterk in hul daaglikse lewe en bediening.

Hierdie gedragskode wil ook weer bevestig wat die verantwoordelikhede en risiko's is wat die kerklike bediening meebring en watter eise die bediening aan predikante stel. Daarom wil die gedragskode predikante ook help om, in die lig van die huidige eise van ons gemeenskap en tyd, gepas op te tree.

3. GRONDSLAG

Predikante:

3.1 vier die lewe met dankbaarheid en word voortdurend verras deur die liefde en genade uit die hand van die Vader, Seun en Heilige Gees;
3.2 leef in diepe afhanklikheid van God, wat onder andere insluit:

- 'n persoonlike verhouding met God Drie-enig,
- noue omgang met en 'n gehoorsame lewe wat voortspruit uit die Woord van God,
- 'n getroue en intieme gebedslewe en
- die praktiese uitlewing van hulle eie geloof en roeping in die kerklike bediening;

3.3 is oortuig van hulle roeping deur die Here vir die kerklike bediening en is daarom aan die Here en aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig (KO Artikel 12.2);
3.4 erken en benut die geestelike gawes wat hulle ontvang het tot eer van God, tot opbou van die kerk en koninkryk, tot die uitdra van die Evangelie aan en die versorging van alle mense;
3.5 bestudeer die Bybel, verkondig die Woord van God suiwer en verbeeldingryk, en respekteer ook die kerklike tradisies;
3.6 handhaaf 'n Christelike lewenstyl deur Christelike waardes en gedrag in stand te hou;
3.6 vestig gesonde en sterk verhoudinge, maar eerbiedig ook vasgestelde grense;
3.7 ken die eie beperkinge, beoefen gesonde oordeel, en leef as gebalanseerde mense;
3.8 bring situasies, persone of omstandighede tot volle potensiaal deur die regte, waardigheid en waardes van alle mense te respekteer;
3.9 aanvaar inklusiwiteit en skep ruimte vir diversiteit; en
3.10 is pligsgetrou en betroubaar in die uitvoering van verantwoordelikhede en opdragte.

4. DIE GEDRAG VAN DIE PREDIKANT

Predikante se positiewe uitleef van hulle roeping kom na vore in:

4.1 GESONDE VERHOUDINGE

Predikante handhaaf lojale en gesonde verhoudings met:

4.1.1 Die huweliksmaat, gesinsgenote en familielede
4.1.2 Lidmate en ander mense uit die gemeenskap
4.1.3 Kollegas deur onderlinge versorging en ondersteuning
4.1.4 Die kerkverband as die gemeente, kerkraad, ring en sinode

4.2 SELFSORG
Predikante sien om na eie welsyn deur:
4.2.1 volgehoue aandag te skenk aan die eie fisiese, geestelike en emosionele gesondheid;
4.2.2 gereelde beoefening van geestelike dissiplines;
4.2.3 gereelde gesprek met ’n mentor of begeleier;
4.2.4 gereeld beskikbare verlof te neem;
4.2.5 sensitief te wees vir waarskuwingstekens in eie gedrag, gemoedstoestand en liggaamlike toestand wat kan dui op ’n ongesonde en onversorgde lewe;
4.2.6 bedag te wees op moontlike gewoontevormende gedrag deur negatiewe invloede en gewoontes; en
4.2.7 beoefening van lewenslange leer, voortgesette bedieningsontwikkeling en bedieningsvernuwing.

4.3 VERTROULIKHEID
Predikante handhaaf die hoogste vlakke van vertroulikheid deur:
4.3.1 die reg op privaatheid van ander te erken;
4.3.2 vertroulike inligting sensitief en korrek te hanteer; en
4.3.3 slegs inligting wat wetlik vereis word aan die belanghebbendes beskikbaar te stel.

4.4 DIE EERBIEDIGING VAN GRENSE
Predikante tree in ’n pastorale en/of terapeutiese situasie op binne die grense wat daarvoor gestel word:
4.4.1 Waar berading buite die vermoë en opleiding van die predikant val, verwys die predikant die persoon.
4.4.2 In alle omstandighede (berading, advies en geestelike versorging) word ’n gesonde fisiese en emosionele afstand gehandhaaf.
4.4.3 Riskante situasies word vermy.

4.5 MISBRUIK
Predikante misbruik nie eie posisie en/of mense in die uitoefening van dienswerk nie:
4.5.1 Misbruik van mag of status is ontoelaatbaar;
4.5.2 Vertroue wat mense in predikante stel, word nie vir persoonlike voordeel aangewend nie;
4.5.3 Finansiële, emosionele en seksuele gunste en gawes word onder geen omstandighede toegelaat nie;
4.5.4 Die misbruik van kinders en ander weerlose persone is verbode.

4.6 DISKRIMINASIE, INTIMIDASIE EN TEISTERING
Predikante skep ’n omgewing waar professioneel opgetree word en wat vry is van enige vorm van diskriminasie, intimidasie en teistering:
4.6.1 Die gelykwaardigheid van alle mense as geskape na die beeld van God word gehandhaaf.
4.6.2 Daar word met verdraagsaamheid en inskiklikheid teenoor ander opgetree.
4.6.3 Afbrekende en onwelvoeglike taalgebruik is nie geoorloof nie.
4.6.4 Enige vorm van teistering, seksueel of andersins, is verbode.

4.7 BESTUUR EN ADMINISTRASIE
Predikante tree noukeurig, deursigtig en eerlik op in die daaglikse bestuur en administrasie:
4.7.1 Pligte word getrou uitgevoer soos omskryf en ooreengekom.
4.7.2 Tyd word goed bestee.
4.7.3 Aanspreeklikheid word vir eie optrede aanvaar.
4.7.4 Rentmeesterskap word beoefen.
4.7.5 Konflik van belange word vermy.
4.7.6 Bronne word reg en met verantwoordelikheid aangewend.
4.7.7 Ontvanklikheid vir evaluering word geopenbaar.
4.7.8 Elektroniese en sosiale media word verantwoordelik en sonder enige benadeling van die amp of posisie, gemeente, kerkverband en die eie persoon gebruik.

5. SLOT
Hierdie gedragskode is tydens die Algemene Sinode se sitting in Oktober 2015 aanvaar en is van toepassing op alle predikante met bevoegdheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die nie-nakoming van die gedragskode kan lei tot die opskorting/verlies van bevoegdheid.

A.19 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

1. AGTERGROND EN OPDRAG

Die inligting word weergegee in pt 1 van **BYLAAG SELFDEGESLAGVERHOUDINGS.**

2. ETOS

2.1 Die Moderamen het hulleself deurentyd daaraan herinner dat die werk van die Taakspan, die Moderamen se refleksie daarop asook die gesprek tydens die Algemene Sinode moet geskied aan die hand van die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.
2.2 Die Moderamen wil in hierdie verslag herhaal wat al vantevore gesê is en dit *weer* onderstreep: die werk van die Moderamen en die Taakspan asook die hantering hiervan by die Algemene Sinode geskied met pastorale deernis. Die Moderamen wil ook weer sê dat die gesindheid by die Moderamen is om met hiérdie deernis te praat: met almal te praat en dat ons nog nie klaar gepraat het nie.

3. VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN

3.1 Die Taakspan het deurlopend aan die Moderamen terugvoering gegee oor hulle werk en vordering.
3.2 Die Moderamen kon nie soos beplan die verslag van die Taakspan by sy vergadering in Junie 2015 hanteer nie as gevolg van die skielike siekte van dr Andries Kritzinger.
3.3 Die Moderamen het ’n buitengewone vergadering vir 9–10 September 2015 belê om hierdie verslag (asook enkele ander verslae) te hanteer. Die grootste deel van die tyd van hierdie vergadering is aan die Taakspan se verslag afgestaan.
3.4 Die Moderamen het hom nie uitgespreek oor die verslag se inhoud en aanbevelings nie. Die Moderamen en die Taakspan het konsesus dat die aanbevelings van die Taakspan nie in die in die verslag aan die Algemene Sinode vervat word nie.
3.5 Die verslag van die Taakspan is aangeheg as **BYLAAG SELFDEGESLAGVERHOUDINGS.**

4. AANBEVELINGS: SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die terugvoering van die Moderamen ten opsigte van die opdrag rakende selfdegeslagverhouding.
4.2 Die Algemene Sinode reël ’n gefasiliteerde gespreksgeleentheid oor die opdrag ter vergadering.
4.3 Die Algemene Sinode besluit om die opdrag voort te sit en besluit ter vergadering oor die raamwerk vir die voortgesette navorsing en dialoog.

BYLAAG SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

VERSLAG VAN TAAKSPAN OOR ETIESE RIGLYNE VIR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

1. AGTERGROND EN OPDRAG

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (voortaan AS en NG Kerk) het gedurende die afgelope jare ruim aandag aan verskeie aspekte van homoseksualiteit[1] gegee.

In die ontwikkeling van die AS se standpunt oor homoseksualiteit, figureer die besluit van 2007 in sekere opsigte as ’n waterskeiding. Teenoor die standpunt van 1986 waarin homoseksualiteit as ’n afwykende vorm van seksualiteit beskou is en selfdegeslagverhoudinge gevolglik afgekeur is as in stryd met God se wil, is 2007 se verslag grondliggend ’n beweging tot die simpatieke verstaan van homoseksualiteit as ’n variant binne die spektrum van seksuele oriëntasie-moontlikhede; dus ’n beweging in die rigting van insluiting. Dit is daarom belangrik om die volledige besluit van die Sinode onder oë te hê :

Die Algemene Sinode (2007) besluit soos volg:
1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Die Sinode het besluit dat hierdie 8 punte as ’n eenheid gelees en verstaan moet word.

Die homoseksuele oriëntasie van mense word volgens hierdie besluit nie langer as ’n patologies-afwykende seksuele oriëntasie beskou nie. Dit mag ook nie as grond aangevoer word om diesulkes uit die geloofsgemeenskap te weer en hulle die voorregte van lidmaatskap te ontsê nie.

Die uitspraak van die AS 2004 oor die aard van die huwelik as die eksklusiewe verbintenis tussen een man en een vrou is pertinent herhaal en in ’n sin verder uitgebrei deur die opmerking dat homoseksuele verbintenisse en -huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

Wat die leraarsamp betref: homoseksuele persone kan slegs leraars van die kerk word/wees as hulle onderneem om selibaat te bly.

Dis teen hierdie agtergrond dat die AS 2013 ’n prosesvoorstel aanvaar het wat soos volg lui:

Die Algemene Sinode
3.1 bevestig dat die besluite van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na deeglike eksegetiese en teologiese studie,

[1] In hierdie verslag word deurgaans verwys na homoseksualiteit met volle bewussyn dat seksualiteit en geslagtelikheid veel meer kompleks en divers is as die binêre onderskeid tussen homoseksuele en heteroseksuele mense.

3.2 gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit ’n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie,
3.3 besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie,
3.4 verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid

Die standpunt van die AS 2007 is dus tydens die vergadering van 2013 met ’n enkele byvoeging herbevestig: Die AS besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.[2] Daarby het ons onsself, ook wat hierdie kwessie betref, aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid verbind en gaan die proses om die verstaan van die status van selfdegeslagverhoudinge voort.

Hiermee het ons die huidige standpunt van die NG Kerk rakende homoseksualiteit.

Die ASM het na aanleiding van die opdrag tot studie oor die status van selfdegeslagverhoudinge (3.2 van 2013 se besluit) die volgende lede as taakspan (voortaan TS) benoem: Andries Kritzinger (sameroeper), Elize Morkel, André van Niekerk en Riaan Venter. Laasgenoemde het verskoning gemaak en nie die opdrag aanvaar nie.

Die ASM het in sy riglyne aan die taakspan onder andere gevra: “’n Openbare gesprek/konferensie waar die saak deursigtig bespreek word, te reël en belanghebbendes, ouers, gay-persone, terapeute, medici, predikante wat gay-gemeentes bedien, ens te betrek. Die etiek van gay-verhoudings moet ook hier aangespreek word.”

2. DIE PROSES WAT GEVOLG IS

Die TS het besef dat die opdrag oor die status van selfdegeslagverhoudinge in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie nie sonder meer duidelik is nie.

Dit het wel uit die bewoording van die AS se bogenoemde besluit in 2013 geblyk dat ’n omvattende eksegeties-teologiese studie nie verlang word nie aangesien daar (1) geoordeel is dat die besluite van 2007 “na deeglike eksegetiese en teologiese studie” geneem is (punt 3.1) en (2) dat die studie oor die status van selfdegeslagverhoudinge “in voortsetting” van 2007 se verslag gedoen moet word (punt 3.2).

Ons het as TS tussen juridiese[3] en etiese status onderskei en op laasgenoemde gefokus. ’n Ondersoek na die etiese status van selfdegeslagverhoudinge is vir ons ’n vraag na die kerkordelike hantering van homoseksuele lidmate sowel as na die moontlikheidsvoorwaardes uit ’n Skriftuurlike en Gereformeerde perspektief van eties aanvaarde en gelukkige verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag.

Vanweë hierdie aard van die opdrag is openbare gesprekke gereël wat in Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria plaasgevind het. Heelwat persone het by al drie sentra aan hierdie openhartige gesprekke deelgeneem.

Die TS het ook toestemming ontvang om deur *Die Kerkbode* ’n uitnodiging te rig dat belanghebbende persone en gemeentes skriftelike bydraes kon lewer gedagtig aan die fokus van die TS se opdrag naamlik ’n ondersoek na die etiese status van selfdegeslagverhoudinge. Heelwat skriftelike bydraes is ontvang.

Al die gespreksinhoude is versamel en die geskrewe kommentaar is nagegaan en word in bewaring gehou. Die omvangrykheid van al die meninge is sodanig dat dit nie in besonderhede in die verslag weergegee kan word nie. Talle kommentaar en menings is ook tot ’n groot mate ’n herhaling van die deeglike en omvattende standpunte wat in 2007 voor die AS gedien het.

[2] Let wel: dit beteken nie dat die selibaatvereiste van 2007 opgeskort is nie.
[3] As TS is ons bedien met uiteenlopende kommentaar rakende die juridiese posisie van homoseksuele persone in werkkringe en rakende die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Civil Unions Act (17 of 2006). Ons besef dat daar nie net wetgewing is om die menswaardigheid van alle mense te respekteer en te beskerm nie (Grondwet Artikel 9.3 en 10), maar ook die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening asook die reg op vryheid van assosiasie (Grondwet artikels 15 en 18). Hoewel ons kennis neem van hierdie wette, gaan ons nie ons etiese oordeelsvorming hiervan afhanklik maak nie.

Die TS wil graag vertel wat ons gehoor het. Ons kan dit uiteraard nie op objektiewe en onbetrokke wyse doen nie. Tog is ons oortuig dat ons kort samevatting van wat ons gehoor het die NG Kerk en die ekumene tans die beste kan dien. Ons kon ook nouliks anders as om na maande se gesprekke en refleksies kommentaar te lewer op wat ons eerstehands gehoor het ten einde 'n uitweg te help vind. Ons probeer om hierdie kommentaar sover moontlik te skei van wat ons gehoor het en plaas dit daarom in 'n raam. Ons verslag as *vertelling* wil graag help sodat die proses van afhanklikheid van die Gees, van onderskeiding van die Woord en van luister na mekaar steeds kan voortgaan.

3. TAAKSPAN SE BEVINDINGE

Die TS het na verskeie luister- en gespreksessies die volgende bevind:

3.1 DIE KERK IS IN 'N MORELE IMPASSE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGE

Uit ons ontmoeting en gesprekke met lidmate van uiteenlopende oortuigings en ervaringe het ons opnuut beleef dat die kwessies oor selfdegeslagverhoudinge die NG Kerk – soos ook ander kerke – in 'n byna onhoudbare dilemma plaas:

*** Enersyds is daar die massale pyn van vooroordeel, veroordeling en verwerping van homoseksuele lidmate en hulle families.**

Ons as TS het toenemend bewus geword van die hartseer, pyn, wroeging en onsekerheid wat homoseksualiteit en die hantering daarvan in individue, families, vriendekringe en gemeentes meebring.

Die pyn van anderswees word alreeds op jong ouderdom ervaar. Aanvanklik is daar die diepe en eensame worsteling of jy jou ware menslikheid moet wegsteek deur met voorgee en maskers te leef en of jy dit moet waag om eerlik oor jouself te wees. Eerlikheid beteken egter dat jy waarskynlik 'n slagoffer van stereotipering, stigmatisering en veroordeling sal word; dat jy een van die basiese voorwaardes vir gelukkige menswees, naamlik aanvaarding en respek, sal ontbeer en voortdurende veroordeling en uitsluiting sal ervaar. Sommige ervaar dat die verwerping "selfs van Christene" kom, terwyl ander dit beleef as dit "veral van kerkmense" kom.

Die pyn van ouers en grootouers het ons ook diep getref. Sommige ly aan die pynlike verwerking van hulle eie afsku aan hulle kind/kleinkind wat aan "'n afskuwelike seksuele sonde" – volgens die algemene kerk- en kultuuropvattinge – skuldig sou wees. Daar is gesinne wat skeur aangesien ouers en ander gesinslede dikwels verskillend reageer. Sommige aanvaar en hou aan om onvoorwaardelik lief te wees vir hul homoseksuele gesinslid terwyl ander veroordeel en gedeeltelik of heeltemal onttrek. Almal ly, ook die wat as gesin by mekaar bly, want hulle vrees die vooroordeel van die samelewing. Ouers word ook dikwels gekonfronteer met die verlies aan drome wat hulle vir hul kinders gehad het wat veral die drome van huwelike en kleinkinders insluit. Baie ouers ervaar worsteling oor hul kinders se redding en aanneemlikheid voor God.

TS-kommentaar: Ons het as TS besef dat indien ons hierdie pyn ignoreer, daaroor probeer swyg of versuim om iets daadwerklik tot heling te doen, dit ook 'n etiese keuse is wat ons maak met drastiese gevolge. Wanneer die kerk hierdie pyn nie duidelik genoeg raaksien om met begrip en fyn aanvoeling te kan optree nie, word ons homoseksuele lidmate, hulle families en vriende van hul geloofsgemeenskap en selfs van hul binding aan God vervreem. Die kerk werk dus mee om die pyn wat hulle ervaar verder te legitimeer in plaas daarvan om die Skriftuurlike eis na te kom wat vra dat ons die swaar pad van volle medelye saam sal stap.

*** Andersyds is daar predikante, lidmate en evangelikale groepe wat die hantering van die homoseksuele-kwessie as 'n toetsteen beskou. Vir hulle gaan dit of die NG Kerk en AS nog voor die Skrif as hoogste gesag buig of nie.**

Sou die kerkleiding nie volgens hierdie persone se Skrifbeskouing en -interpretasie optree nie, ontstaan die persepsie dat die NG Kerk willekeurig sou wees oor die opdragte en eise van die Bybel en onderdanig is aan die huidige tydsgees se relativisme en immorele seksuele gedrag.

Kerke se worsteling om die volle menswaardigheid van homoseksuele lidmate te erken, sou volgens wat ons by sommige gespreksgenote gehoor het, nie vanuit gehoorsaamheid aan Christus se liefdesboodskap

en die Skriftuurlike aanvaarding van alle mense se menswaardigheid gedoen word nie, maar sou gedoen word vanuit aanpassing en druk by Westerse samelewings waar homoseksuele verdraagsaamheid en selfdegeslagverbintenisse toenemend aanvaar word. Die hedendaagse aanvaarding (en bevordering van die aanvaarding) van selfdegeslagverhoudinge word in rolprente en TV-sepies, maar ook in referendums, wetgewing en hofuitsprake weerspieël en dit sou ons "breinspoel".[4]

TS-kommentaar: Een van die persepsies wat ons met eenstemmigheid kan teëwerk, is die persepsie dat die NG Kerk immorele seksuele gedrag al hoe meer sou toelaat. Die AS behoort dalk dit weer duidelik te stel dat hierdie indrukke nie waar is nie en dat ons alle vorme van "goedkoop genade" (Bonhoeffer) teëstaan.

Die NG Kerk se verknorsing, waarvoor daar nie 'n maklike oplossing is nie, is volgens ons:
-Indien ons selfdegeslagverhoudinge aanvaar, sal dit vir talle lidmate en evangelikale groepe 'n bewys wees van ons ongehoorsaamheid aan, wat hulle beskou as, die direkte Skrifuitsprake teen homoseksualiteit.
-Indien ons egter hierdie lidmate en groepe rustig en tevrede in die kerk wil hou deur selfdegeslagverhoudinge af te keur, sal ons ontrou wees aan die Skrifboodskap van Christus oor die menswaardigheid van alle mense en die aanvaarding van alle mense en hul insluiting in God se genadeverbond.

Dit lyk nie of ons almal heeltemal tevrede kan stel nie. Dalk kan ons ruimte vir mekaar maak. Ons ervaar dat ons die afgelope jare gegroei het en mekaar waardiger verdra as voorheen. Daarom is dit noodsaaklik dat ons prinsipieel en selfkrities sal wees om, soos dit gereformeerdes betaam, ons deur die Woord en Gees te laat lei.

3.2 ONS GEREFORMEERDE HERMENEUTIEK WORD INKONSEKWENT TOEGEPAS
Ons het ongelukkig bevind dat ons juis oor hoe ons deur die Woord en Gees gelei word, van mekaar verskil.

Sommige van ons gespreksgenote betwyfel die voorstanders vir aanvaarding van selfdegeslagverhoudings se Skrifinterpretasie. Hierdie gespreksgenote staan hoofsaaklik by die interpretasie van Skrifgedeeltes soos in 2007 se uitvoerige *Bylaag 2 Homoseksualiteit* opgeneem is (AS 2007. Handelinge p 164–231).

Ander gespreksgenote het die inkonsekwente wyse waarop die Skrif deur gelowiges geïnterpreteer word, beklemtoon. Voorbeelde van inkonsekwentheid in Skrifinterpretasie is die volgende:

*** Egskeiding.** Daar is volgens ons gespreksgenote duidelike Skrifuitsprake teen egskeiding en 'n verbod om weer te trou. Dit is een van die Tien Gebooie, dit word deur Jesus self volgens die Evangelies beklemtoon en daar is nie onduidelikheid oor wat "egskeiding" vandag inhou of destyds beteken het nie.

Terwyl daar so 'n duidelike afkeer in bepaalde Bybelgedeeltes teen egskeiding is – word die Bybelse egskeidingsverbod volgens ons gespreksgenote vandag nie langer streng en beslis nie letterlik gevolg nie. Egskeiding word wel betreur, maar geskeides word volledig aanvaar. Hertrou word vandag vanselfsprekend toegelaat. Slegs by leraars is daar nog kerklike tugondersoeke.

Hierdie gespreksgenote is nie noodwendig teen hierdie toegeeflike praktyk gekant nie. Hulle meen 'n Skrifhantering is gevolg waardeur (1) na die deurlopende boodskap van vergifnis en genade geluister is; (2) ingesien is dat die aard van die huwelik vandag en die omstandighede drasties verskil van die onreg en ellende waarin geskeide vroue destyds beland het; en (3) besef word dat 'n wettiese verpligting teen egskeiding en hertrou vandag juis onreg en ongelukkigheid – wat Jesus se optrede destyds juis wou verhoed – kan vererger.

[4] Ons durf nie die tydsgees (of eerder tydsgeeste!) as 'n faktor in etiese oordeelsvorming ontken nie. Ons loop almal die gevaar om op sleeptou geneem te word – hetsy om sonder behoorlike onderskeiding by 'n mode of neiging in te val óf om sonder onderskeiding teen 'n mode of neiging gerig te wees. Ons herken maklik 'n tydsgees se invloed op die mense met wie ons verskil, maar sien moeilik raak dat onsself deur 'n tydsgees of ideologie of wat ons dit ookal wil noem, beïnvloed word. Is die kerkgroepe wat haat en geweld in Afrika teen homoseksueles goedpraat nie onder invloed van 'n tydsgees in die evangelikale kringe nie? Mag die Here aan ons almal kritiese onderskeidingsvermoë gee.

"Waarom is ons nie konsekwent met die kwessies betreffende homoseksualiteit nie?" is in min of meer hierdie woorde aan ons gevra. Moet Skrifgedeeltes oor homoseksualiteit nie op dieselfde wyse hanteer te word met behoorlike inagneming van die sentrale boodskap van die Bybel en 'n deeglike oorweging van die lewensuitkyk en omstandighede van destyds teenoor die van vandag nie? Byvoorbeeld: 'n Manlike vyand is destyds ten diepste verneder en gestraf deur hom soos 'n vrou te verkrag. Hierdie afskuwelike praktyk tesame met die skreiende wyse waarop vroue geminag is, durf tog nie nou gebruik word om homoseksuele verhoudinge te beoordeel nie, is geredeneer.[5]

* **Vroue se status.** Daar is onverbloemde Bybelse uitsprake teen vroue in gemeentelike leiersposisies, oor vroue se ondergeskiktheid aan hulle mans, die verbod op die dra van "manlike" kleredrag en die verpligting tot die dra van hoofbeddekings in die erediens, is in gesprekke aangevoer.

Dink maar aan sterk Bybelse uitsprake wat destyds in die debat oor vroue in die amp gebruik is. Die ergste was waarskynlik 1 Timoteus 2 waar vroue se ondergeskiktheid met 'n dubbele bewys – uit die skeppingsorde en uit die heilsgeskiedenis van die sondeval – geregverdig word: Vroue is tweede geskape en het boonop eerste in sonde geval!

'n Deeglike analise van die konteks van die gemeentelike- en kulturele omstandighede destyds, die besef van ons eie patriargale denkraamwerk en kultuur oor eeue, die oorwegende getuienis van die Bybel oor geregtigheid aan almal, die volle menswaardigheid van vroue asook die verrassende aard van die nuwe gemeenskap 'in Christus' het ons egter laat insien dat gelowige vroue volledig gelykwaardig is aan gelowige mans (bv volgens Gal 3: 26–28 is daar "in Christus" nie meer kulturele, ekonomiese of seksuele diskriminasie nie).

Hierteenoor word tekste waarin homoseksualiteit afgewys word, steeds op a-historiese wyse gehandhaaf sonder om die historiese afstand tussen teks en leser en die andersheid wat destyds gegeld het behoorlik in ag te neem. Dit vind volgens hierdie lidmate ook plaas sonder 'n kritiese bewussyn van ons eie denkraamwerke sonder die Nuwe Testamentiese eise om menswaardigheid aan almal te verleen en sonder inagneming van die totale andersheid van die herskepping deur die Gees en die alternatiewe aard van die nuwe eskatologiese gemeenskap in Christus.

TS-kommentaar: Ons het as TS besef dat ons as NG Kerk, om vroue se volle menswaardigheid konsekwent te aanvaar, ons inderdaad destyds deur 'n Gereformeerde Skrifgesag en Skrifhantering laat lei het (vir die NG Kerk se standpunt oor *Skrifgesag en Skrifgebruik* vergelyk AS 1986. Handelinge p 592–594; *Skrifberoep in etiese sake* vergelyk AS 1990. Agenda p 124 en Notule p 562; *Gesag van die Skrif* vergelyk AS 2002. Agenda p 201–210, Notule p 548 en Besluiteregister p 622; *Skrifgebruik en Skrifgesag* vergelyk AS 2004. Agenda Deel II p 129, Inhoudelike notule p 372, Kronologiese notule p 324 en Besluiteregister p 434). Die AS behoort dit ernstig te oorweeg om 2007 se twee eksegeties en teologiese verslae aan die hand van bogenoemde riglyne sowel as aan Leerstellige en Aktuele Sake se nuutste verslae oor *Verkennende oriëntering vir die voorlegging van die huidige gesprek* en *Ons Christelike geloof en die wetenskap* te toets.

* **Verbod op ontmandes.** Daar is 'n duidelike verbod in Deuteronomium 23:1 dat ontmandes nooit deel van die gemeente van die Here (*Qehal Jahwe)* kan word nie, het ons gehoor.

Verrassend vind Filippus volgens Handelinge 8 geen rede om te "verhinder" *(koluein)* dat die "ontmande" (*eunouchos* – hy word 5 keer so aangedui, waarskynlik om die erns van sy seksuele andersheid te beklemtoon) gedoop en ingelyf word in die "vreemde", "nie-natuurlike", nuwe eskatologiese geloofsgemeenskap van Jesus Christus. Die *eunug* glo immers in Jesus as Seun van God!

Hierteenoor word die seksuele andersheid van homoseksuele lidmate steeds beklemtoon, is van heteroseksuele lidmate wat pleit vir aanvaarding van selfdegeslagverhoudinge, gehoor. Hulle hele

[5] Die TS het ervaar dat hierdie antieke praktyk en houding net te vreemd klink vir mense om begryp te kan word. Mense het klaarblyklik 'n soort romantiese gevoel oor Bybeltye en kan nie glo dat sulke gesindhede in Bybeltye bestaan het nie. Die oorgrote meerderheid van historiese navorsers en eksegete wat ons hieroor geraadpleeg het, is egter eens oor die bestaan van die verkragtingspraktyk en minagting van vroue.

mensheid word volgens hulle seksualiteit gedefinieer.[6] Hulle word as gelowiges nie volle lewens of nie volle kerklike leierskap gegun nie.[7]

TS-kommentaar: Bogenoemde voorbeelde hou almal met seksualiteit en geslagtelikheid (*gender*) verband en is deur ons gespreksgenote beklemtoon. Daar is ook ander voorbeelde aan ons genoem (soos die verbod op lenings met rente, Sondaginrigting, skeppingbeskouinge en die kwessie van slawerny) waar Bybelgedeeltes nuut in die lig van ander Bybelgedeeltes en die sentrale bedoeling (skopus) van die Bybel verstaan is sonder dat daar 'n direkte inhoudelike wysiging van 'n Bybelgedeelte deur 'n ander Bybelgedeelte hoef te wees (vergelyk ander argumentasies hieroor in AS 2007. Agenda Bylaag 2 Homoseksualiteit, p 164–231). Daarmee saam is met die die leiding deur die Heilige Gees, die getuienis van gelowiges, die veranderde konteks, die duidelik-wordende genade in die openbaring van God en ook die bede dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat ons na behore kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1: 9,10), rekening gehou.

Ons durf nie een etiese kwessie volgens 'n ou resep van tekste aanmekaar te lys, oplos terwyl ons ander kwessies met versigtige hermeneutiese riglyne in 'n wye luisterproses hanteer nie. Ons opdrag vir hierdie verslag is nie om die eksegetiese ondersoek na die sogenaamde gay-tekste te herhaal of te hervat nie. Ons kon dit egter ook nie ignoreer nie. Ons gespreksgenote, met uiteenlopende standpunte, het soos ons graag in ons geloofstradisie doen, na hierdie tekste in hulle standpunte verwys.

Die artikels van dosente aan ons Teologiese Fakulteite hieroor is ook nagegaan en daar is 'n groot mate van konsensus. Hierdie teksgedeeltes stel 'n besondere leesuitdaging en vereis 'n interpretasieproses wat met die beste inligting tot ons beskiking rakende historiese en kulturele agtergrond, skrywers/redaksionele doelwitte en vertalingsproblematiek werk. Kortom gesê : Daar staan klaarblyklik nie wat ons met 'n eerste opslag en op die klank van die vertaalde woord "homoseksualiteit" af dink daar staan nie. Die kulturele omstandighede is net soveel anders as vandag dat ons vrae het oor wat die tekste se afwysings van seksuele geweld en -onreg vandag beteken. [8]

Ons het ook gehoor dat lidmate verward is oor die kerk gereeld van mening verander. Daarby het ons ook verneem dat lidmate en selfs predikante 'n oorvereenvoudige verstaan van die Bybel en veral die historiese agtergrond en afstand het. Bv: "As die monogame huwelik deur God self in Genesis ingestel is, mag ons nie daaraan verander nie". Op navraag het dit geblyk dat daar nie begrip was van verskillende stadia waardeur huwelik in verskillende kulture en kontekste beweeg het nie.

TS-kommentaar: Dit is heeltemal te verstane dat die hermeneutiese problematiek en die daaruitvolgende etiese dilemmas mense met 'n gevoel van onsekerheid en selfs agterdog teenoor die 'uitleggemeenskap' kan laat; tradisionele opvattings wat na eeue bevraagteken word, het onrus tot gevolg, veral as hierdie

[6] Die TS is oortuig dat dit ons as NG Kerk sal baat om in die Seisoen van Menswaardigheid diep voor God na te dink oor die rol wat ons as kerklike gemeenskap speel om mense te help om 'n gesonde identiteit te vorm. Die opstelle wat die gereformeerde teoloë J Wentzel van Huyssteen en Erik P Wiebe saamgestel het (*In Search of Self: Interdisciplinary Perspectives on Personhood*) is dalk 'n goeie vertrekpunt hiervoor. Nodeloos om te sê dat die verskraling van 'n persoon se identiteit tot haar/sy seksuele oriëntasie, wat boonop deur sommige as bedenklik of selfs as verwerplik beskou word, in die lig van interdissiplinêre bevindinge én 'n Christelike mensbeskouing ten sterkste afgekeur moet word. Die wye kerklike gebruik deur Bybeltekste uit Rigters oor heteroseksueles wat gruwelike verkragting pleeg aan te wend om homoseksuele persone en hulle soort seksualiteit te beoordeel, kan tog in God se naam nie toegelaat word nie.

[7] 'n Uittreksel uit 'n toespraak van Rev Mary Gilbert (Lichfield) in die verband tydens 'n sinode van die Anglikaanse kerk in Brittanje is lesenswaardig. "For many years, lesbian and gay Christians have lived a sort of half-life within our Church. Over years of faithful Christian life and worship, they have been implicitly accepted by their local church, as long as no one mentions their sexuality. This has meant that, every time they go to church or engage in church activities, they have had to lock away a fundamental part of who they are. Is this abundant life?"

[8] In Cas Wepener se boek *Kookpunt! Nadenke oor woede: 'n gelowige reaksie van 'n ontnugterende nasie* word grondig vanuit die Rigters se bedoeling en die historiese omstandighede destyds gewys hoe verhale ('rillers') soos Rigters 19 funksioneer om woede op te wek en ons help om van skreiende onreg, wreedheid en magsmisbruik bewus te raak, dit te benoem en te besweer. Dis 'n navolgingswaardige voorbeeld van hoe die Bybelteks met ons praat en ons nie die teks gebruik om eietydse verskynsels te regverdig nie.

opvattings saamhang met ’n wyse van lees van die Bybel en ’n opvatting rakende die gesag van die Skrif wat literalisties gebind word aan geïsoleerde teksplase.[9]

Daar moet konsekwentheid wees wanneer ons by hermeneutiese krisisse kom. ’n Hermeneutiese krisis is een waarin die ‘vanselfsprekendheid’ van ’n teks se vermeende betekenis skielik onder druk kom en ’n verstaansvraag daaroor onontwykbaar word.

Hermeneutiek (of Verstaankunde) is veel meer as net die aanvaarding van ’n (Bybel)teks se gesag en ’n samevoeging van eksegetiese metodes en tegnieke. Hermeneutiek ondersoek, dieper as die vraag na metode en tegniek, verstaan as sodanig. Aspekte soos kontekstualiteit, historisiteit en die konkretisering daarvan in strukture van mag, polities en kultureel, asook die verbergende funksie van ideologiese taalgebruik, word bedink in die vraag hoe die (makro)teks van die lewe en die “teksfragment” wat aangehoor word, met mekaar saamhang.

Ons het in ons gesprekke ongemak beleef oor die wyse waarop nie alleen Skrifuitleg gedoen word nie maar ook hoe Skrifgesag verstaan word. Die belydenis van die gesag van die Skrif moet selfkrities en versigtig hanteer word.[10] Gesag mag in ons gereformeerde hermeneutiek nie ’n kortpad word om God se wil op die klank af in ’n aaneenryg van tekste te vind, terwyl belangrike aspekte in die interpretasieproses soos die lesersperspektief, die werkingsgeskiedenis van ’n teks, keuse vir seleksie van tekste, moralistiese doelwitte en selfs ook ’n keuse oor watter deel van ’n teks gesagsvol sou wees, buite rekening gelaat word nie [11].

Die gesag van die Skrif berus op God se gesag en nie primêr omdat ons as Kerk die Skrif as kanonies aanvaar het nie.[12] Gesag is die uitkoms van ’n voortdurende interpretasieproses wat lei tot geloofsverstaan waarin nuwe lewensmoontlikhede as uitnodiging en toesegging betroubaar en geloofwaardig meegedeel word. Gesag is binne geloofsverstaan dialogies en pneumaties van aard.

Gesagsherkenning en gesagserkenning leef immers in en vanuit die ontmoetingsgebeure (met God en die ander) wat geloof tot gevolg het. Daarom kan die gesag van die Skrif nie gebruik word om stellings te regverdig wat losgemaak is van konteks en ander getuienis ten einde regsinnigheid te demonstreer nie. ’n Christen behoort nie te sê: “Hierdie (Bybel)teks is gesagsvol en daarom is my afleidings ook gesagsvol nie” maar eerder: “Hierdie Woord het my diep in my hart getref, waarskynlik vra die Gees van my om…”. Sonder “Woord” word ons subjektivisties en relativisties; sonder “Gees” word ons wetties en fundamentalisties. Skrifgesag moet konkreet en prakties uitmond in verdiepte verstaan, verrykte lewensontplooiing en groter onderskeiding van wat liefde in bepaalde omstandighede beteken.

’n Hele paar predikante – dienend in gemeentes en ten minste drie emeriti – het aan ons genoem dat hulle nie kan begryp waarom ons kerk nie die andersheid van Christus, sy kruisliefde, sy verrassende aanvaarding van alle mense en die buitengewoonheid van die nuwe allesinsluitende gemeenskap in Christus sterker as beslissende norm gebruik nie.

---

[9] Hierdie konflik van interpretasie is nie iets nuuts nie – dis so oud soos die kerk self. Die vraag hoe Christene die OT in die lig van die Paaservaring lees, het hulle in konflik met die Sinagoge gebring. Daar is soortgelyke “hermeneutiese situasies” uit ons eie verlede aan te merk: dink maar aan die onverkwiklike stryd teen die Skriftuurlike regverdiging van apartheid en ander voorbeelde vroeër genoem.

[10] “Gesag volgens die Bybel , en derhalwe ook die gesag van die Bybel, is geensins die dwang van ’n tiran nie, maar die ‘sagte geweld’ van die Gees. Gods Gees oorrompel nie maar oorreed…Die Heilige Gees skakel nie die menslike verstand uit nie, maar in. Die Gees maak ons nugter en leer ons om ons verstand verstandig te gebruik…” (AS 2002. Agenda. *Gesag van die Skrif*, p 201–210; Notule p 548).

[11] Dit blyk duidelik uit die gevalle waar die sogenaamde anti-gay tekste letterlik, op die woordklank af, uitgelê word, maar sonder om daarop aan te dring dat die betrokkenes doodgemaak word soos wat bv Levitikus duidelik beveel. Ons moes argumente aanhoor soos: “Hoekom kies ’n mens om aan die een deel van die teks gehoor te gee en die res te verontagsaam?”

[12] “Die AS verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primêr rus op die blote feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word dit reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap, naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word” (AS 2002. Besluiteregister. *Gesag van die Skrif*, p 622).

TS-kommentaar: Sou die medelye, begrip, toename in liefde en die gawe van onderskeiding wat ten opsigte van egskeiding, die status van vroue en die aanvaarding van die ontmande nie te make hê met 'n ou hermeneutiese reël dat ons uitleg altyd een van liefde moet wees nie? Die uitleg van die Skrif moet ooreenstem met die reël van geloof en liefde (Helvetiese Konfessies) en geen uitleg van die Woord mag ontvang word sonder die reël van liefde nie (Skotse Konfessie). Alreeds by Hillel en Augustinus vind ons dat alle eksegese deur die beginsel van medelye (*principle of charity*) begelei moet word[13].

Die vraag is wat die oorwig moet kry – die voordeel van die twyfel – wanneer Christene blootgestel is aan twee stelle menings wat volgens sommige se waarneming ewe veel sou weeg? Wat behoort swaarder te weeg as daar nie konsensus is oor waarteen Bybelgedeeltes hulle uitspreek nie.[14] Kan dit wat die deurslag moet gee iets anders wees as dit waarvoor die Skrif herhaaldelik en sonder enige onduidelikheid voor pleit? Die opofferende liefde is die heel gewigtigste, die liefde volgens die voorbeeld van Christus (Efesiërs 5:1) [15].

'n Gesonde selfkritiese hermeneutiek, 'n hermeneutiek van suspisie (Paul Ricoeur), behoort al ons interpretasies te begelei en die voorlopigheid van ons besluitneming oor kwessies te beklemtoon. Nie alleen is so 'n hermeneutiek nodig vanuit respek vir die eie aard van die Bybel nie. Dit is ook nodig omdat ons nie sonder vooroordele die Skrif lees en die teenstellinge en paradokse in Bybelse uitsprake in die lig van die sentrale boodskap (of skopus) op objektiewe wyse kan toepas nie. Hieroor ons volgende bevinding.

3.3 NIE-TEOLOGIESE FAKTORE SE ROL

Ons het bevind dat daar klaarblyklik in die algemeen onder ons lidmate 'n gebrek aan insig is, of ten minste 'n genoegsame besef, dat ons eie ervaringe, gewoontes en denkpatrone ons interpretasie van die Skrif mede-bepalend of selfs beslissend bepaal. Dit geld na alle kante in die homoseksuele debat. Tussen die reëls van die geskrewe dokumente en binne sommige gesprekke het ons agtergekom dat die meerderheid van ons gespreksgenote – watter posisie hulle ookal inneem – nie sensitief is dat ons eie ervaring van en worsteling met seksualiteit; ons onvermoë om 'n ander se seksuele oriëntasie te begryp; ons weersin of onbegrip in 'n ander seksuele uitlewing en veral ook ons vrese dat ons kinders of kleinkinders tot 'n ander seksuele oriëntasie beïnvloed kan word, 'n belangrike, ja, selfs 'n deurslaggewende rol in ons oordeel oor selfdegeslagverhoudinge kan vervul nie.

TS-kommentaar: Uit eie ervaring het ons as TS besef hoe diep bevooroordeeld ons self is teenoor mense wat anders is, en vanweë die diepliggende aard van seksualiteit waarskynlik nog meer teenoor mense wat seksueel anders is.

Ons moes pynlik (her)ontdek en erken God se opvattinge is nie noodwendig identies aan my seksuele opvattinge nie. God is die Gans Andere. God is ook groter as my natuurlik-ingebore en kultureel-aangeleerde gevoelens van afkeur en afsku.

Hiermee wil ons nie beweer dat almal wat nie volle menswaardigheid aan homoseksueles gun, met afsku vir homo-erotiek gevul is nie. Ons praat oor onsself. Maar sou net 'n gevoel dat homoseksualiteit nie natuurlik is nie en dat ons nie daarvoor geskape is nie, nie alreeds 'n belangrike faktor wees wat ons bevooroordeeld maak nie?

Dit is algemeen bekend dat sulke nie-teologiese faktore dikwels die deurslag gee wanneer kerke verkondig: "So wil die Here!" Met die voordeel van terugskoue sien mens talle voorbeelde van hoe ons eie

[13] Vergelyk oor hierdie Konfessies bv Dirkie Smit (*Goeie Genade - is dit dan genoeg?*, p 103–111). Karen Armstrong (*The Bible: The Biography*, p 122–125, 227–229) verwys na hierdie hermeneutiese beginsel soos dit byvoorbeeld by Augustinus gefunksioneer het: "People who quarrelled about scipture were full of pride; they 'know not Moses' meaning, but love their own. Not because it is true but because it is theirs. So 'let no one be filled with pride against his brother over what is written' Augustine begged his congregation, 'But let us love the Lord with all our heart, with all our soul, and with all our mind, and our neighbors as ourselves'".

[14] Is die Bybelgedeeltes teen alle homoseksuele gedrag of teen destruktiewe seksuele gedrag?

[15] Kyk voetnota 12 hierbo vir AS 2002 se beskouing oor wat as kritiese maatstaf dien in die onderskeiding van geeste.

belange en ons vrese ons vroeër die Bybel laat misbruik het.[16] Ons behoort 'n bewustheid by alle lidmate te kweek dat ons steeds geneig is om die Bybel te laat buikspreek.

Ons diepe psigologiese vereenselwiging met en die neurologiese vaslegging van sake soos ons eie kultuur, gewoontes, geskiedenis, werklikheidsbeskouing, Skrifbeskouing, werkingsgeskiedenis van Bybeltekste en seksuele oriëntasie bepaal die "bril" waardeur ons na ander en sake kyk. Hierdie bril bepaal wat ons raaksien en "raakluister" en wat ons ignoreer. Ook wat ons keuse van Skrifgedeeltes, en -interpretasie en selfs die bepaling van wat skopus en periferie van die Skrif sou wees. [17]

Ons behoort nie alleen 'n verantwoordelike Skrifhantering te handhaaf nie maar ook 'n spiritualiteit te koester wat ons met groter sensitiwiteit vir en afhanklikheid van die Heilige Gees laat leef. Ons eie belange, begeertes en behoeftes het kragtens ons sondige natuur manipulerende krag om ons geloofsoortuigings, Bybelse gegewens en etiese waardes te oorskadu.

3.4 'N ONHOUDBARE TEENSTRYDIGHEID IN AMPSBESKOUING

Ons is uit verskillende oorde daarop gewys – maar veral deur leraars en dosente – dat soos dit met konsensussoekende vergaderinge gebeur, daar teenstrydighede in ons 2007-beluitneming oor homoseksualiteit beland het[18].

Daar is die besluit dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en op grond van hulle doop en geloof as volledige lidmate van die kerk van Christus aanvaar word met onder andere toegang tot die ampte (vergelyk punt 3 AS-besluit 2007).

---

[16] Kyk vir voorbeelde by 3.2 asook voetnota 9.

[17] Die Kennissosiologie is 'n vakgebied wat die verband tussen 'n groep mense se standpunte en hulle belange ondersoek.
Die Suid Afrikaanse etikus wat waarskynlik die deeglikste navorsing oor die verhouding tussen belange en oortuigings gedoen het, is Klaus Nürnberger (byvoorbeeld *Power and Beliefs in South Africa,* 1988*).* Hy toon aan hoe mense se belange hulle diepste geloofsoortuigings op verskillende wyses manipuleer: (1) Die geloofsoortuigings word so geherinterpreteer dat dit die belange wat nagejaag word, insluit: bv militere mag sou nodig wees om die Christelike beskawing te behou terwyl geregtigheid en naasteliefde skynbaar onbelangrik sou wees; (2) Die eie-belange word so aangebied dat dit skynbaar aan die oortuigings voldoen: bv Marxisme voer aan dat diktatorskap (van 'n klein groep bevoorregtes) 'n noodsaaklike stap is op weg na 'n klaslose en vredevolle samelewing; (3) Die terrein van die belange sou buite die jurisdiksie van die normatiewe oortuigings val: bv Jesus se Bergrede met die opdrag tot naasteliefde is bedoel vir persoonlike moraliteit en nie vir landspolitiek.
Daar verskyn steeds nuwe studies oor verbandhoudende fasette waarvan die gewilde uitgawe van Daniel Kahneman se *Thinking, Fast and Slow* (2011) 'n goeie voorbeeld is. Kahneman, wat 'n sielkundige is, het die Nobelprys vir ekonomie ontvang omdat hy aangetoon het hoe mense moeilik loskom van ou vasgelegde en daarom "vinnige" denkpatrone.
In dié verband is dit ook belangrik om te besef dat tekste en hulle vertalings 'n langdurige werkingsgeskiedenis of uitlegtradisie het wat ons ingelegde denkpatrone oor 'n saak legitimeer en herhaaldelik versterk. Dat afgekeurde homoseksuele praktyke "sodomie" genoem is, bevestig hoe die Bybeltekste oor die verkragting by Sodom verstaan is selfs al sou al die ander Bybelse verwysings na Sodom se sonde die fokus op die onreg en nie op die seksuele verkeer tussen selfdegeslag persone laat val nie.
Dit is van belang om ook hier op te merk dat die moderne woord "homoseksualiteit" in die Afrikaanse Bybelvertalings as vertalingsekwivalent gebruik word van omskrywinge en frases wat grondliggend op iets anders gemik is as homoseksuele verhoudings soos ons dit vandag ken. Dis gewoon nie taalkundig korrek en moreel aanvaarbaar om 'n antieke tyd se perverse praktyk waar heteroseksueles manlike teenstanders verkrag ten einde hulle te verneder (tot die vlak van 'n vrou!) 'n homoseksuele praktyk te noem nie! Eksegete aan ons universiteite is eens hieroor.

[18] Van die stemme oor die inkonsekwentheid en teologiese ontoereikendheid is in 'n onlangse studie deur MP van Loggerenberg (*The 2007 Dutch Refomed Synod Resolution: Impact on Gay Ministers*) ontleed en gedokumenteer. Hierin word aangetoon dat die sewe besluite van die AS 2007 in onderlinge spanning teenoor mekaar staan. Nodeloos om te sê dat die spanning wat daardeur opgewerp word, haas onoorbrugbaar is. Hierdie spanning word volgens ons as TS egter nie met die eerste oogopslag uit die stel besluite duidelik nie. Die besluite, wat saamgelees moet word, moet gedekonstrueer word in terme van versweë aannames en vooroordele wat in die dieptestruktuur van die besluitestel werksaam is.

Tegelyk is ook besluit dat slegs "… homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewensstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word" (punt 7 van AS-besluit 2007).

Die vermoede is uitgespreek dat twee "bronkomplekse"(ander noem dit "twee denkbewegings", "twee basiese oortuiginge", "twee stelle brille", "twee strome") die besluit van die AS 2007 grondliggend beïnvloed het: Watter terme ookal gebruik is. kom dit daarop neer dat daar gepoog word om twee denkbewegings – inklusiwiteit en eksklusiwiteit – onder een dak tuis te bring. Besluit 2007 verteenwoordig die poging om hierdie twee teenoorstaande bewegings by wyse van konsensus met mekaar te paar. Enersyds die gereformeerd-ekklesiologiese waardes as 'n ruimere verstaansraamwerk. Dit handel oor die wese van die kerk, die aard van die verlossing en die betekenis van die sakramente. Andersyds 'n engere tekskompleks – die sogenaamde sewetal anti-gaytekse[19].

Die genoemde ekklesiologiese grondwaardes is vir die NG Kerk die essensie – of soos ander dit geformuleer het: behoort vir die NG Kerk die essensie te wees. Daarom begin AS 2007 met 'n verwysing na die aard van die geloof en die betekenis van die doop. Dit is denke vanuit die heil, denke vanuit God se verrassende gawe aan ons. Vanuit hierdie gesigshoek sien mens die intensie van die Reformasie op sy helderste.

In die heilsmotief van inklusiwiteit geld: gedeelde menswaardigheid, die geskapenheid na God se beeld, die universele betekenis van die doop vir alle gelowiges, die deelhê aan die een liggaam van Christus. Die grondtoon van onvoorwaardelike aanvaarding en insluiting word egter diepreikend gerelativeer as die voorwaarde van selibaatskap ingevoer word. Hieruit blyk dit dat die aanvaarding, waarvan daar aanvanklik sprake is, voorwaardelik van aard is.

Die invoering van die selibaat as voorvereiste vir homoseksuele persone in die predikantsamp impliseer 'n dubbele ampsbegrip – een vir lidmate, ouderlinge en diakens, en een vir predikante.

Dit is in die ekumene nie orals noodwendig 'n probleem nie. Dit is egter 'n weerspreking van ons gereformeerde ampsbeskouiing waarin die ampte gelykwaardig is, het 'n jong vroue-teoloog en ander diepgaande betoog. Daar is 'n besef dat daar binne die Nuwe Testament alreeds verskillende kerkregerings- en ampstyle aan die ontwikkel was. Ook dat ander kerklike tradisies ander keuses gemaak en daarom hiërargiese en ander beskouinge handhaaf. Ons is egter kinders van die Reformasie. As Gereformeerdes word ons gekenmerk deur gelykwaardigheid van die amp van die gelowige, diaken, ouderling en leraar.

TS-kommentaar: Ten spyte van ons gereformeerdes se gelykwaardigheid van die ampte word egter slegs van die leraar verwag om die belydenisskrifte te onderteken. Waarskynlik sou ons dit kan verduidelik omdat die leraar die opdrag tot lering het. Hoe regverdig ons dit egter binne 'n gereformeerde ampsbeskouiing dat gelowige en gedoopte homoseksuele lidmate toegang tot die ampte het, maar dat die homoseksuele gelegitimeerde die bykomende vereiste het om selibaat te bly? Hoe kan ons kerkregter~~l~~like praktyk dat die AS predikantsbevoegdheid slegs aan selibaatblywende studente verleen die teologiese beginsel van menswaardigheid en volledige lidmaatskap vervul?

3.5 'N ONHOUDBARE TEENSTRYDIGHEID IN MENSBESKOUING

Ook op hierdie punt is die innerlike spanning en teenstrydighede van die 2007-besluit deur gespreksgenote en ook in geskrewe kommentaar na die oppervlak gebring.

In 2007 het ons die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding vir verhoudinge binne die geloofsgemeenskap aanvaar. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense (punt 2, AS-besluit 2007). Ook het ons – soos reeds na verwys – erken dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde (punt 3, AS-besluit 2007).

Hoewel dit nie uitdruklik in ons besluite gesê word nie, figureer die onderskeid tussen homoseksuele oriëntasie en homo-erotiek binne die verwysingskaders van AS 2007 met dien verstande dat

[19] 'n Aantal artikels – ook van dosente aan ons Teologiese Fakulteite – wys dat hierdie tekste op die klank van die omstrede vertalingsekwivalent, 'homoseksualiteit', saamgelees en funksioneer as 'n regulatiewe matriks wat die ekklesiologiese waardes teenstaan. Eties gesproke hoort dit nie as "anti-gay"-tekste genoem te word nie omdat dit bevooroordeling meebring.

eersgenoemde aanvaarbaar is en laasgenoemde nie. Beslis is dit nie aanvaarbaar vir predikante nie. Hierdie onderskeiding tussen seksuele oriëntasie en lewenspraxis word deur een groep lidmate ernstig bevraagteken maar deur ’n ander groep aangevoer.[20]

Van veral ’n groep gelowige geesteswetenskaplikes het ons verneem dat die skeiding tussen seksuele oriëntasie en seksuele praktyk kragtens die integriteit van die menslike persoon kwalik haalbaar is. Die enigste rede hoekom hierdie onderskeid geïmpliseer word deur die selibaatprovisio, is omdat homo-erotiek per se as oneties beskou word.

Ons het gehoor – beslis nie net van homoseksuele persone nie – dat die byvoeging tot die besluite rakende die vermyding van promoskuïteit deur hetero- en homoseksuele persone nie konsekwent toegepas kan word nie. Op die oog af is die uitspraak gelykluidend en dus inklusief van aard. Dit is inhoudelik egter nie die geval nie. Waar heteroseksueles die moontlikheid het om promiskuïteit te vermy deur toe te tree tot vaste verbintenisse, bestaan die opsie in terme van die besluit van die AS nie vir homoseksuele persone nie. Teenoor die skyn van inklusiwiteit versterk hierdie besluit die gewaarwording van uitgrensing en die gevoel van minderwaardigheid. Die “ekklesiologiese” waardes, hoeseer dit ookal beklemtoon word, word deur die verstaan van die “sewetal tekste” as afwysing van selfdegeslagverhoudinge en deur nie-teologiese faktore in ’n sekere sin buite spel geplaas. Die verskynsel van ’n sogenaamde “dubbele binding”[21] versterk hierdie gewaarwordinge. Wie dus hieraan gehoor wil gee, moet kies vir ’n lewe van onverbonde alleenwees.

TS-kommentaar: In hierdie verband moet daarop gewys word dat die aangewesenheid op en selfoorstygende uitreik na ander, deel is van die wesenskern van menswees. Die mens kom tot homself/haarself by en deur die ander. Dit is in die teenwoordigheid van en gemeenskap met die ander dat die mens tot selfkennis en -insig kom. Hierdie uitstaan-uit-sigself (*ekstasis*) is die grondvoorwaarde vir egte kommunikasie (*communion*) wat veel meer is as net die uitruil van informasie; dit is die moontlikheidsgrond vir selfmededeling op verbale, emotiewe, simboliese en daarom ook op “lyflike” wyses. In die gemeenskaplike viering van ons saambestaan, is intimiteit, fisiese aanraking en versorging konkretiserings van ons vreugde in die daarwees vir mekaar. Hierdie wesenstrek is nie net vir heteroseksuele mense beskore nie, maar vir alle mense, ook vir homoseksueles. Wie hierdie aangewesenheid op die ander vir homoseksuele mense ontsê, doen hulle menslikheid en menswaardigheid onreg aan. Juis binne die ruimte van die geloofsgemeenskap, waar hierdie onderlinge aangewesenheid op mekaar as gawe beleef en bely word (*koinonia*), behoort daar nie van hierdie onreg sprake te wees nie.[22]

Ons het gewonder watter soort mensbeeld bring mee dat ons ander se oriëntasie aanvaar, maar nie aanvaar dat hulle dit mag uitleef nie?

Sou die beskouing onderliggend deur ’n bepaalde verstaan van die verhouding natuur-genade bepaal word? Die Rooms Katolieke wat selibaatskap as deel van hulle ampsbeskouing en –uitlewing handhaaf, het ’n ander teologiese beskouing oor die natuur en genade.[23] Hulle glo die genade verhef die natuur. Die

[20] In menige van die skriftelike voorleggings wat die TS ontvang het, word hierdie onderskeid steeds gemaak en verdedig. Seksuele oriëntasie is ’n gegewe waarmee jy in die wêreld kom. In die geval van jou eie homoseksuele oriëntasie, moet jy jou gelowig verset teen die verleiding dat dit omsit in (homo)seksuele praxis en wag op die heilsame ingrype van God. Sommige van die bydraers hou steeds vol dat homoseksualiteit ’n keuse is.

[21] ’n “Dubble bind” is ’n toedrag van sake waarin ’n sekere handeling as gewens uitgewys word. Gelyktydig kom dieselfde handeling binne ’n ander konfigurasie ter sprake waarin die ongewens is. As jy reg is, is jy dus verkeerd. Dit kan geïllustreer word met die komiese kennisgewing wat soms in winkels aangebring word: “Ons is bereid om jou tjek te wissel as jy ouer as 85 is en vergesel word van jou groot-groot ouers”

[22] Iets soortgelyks het plaasgevind met die teologiese regverdiging en kerklike praktyk wat Apartheid as normaal en nastrewenswaardig voorgehou het. Ons weet dus uit bitter ondervinding hoe moeilik dit is om onreg wat so naby ons gedy, raak te sien en as onreg te bely.

[23] Die selibaat as teologiese tema is inherent vreemd aan die Reformatoriese tradisie en is nêrens as ideaal gepropageer of as voorskrif oorweeg nie. “Celibacy as a requirement for ordination to the priesthood (in the Western Church) and to the episcopate (in East as well as in West) and declaring marriages of priests invalid (in both East and West) were important points of disagreement during the Protestant Reformation, with the Reformers arguing that these requirements were contrary to Biblical teaching in 1 Timothy 4:1-5, Hebrews 13:4 and 1 Corinthians 9:5, implied a degradation of marriage, and

natuur se negatiewe in die mens staan voorop en dit moet verbeter en opgehef word. Protestante glo egter die natuur word deur die genade veredel. Ons natuur is wesenlik goed gemaak maar dit word deur sonde beskadig en deur die genade geheel.

Of sou die Griekse dualisme tussen siel en liggaam – wat alreeds soveel skade in die kerk veral wat seksuele uitlewing betref, meegebring het – hier weer na vore tree? Sou hierdie dualisme die Bybelse goeie nuus oor die heelheid van die mens en die goedheid van die liggaam en die wonder van seksualiteit verduister? Hoe kan ander se "gees" – hulle seksuele oriëntasie – aanvaar word, maar nie hulle liggaamlike uitlewing daarvan nie?

Die aanvaarding van homoseksuele oriëntasie maar nie homoseksuele uitlewing nie sou na bewering ook aanduiding wees van die feit dat die NG Kerk steeds homoseksuele verhoudings as verwerplik voor God beskou.[24] Waarskynlik beskou talle lidmate homoseksualiteit steeds as 'n geestesafwyking van die een of ander aard. Heelwat van die kommentaar wat ontvang is, het homoseksualiteit inderdaad aan patologiese afwykings soos kleptomanie en pedofilie gelyk gestel soos wat 'n mens dit in koerante se briewekolomme vind.

Dit kan 'n aanduiding wees dat die opvatting "Ons aanvaar die sondaars maar nie die sonde nie" steeds die heersende opvatting is. So 'n opvatting impliseer dat die "sondaar" 'n "afwyking" of "afskuwelike sonde" het en dat hulle genoeg dissipline moet hê om dit nie uit te leef nie. Hulle moet berading ontvang om dit af te leer of getrouer bid om "genesing" te ontvang.

Dit is rakende hierdie aspek wat ons as TS die kommentaar, menings en klagtes van pastorale begeleiers, pastorale sielkundiges en sielkundiges die hartseerste gevind het.

Hulle is moedeloos dat hulle kerk en mede-lidmate hulle woord dat kernhomoseksualiteit nie kan verander nie, klaarblyklik nie wil aanvaar nie.

Geïsoleerde, enkele gevalle van heroriëntasie na heteroseksuele gedrag word soms aan die groot klok gehang. Omdat dit in ons samelewing steeds spanningsvol en uiters onaangenaam is om homoseksueel te wees, wil sommige homoseksuele persone eerder hulle oriëntasie ontken, wegsteek of ontvlug. Sommige sou inderdaad slaag om deur kondisionering heteroseksuele gedrag of selibaatsgedrag te openbaar. Dit is egter nie wenslik om so te lewe nie. Trouens ons terapeute benadruk hoe gevaarlik dit is en verwys na die hoë selfdoodsyfer van homoseksuele persone.

Ons behoort eerder vanuit die Evangelie te help dat mense eerlik en opreg hulleself uitlewe. Dit kan immers minder onegtheid, pyn en selfvertwyfeling veroorsaak as die masker van voorgee laat val word en die kondisionering laat vaar word. "Is daar nie sprake van spirituele magsmisbruik soos wat in sommige bedieninge van genesing gebeur nie?" wonder talle kerklik-betrokke terapeute wanneer sommige terapeute "regstelling" na heteroseksualiteit beloof en mense wat so graag aanvaarbaar wil wees, vra: "Glo God kan jou genees".

Talle homoseksueles sal om van veroordeling vry te probeer kom, waarskynlik met 'n persoon van 'n ander geslag trou en selfs kinders kry, is aan ons verduidelik nadat ons gevra het hoe onderskei mens tussen berigte van herstel en die meerderheid terapeute se ontkenning van egte herstel. Wanneer die werklikheid nogmaals deurdring, skei waarskynlik die meeste. Saam met hulle worsteling oor homoseksualiteit is daar nou ook die verwyt oor 'n ander persoon wat gekul en vernederd voel, en wie se

---

were one reason for many abominations and for widespread sexual misconduct within the clergy at the time of the Reformation. The doctrinal view of the Reformers on this point was reflected in the marriages of Zwingli in 1522, Luther in 1525, and Calvin in 1539; in England, the married Thomas Cranmer was made Archbishop of Canterbury in 1533. Both of these actions, marriage after ordination to the priesthood and consecration of a married man as a bishop, went against the long-standing tradition of the Church in the East as well as in the West." Hier moet egter bygevoeg word dat selibaat hier binne heteroseksuele konteks aan die orde kom.

[24]"In terms of deconstructing the Resolution, the first point of the Resolution is seen as insincere because gay people are only conditionally accepted in the DRC. Point seven is seen as overruling point one in the Resolution. If they do not remain single they are shunned from church life and experience their human dignity as harmed. This could be an indication that the DRC still views gay relationships as an abomination before God" (MP van Loggerenberg: *The 2007 Dutch Reformed Church Synod Resolution: Impact on Gay Ministers,* p 7).

beste lewensjare ‘vermors’ is. Ook verwyte en verdriet van ouers, vriende en veral die kinders wat gebore is.

TS-kommentaar: ’n Sterk vermoede en ongemak het tydens ons gesprekke by die TS ontstaan dat ons lidmate se mensbeskouing en veral seksuele beskouing ernstige leemtes openbaar. Na die Victoriaanse moraal se ontkenning en “jy praat nie daaroor in ordentlike geselskap nie” en die skokervarings van die seksuele rewolusie se permissiewe moraal sukkel ons om ’n eietydse seksuele moraal vanuit ons geloofsbeskouinge te vorm. ’n Behoorlike studie hieroor asook oor die verskillende vorme van huwelike in verskillende tye en kulture (ook Bybelse tye en kulture) is dringend nodig. Dit sal helderheid in begrip en in ons getuienis hieroor kan bring.

Of seksualiteit deur oorerwing of omgewing, deur genetiese of ’n samespel van verskeie faktore en invloede bepaal of mede-bepaal word, is uiteindelik nie van deurslaggewende belang vir ons etiese optrede nie[25]. Ook nie of daar in ons moderne /post-moderne samelewing meer sulke mense met selfdegeslag seksuele oriëntasie is en of dit net meer in lande met volle menseregte na vore tree nie – al sou dit wetenswaardig kan wees. Die werklikheid wat ons nie durf ontvlug nie is dat daar talle sulke lidmate en hulle families orals in ons gemeentes is, dat ’n groot deel van die bevolking so is en dat hierdie situasie nie gaan verander nie. Van hierdie homoseksuele persone is uitgesproke Christene en vereenselwig hulle met die Christelike etos. Oor die etiese gehalte van sulke persone in selfdegslagverhoudinge handel ons laaste 2 bevindinge.

3.6 GOEIE MORALITEITSTATUS VAN CHRISTENE IN SELFDEGESLAGVERHOUDINGE

Die TS het verskeie selfdegeslagpaartjies oor die land ontmoet. Ons was verbaas dat sommige ver gereis het om met ons te praat en is dankbaar vir die openhartigheid wat hulle getoon het. Talle van hulle het immers in die verlede pyn en verwerping ervaar deur heteroseksuele kerkmense, maar hulle het met ’n openheid teenoor ons gewaag. Daar is wel gemeentes oor die land waarin hierdie genote aanvaarding vind en geestelike groei beleef.

TS-kommentaar: Uit hierdie gesprekke het dit weereens duidelik geword dat alle homoseksuele persone nie oor dieselfde kam geskeer durf word nie. Die perverse homoseksuele optrede wat ons vooroordele voed en wat dan veralgemenend en onregverdig aan alle homoseksuele toegedig word, moet as oneties van die hand gewys word[26]

Daar is gedrag van homoseksueles in die algemeen waarvan gelowige homoseksuele persone hulle openlik en verbaal distansieer. Hulle besef byvoorbeeld dat die mediadekking van gayparades mense kan ontstel en dat die gedrag, wat dikwels daarop uit is om te skok, ’n verdraaide of eensydige visuele beeld van homoseksualiteit skep.

---

[25] Ten tyde van die skrywe van hierdie verslag en dus na ons gesprekke het ’n belangwekkende verslag *Diversity in Human Sexuality* deur die Wetenskapsakademie van Suid-Afrika (ASSAF) verskyn. Dit is ’n samevattende verslag oor navorsingsartikels van oor die wêreld en gee mens ’n goeie prentjie wat verskeie dissiplines in die afgelope tyd bevind het. Onder die bevindinge is: (1) Aansienlike konsensus dat seksuele oriëntasie ingebore en onveranderlik vir die meeste mense is, dat homoseksualiteit nie ’n leefstylkeuse is nie en nie bepaal word deur die manier waarop ’n persoon grootgemaak is nie, ook nie deur groepsdruk of deur kontak met homoseksuele persone nie; (2) Dat seksuele oriëntasie waarskynlik in die eerste ses maande van ’n embrio bepaal word deur ’n verskeidenheid faktore waaronder die konsentrasie en invloed van sekere hormone, die immuunstelsel en genetiese faktore. Ten opsigte van laasgenoemde is ’n sterk verband gevind tussen ma’s se X-chromosoom en die van homoseksuele seuns. Epimerkers toon dat seksuele oriëntasie van geslag na geslag oorgedra word bv van ’n ma na ’n seun wat hom minder sensitief vir testosteroon sou maak; (3) Daar is geen bewyse dat homoseksuele persone verantwoordelik is vir seksuele mishandeling in Afrika of elders nie maar dat die oorgrote meerderheid van misbruikers heteroseksueel en ’n familielid is; (4) Daar is geen wetenskaplike bewys dat seksuele oriëntasie verander kan word nie. Trouens die gevare aan sulke pogings is so erg dat dit in konflik met mediese etiek is. Die kans is 8,4 keer groter dat ’n homoseksuele tiener, wat verwerping as gevolg van sy oriëntasie ervaar, selfdood sal pleeg.
Daar kan verwag word dat ook hierdie verslag deur bepaalde groepe gekritiseer en weerlê sal word aangesien seksualiteit omstrede is.

[26] Veralgemening as meganisme om mense kwaadwillig uit die gemeenskap in die breë uit te hou, is welbekend. Sien MP van Loggerenberg se reeds genoemde studie.

In hulle gesprek met ons het homoseksuele persone erken dat daar heelwat promiskuïteit onder homoseksuele persone voorkom. Sommige redes hiervoor moet begryp word sonder om die daaruitvloeiende reaksie en gedrag enigsins goed te keur, byvoorbeeld dat die algemene kulturele afkeer aan homoseksuele paartjies wat verlief is, hande vashou en saans uitgaan 'n normale hofmakery en ontdekkingsfase met verskillende potensiële lewensmaats verhoed en losse sedes bevorder.

Die voortdurende vrees dat jou homoseksuele oriëntasie ontdek sal word, die onmoontlike keuse tussen lewe met 'n weggesteekde identiteit of lewe met verwerping, die seerkry van uitgesluit wees, veral deur ouers en ook die kerklike gemeenskap, die verskraling van jou menswees tot jou seksualiteit, en die voortdurende verlange na heteroseksuele familie en vriende se aanvaarding bring bykomende spanning in 'n mens self en daarom ook in verhoudinge mee. "Julle heteroseksueles se verhoudinge en huwelike werk dikwels nie uit nie", is aan ons verduidelik. "Hoeveel moeiliker is dit nie by ons as gevolg van al die teenkanting en innerlike konflik nie? Dit word boonop vererger omdat ons nie 'n heilige verbintenis soos 'n huwelik het wat ons ondersteun en waarop ons kan terugval nie!"

TS-kommentaar: Te midde van 'n openhartigheid en eerlikheid oor selfdegeslagverhoudinge het ons eerstehands onder die oorgrote meerderheid Christen-gaypaartjies wat ons ontmoet het, ervaar dat hulle lewensvervullende, gelukkige en getroue verhoudings gebou het wat so sterk is dat dit vol humor is. Hulle voel so veilig bymekaar dat hulle graag met hulleself en hulle onbenydenswaardige posisie gekskeer. Dikwels is dit lag met trane. Die verwerping deur betekenisvolle persone bly 'n seer wat met hulle saamloop al sou hulle 'n lewensmaat gevind het.

Ten einde die etiese status van (gelowige) homo-verhoudinge te 'peil', blyk die aangewese weg te wees om oor die etiek van tussenmenslike verhoudinge in die algemeen te praat en dan te vra of die feit dat die twee persone van dieselfde geslag is 'n hindernis is op die weg na die realisering van 'n etiese en gelukmakende verbintenis.

Rondom die vraag na dit wat mense se verhoudingslewe (Christelik) eties navolgenswaardig maak, was daar grootliks ooreenstemming. 'n Aantal "koördinate" in die verband kan kortliks gelys word: 'n verhouding is eties gelukkend wanneer daar sprake is van wedersydse respekvolle, selfskenkende liefde en trou, wat binne die raamwerk van permanensie en eksklusiwiteit, volwasse en verantwoordelik gerig is op die welsyn en lewensontplooiing van die ander ten einde vierend, sorgend en vreugdevol saam in lewensgemeenskap[27] 'n lewensweg te deel .

Ons is getref dat hierdie paartjies se verhoudinge gebou is op geborgenheid. Dat hulle in hulle wêreld waar daar baie min plek is om jouself te wees 'n veilige hawe in mekaar vind. Dat hulle met "lewensmaats" bedoel wat hulle sê. "Lewensmaats" in die volle sin van die woord. Dat dit om duursame langtermynverhoudinge gaan en nie om selfsugtige bevrediging nie. Dit gaan om deernis én begrip, aanvaarding én warmte, omgee én bystand.

Die bewussyn van God se roeping om saam diensbaar te wees in die geloofsgemeenskap en 'n getuienis te lewer van respek vir God en mekaar is volgens ons waarneming 'n inherente deel van talle sulke verhoudinge.

Onder die paartjies was 'n hele paar dekade-lange vaste verhoudings wat groot lewenstorms oorkom het. Dit was opmerklik dat daar nie gefokus is op seksualiteit en beslis nie op erotiek nie. Ons het besef dat selfs ons as heteroseksuele persone wat simpatie met homoseksuele persone het steeds te veel vanuit 'n seksuele oogpunt na hierdie mense kyk. In ons gesprekke het dit by enkele mense selfs geklink of homoseksueles seksbehep is en dat selfdegeslagpersone 'n gevaar loop om by hulle te wees! Hopelik is dit 'n laaste hardnekkige oorblyfsel van die jarelange veroordeling dat hulle oriëntasie 'n patologiese afwyking soos pedofilie sou wees.

TS-kommentaar: Vir Christene is die geloofsperspektief deurslaggewend dat hierdie tussenmenslike verhoudinge ingebed, omraam en gedra sal word deur die groot liefdesgeheim tussen God en die mense. As gelowige egpare word ons in die huweliksformulier aangemoedig om hierdie belofteryke werklikheid toe te eien en met oorgawe 'daarbinne' te lewe.

[27]Lewensgemeenskap sluit hier alles in, ook seksuele/liggaamlike intimiteit.

Ons gesprekke het ons opnuut by die oortuiging gebring dat seks tot die ruimte van ’n permanente eksklusiewe verhouding tussen twee mense hoort. Alle vorme van seks hierbuite is promiskue gedrag wat vanuit ’n Christelike waardestelsel baie sterk afgewys moet word.

3.7 DIE BEHOEFTE AAN ’N VASTE VERBINTENIS VOOR GOD WAT KERKLIK BEDIEN IS

TS-kommentaar: Met die *Civil Unions Act* (17 of 2006) (Wet op Burgelike Verbintenisse) wat op 30 November 2006 in Suid-Afrika in werking getree het, het dit vir mense van dieselfde geslag moontlik geword om ’n wetlike verbintenis soortgelyk aan die huwelik aan te gaan. Baie homoseksuele paartjies het sedertdien sulke verbintenisse aangegaan. Baie hiervan is Christene en sluit ook lidmate van die NG Kerk in wat ook hul gemeentes se seën op hul verbintenisse verlang en amptelik of nie-amptelik (dmv predikante wat hul verbintenisse geseën en/of in kerke laat voltrek het). Hierdie wetgewing het ’n verdere rede meegebring waarom die NG Kerk behoort te besin oor selfdegeslagverbintenisse in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie.

Die kritiese vraag is of tussenmenslike verhoudinge wat omraam en gedra word deur die groot liefdesgeheim tussen God en mense net vir heteroseksuele mense ’n lewensmoontlikheid is en of dit ook van selfdegeslagverhoudinge waar kan wees?

Ons het gehoor dat die weë op hierdie vraag uiteen gaan:

Een “oorleweringstroom” binne die kerk gaan daarvan uit dat bogenoemde uitsluitlik die voorreg van heteroseksuele getroudes sou wees. Binne hierdie kringe word daar nie voorsien dat daar sprake van ’n huwelik of selfs net van ’n kerklike sluiting van ’n vaste verbintenis tussen lede van dieselfde geslag mag wees nie.

Die ander stroom in die kerklike lewe beklemtoon dat selfdegeslag Christenpaartjies graag getuies wil wees van Christus se bevryding en genesing. Ook van sy verlossing van selfsug en promiskuïteit en die gawe van ’n verhoudingslewe. Hulle kan dit moeilik doen as daar nie ruimte en aanvaarding deur mede-Christene is nie. ’n Verbintenis kan immers ’n kaggel vir geborgenheid en getrouheid wees en ’n fort teen die aanslag van promiskuïteit.

“Hoe kan ons as mense na ons toe kom en pleit dat hulle voor die Here trou aan mekaar wil beloof hulle wegstuur?” En: “Hoe durf ons promiskuïteit indirek bevorder deur nie vir die wat duidelik vir durende en waardevolle verhoudinge kies, tegemoet te kom nie?” is aan ons gevra.

Oor die wense van ’n vaste verbintenis wat kerklik bevestig is, was die paartjies dit eens. Nie alleen sou dit hulle volle menswaardigheid bekroon nie, maar dit sal ook as getuienis teen immorele gedrag dien.

Sommige sou die verbintenis ’n “huwelik” wil noem sodat dit nie minderwaardig is teenoor heteroseksuele verbintenisse nie. Ander is tevrede dat die verbond tussen hulle as lewensmaats, of dit ’n “vaste verbintenis” of “selfdegeslag permanente verbintenis” of wat ook al genoem word, dit beslis ’n verbinding voor en ook met God moet wees. Daarom moet dit van kerklike aard wees en in ’n diens met Woordverkondiging en gebede plaasvind. “Asseblief nie ’n troue voor die magistraat nie, ons is Christene!” is die versugting.

Op hierdie punt het ons as TS ’n brief van die kerkraad van ’n plattelandse dorp ontvang. In die gemeente was daar ’n jong selfdegslagpaar wat algemeen bekend en aanvaar is. Hulle is aktief betrokke by die gemeenskapslewe in die dorp en gemeente. Hulle wou graag hulle verhouding kerklik laat inseën met Woordverkondiging. Die kerkraad het dit eenparig goedgekeur. Die ringskommissie het daarvan te hore gekom en die optrede gekeer. Die paartjie is toe in ’n sekulêre seremonie juridies verbind. Die kerkraad het die saak weer na alle kante beredeneer, dit op insiggewende wyse verwoord en pleit by TS en AS vir duideliker riglyne hieroor.

Die TS het ook gehoor dat dieselfdegeslag ouers ook kinders grootmaak en dat gemeentes en kerkrade leiding in hierdie verband verlang. Ons meen dat dit nie binne die skopus van ons opdrag val nie, maar dit is ’n saak wat beslis aandag moet geniet.

TS-kommentaar: Die TS oordeel dat ons die besluite van 2004 en 2007 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word, kan herbevestig. Die diskresie aan kerkrade om in die gees van Christelike liefde op te tree behoort ons ook uit te brei sodat kerkrade na gelang van plaaslike

omstandighede en die morele status van selfdegeslagverhoudinge vaste verbintenisse kerklik kan bevestig.

4. EKUMENE

Die vraagstuk rondom homoseksualiteit is nie net op die agenda van die NG Kerk nie, maar word vir die afgelope dertig, veertig jaar druk bespreek in kerklike gemeenskappe regoor die wêreld. Die verdelingslyn ten gunste van en teen homoseksuele verbintenisse en praktyke, loop soms deur geloofsgemeenskappe sodat baie studiekommissies en gespreksgroepe in verskillende kerke steeds daarmee besig is.

In Suider-Afrika is die gesprekke in meer as een denominasie aan die gang. Die VGKSA het in 2008 'n baie deeglike verslag met verreikende implikasies ter tafel geneem, maar nie een van die aanbevelings is goedgekeur nie. Die saak is verwys vir verdere studie en gesprek. Die saak is by hulle nog op die tafel.

Die NG KerkA en die RCA is beide gekant teen homoseksuele verbintenisse en beskou dit as sonde. Daar is geen aktiewe gesprek oor die aangeleentheid in hulle geledere aan die gang nie. Dieselfde is waar van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk is daar studie aan die gang wat bedoel is vir die Algemene Kerkvergadering. Hulle huidige standpunt en die van die NG Kerk stem ooreen. Die Metodiste en die Presbiteriane word gekenmerk deur onderlinge verdeling in vermelde verband.

Terwyl die Ortodokse, Tradisionele en Evangeliese Presbiteriane sterk gekant is teen die ordening van gay mense en selfdegeslagverbintenisse, het die Presbiterian Church (USA) onlangs besluit om homoseksuele persone sonder enige verhindering op te neem in die gemeenskap van die gelowiges, dus sonder enige diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en lewenspraktyk.

Onder Charismatiese en Pentakostalistiese groepe word homoseksuele persone wel as lidmate aanvaar maar mag geen posisie wat met gemeentelike leierskap te doen het, beklee nie.

Homofobiese optrede (selfs wetgewing wat homoseksueles dreig met doodstraf) is aan die orde van die dag in Afrika. Die rol wat "evangelicals" uit Amerika in die verband as aanstigters van onrus en polarisasie in kerklike geledere speel, moet hier aangemerk word.[28..]

Die CCAP Nkhoma oorweeg tans om met die Church of Scotland bande te verbreek as gevolg van laasgenoemde se aanvaarding van selfdegeslagverbintenisse. Ons sal maniere moet vind om as familie van kerke saam te leef te midde van sulke verskille.

TS-kommentaar: Ons wys u wat die kort verwysing na Ekumene betref net vriendelik daarop dat ons gevra is om vanuit die Gereformeerde tradisie na die status van selfdegeslagverhoudinge te kyk. Ten opsigte van amps-, mens- en seksualiteitsbeskouing het ons immers 'n eiesoortige Skrifbenadering (en getuienis!) wat nie deur alle kerke in die ekumene gevolg kan word nie.

5. TEN SLOTTE

Dit was vir ons as TS 'n moeilike opdrag wat ons geloofsverstaan uitgedaag het, misverstande en wanpersepsies meegebring het, ons afhanklikheid laat toeneem het en ons in kontak met mense gebring het wat ons lewens verryk het. Ons dank u daarvoor.

Dr Andries Kritzinger
Dr Elize Morkel
Dr André van Niekerk

[28] Sien in die verband die verduidelikings in die verslag *Diversity in Human Sexuality* deur die Wetenskapsakademie van Suid-Afrika (ASSAF).

B. BESKRYWINGSPUNTE, BESWAARSKRIFTE, GRAVAMENS

Notas:
1. Beskrywingspunte B.12 – B.14 is weens ’n administratiewe misverstand nie in die Agenda opgeneem nie.
2. Beskrywingspunt B.15 word ingedien ogv Reglement 3 pt 6.4.

B.12 RINGSONDERSOEKLIGGAAM (REGLEMENT 18.1.4)

(VRYSTAAT) (RING VAN WINBURG) (Deurgestuur deur Moderamen Vrystaat)
BESKRYWINGSPUNT

Die Algemene Sinode besluit om Reglement 18 van die Kerkorde van die NG Kerk 2013 so te wysig dat die ringskommissie die volmag het om ’n ringsondersoekliggaam aan te wys.

MOTIVERING
1. In die meeste gevalle moet ’n buitengewone sitting van die ring byeengeroep word net om ’n ringsondersoekliggaam aan te wys. In plattelandse ringe is dit onprakties en te duur om ’n ring bymekaar te kry net om dit te doen.
2. Dit is onprakties om ’n permanente ringsondersoekliggaam op die gewone ringsitting aan te wys aangesien dit eers duidelik is wie op die betrokke ringsondersoekliggaam kan dien nadat ’n spesifieke klagte of gerug ontvang is.
3. ’n Staande besluit van die ring om aan die ringskommissie volmag te gee om by die ontvangs van ’n klag of ’n gerug ’n ringsondersoekliggaam aan te wys, kan beter en meer algemeen ondervang word deur Reglement 18 dienooreenkomstig te wysig.

B.13 VBO-PUNTESTELSEL

(VRYSTAAT) (RING VAN SMITHFIELD) (Deurgestuur deur Moderamen Vrystaat)
BESKRYWINGSPUNT

Die Algemene Sinode besluit dat die VBO-puntestelsel weggeneem word en eerder twee geleenthede per jaar te skep vir VBO-krediete.

MOTIVERING
Om 50 punte per jaar te verkry is baie moeilik vir plattelandse leraars wat “eenman-gemeentes” bedryf. Koste tov VBO-geleenthede vir plattelandse leraars is baie duur: koste sluit in brandstof teen AA tariewe, verblyf, kos, ens. Dus word VBO-geleenthede basies onmoontlik gemaak vir plattelandse leraars.

B.14 OPSTEL VAN ’N EIETYDSE BELYDENISSKRIF

(VRYSTAAT) (RING VAN BOSHOFF) (Deurgestuur deur Moderamen Vrystaat)
BESKRYWINGSPUNT

Die Algemene Sinode word dringend gevra vir die opstel van EEN EIETYDSE BELYDENISSKRIF vir die NG Kerk waarin die Bybelse en geloofswaarhede van die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Belydenis van Belhar volledig in eietydse taal vervat is.

MOTIVERING
Nadat ons die streeksbyeenkomste wat deur die Moderamen in die Vrystaat gereël is, bygewoon het en kennis geneem het van die verskillende standpunte daar rondom, het ons duidelik tot die oortuiging gekom dat EEN EIETYDSE BELYDENISSKRIF vir die NG Kerk en ook vir die NG Kerkfamilie dringend noodsaaklik is en wel om die volgende redes:
1. Die huidige 3 Formuliere van Eenheid, nl die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis praat nie die eietydse geloofstaal van die tyd waarin ons vandag leef nie. Die inhoud is wel Bybels korrek, maar kan saamgevoeg word in ’n vorm en taal waarmee lidmate van vandag (veral jonger mense) hulleself kan vereenselwig.
2. Van verskeie kante al is daar ook kritiek van binne en buite die kerk op sekere formulerings in die 3 Formuliere van Eenheid en ook die gebruik van sekere Skriftekste om sekere geloofstandpunte te bevestig. Met die hermeneutiese Skrifverstaan van vandag is daar ’n aantal teksverwysings wat onvanpas

is. Ds Jan Lubbe het ook kortliks daarna verwys tydens die gesprek oor die Belydenis van Belhar met die streeksbyeenkomste in Maart 2013.
3. Met die Belydenis van Belhar is daar tans soveel verdeeldheid in die NG Kerk oor of dit werklik as ’n vierde Belydenisskrif aanvaar kan word. Die moontlikheid van kerkskeuring wat ons tog ten alle koste wil vermy, is as gevolg van die Belydenis van Belhar nie uitgesluit nie. Die meeste lidmate en ampsdraers het vrede met die inhoud van die Belydenis van Belhar en sou hierdie getuienis graag in so ’n nuwe eietydse belydenis deel van ons belydenis en getuienis teenoor die wêreld wou sien, maar dan nie as ’n losstaande vierde belydenisskrif nie. Ook die blote gedagte wat al deur die Algemene Sinode geopper is, naamlik dat die Belydenis van Belhar ’n opsionele belydenisskrif kan word, hou nie stand nie. Hoe kan ’n belydenisskrif wat veronderstel is om kerngeloofswaarhede te bevat, opsioneel wees? Hoe kan sommige lidmate dit aanvaar en ander nie? Wat word dan van die eenheid van die kerk? Sou een nuwe eietydse belydenisskrif waarin al hierdie Bybelse en geloofswaarhede in eietydse taal vervat is, nie ook binne die breër NG Kerkfamilie groter eenheid bewerkstellig nie en ook na buite ’n eendragtige getuienis in ons land en die wêreld wees nie? Indien dit nie vir die VGKSA aanvaarbaar sou wees nie en hulle sou aandring op die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif, sou ’n mens dan dadelik bedenkinge kon hê oor die suiwerheid van hulle motiewe.
4. So ’n Belydenisskrif sal van groot waarde wees by kategetiese onderrig.

B.15 SELIBAATVOORWAARDE (BESLUIT 7 VAN 2007) EN MENSWAARDIGHEID VAN HOMOSEKSUELE AFGESTUDEERDES

(KURATORIUM STELLENBOSCH) (Soos eenparig ondersteun deur die NG Kerk-dosenteraad)
BESKRYWINGSPUNT

1. INLEIDING

Ons het kennis geneem van die besluite wat in die afgelope jare deur die NG Kerk se Algemene Sinode geneem is (2007, 2013) insake die kwessie van die status van homoseksuele lidmate binne die NG Kerk, asook oor verbintenisse tussen homoseksuele lidmate. Ons is dankbaar dat die NG Kerk volledig ruimte gemaak het vir homoseksuele lidmate in terme van lidmaatskap en met betrekking tot die ampte (Besluit 3 van 2007), en dat die status van homoseksuele lidmate – soos dié van heteroseksuele lidmate – binne die raamwerk van ’n Bybelse siening oor menswaardigheid gedefinieer word (Besluit 2 van 2007; Besluit 3.4 van 2013). Sommige van ons lede (vanuit die Kuratorium, maar ook vanuit die geledere van die NG Dosenteraad) het deur middel van mondelinge en skriftelike insette (onder andere deur Bybelwetenskaplike publikasies waarin die Bybeltekste wat normaalweg in die gesprek genoem word, ondersoek en uitgelê is) deelgeneem aan die prosesse en ondersoeke wat tot hierdie besluite gelei het.

Ons voel onsself egter geroepe om deur hierdie beskrywingspunt standpunt in te neem teen teenstrydighede in die vorige besluite wat die diepste menswees van die studente wat ons oplei en toelaat, raak, en wat getuig van inkonsekwente hermeneutiese omgang met die Bybel. Ons doen dit vanuit die perspektief dat die Kuratorium (soos ook die NG Kerk-dosenteraad) ten nouste betrokke is by teologiese opleiding van voorgenome NG Kerk-predikante, en dat ons intens bewus is van die spannings wat tans heers in die uitvoering van die vorige besluite (deurdat gay persone in vaste verhoudings gelegitimeer kan word, maar nie georden kan word in ’n gemeente nie). Ons stel dus die beskrywingspunt aan die Sinode, veral omdat ons direk met teologiese opleiding en begeleiding, en die lewering van afgestudeerde predikante aan die NG Kerk te make het. Trouens, ons doen hierdie werk juis omdat die NG Kerk aan ons hierdie opdrag gegee het. Ons glo dus dat die Algemene Sinode van die NG Kerk ons voorstelle by die eersvolgende vergadering biddend sal oorweeg.

Ons is oortuig dat die NG Kerk sommige aspekte van die vorige besluite moet heroorweeg – nie slegs weens praktiese oorwegings soos toelating tot die bediening en ordening van afgestudeerdes in gemeentes nie – maar veral op grond van die feit dat die menswaardigheid van homoseksuele afgestudeerdes deur die stel van die selibaatvoorwaarde (Besluit 7 van 2007) in gedrang kom, en dat die geldende besluite nie Bybels-hermeneuties verantwoordbaar is nie.

Ons vertrou dat die Algemene Sinode binne die Seisoen vir Menswaardigheid en in ’n soeke na ’n verantwoordelike Bybelse hermeneutiek ons voorstelle gunstig sal aanhoor en biddend sal oorweeg.

2. AANBEVELINGS

2.1 Dat die addisionele voorwaarde van die selibaat (addisioneel tot die voorwaardes wat aan heteroseksuele afgestudeerdes gestel word) as kwalifikasie vir ordening en bediening in ’n

gemeentelike konteks, geskrap sal word en dat Besluit 7 van 2007 daarom gewysig word om soos volg te lees: "Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode."
2.2 Dat Besluit 4 van 2007 vervang word met die volgende bewoording: "Die NG Kerk gee amptelike erkenning aan die burgerlike verbintenis tussen homoseksuele pare wat 'n durende verhouding van liefde en trou aan mekaar wil bevestig, en dat hierdie verbintenisse met die seën van die NG Kerk kan geskied."

3. MOTIVERINGS (verwysend na bg voorstelle)
3.1 Op grond van 'n Bybelse siening van menswaardigheid vind ons dit onvanpas dat homoseksuele afgestudeerdes in teologie wat gelegitimeer word 'n onderneming van die selibaat moet gee alvorens hulle tot gemeentebediening toegelaat kan word. Nie net skep dit 'n onhoudbare praktiese spanning wanneer homoseksuele persone sonder verdere voorwaardes gelegitimeer kan word, maar dan nie georden kan word sonder die selibaatverbintenis nie, maar hierdie praktyk misken ook die menswaardigheid van homoseksuele persone deurdat dit addisionele voorwaardes aan hulle stel as aan heteroseksuele afgestudeerdes. Dit misken dus ook hul Godgegewe seksualiteit (soos erken in vorige besluite van die NG Kerk). Die stel van die selibaatsvoorwaarde berus voorts op twyfelagtige Bybelse hermeneutiek waar Bybelse gronde die legitimasie van gays in verhoudings toelaat, maar nie ordening in gemeentes nie. Binne die Gereformeerde Protestantse tradisie (anders as in die Rooms-Katolieke tradisie) is die Bybelse aanduidings rondom die selibaat (vir ampsdraers) oor eeue reeds kultureel geïnterpreteer, en word die selibaat nie aan bedienaars voorgeskryf nie. Dit val dus vreemd op dat dieselfde hermeneutiek nie ook gebruik word wanneer dit oor homoseksuele bedienaars handel nie.
3.2 Terwyl erkenning gegee word aan die seksuele oriëntasie van homoseksuele lidmate en die standpunt gehuldig word dat sulke lidmate nie van enige lidmaatskapvoorregte en van die ampte uitgesluit kan word nie, gee die NG Kerk deur die geldende besluit tans nie erkenning aan die feit dat gelowige homoseksuele lidmate – soos gelowige heteroseksuele lidmate – behoefte mag hê om 'n belofte van liefde en trou voor die Here te maak en hul verbintenis met die seën van die Here te laat bevestig nie. Dit staan dus in spanning met die erkenning van homoseksuele lidmate se seksuele oriëntasie en menswaardigheid. Ten diepste spruit die stel van die selibaatvoorwaarde vir homoseksuele bedienaars uit die NG Kerk se huidige verstaan van die huwelik as 'n verbintenis tussen een man en een vrou. Daar word onses insiens nie erkenning gegee aan die volgende feite nie: dat (i) die Bybel verskillende kultureel-bepaalde huweliksmodelle weerspieël (vgl bv die verskillende modelle wat in die OT en NT voorkom – verskille wat herlei kan word na die onderskeidelike sosio-kulturele agtergronde waarin hierdie geskrifte ontstaan het); en dat (ii) die Bybelse voorstellings oor die huwelik bepaal is deur 'n heteronormatiewe samelewing (wat nie daarom homoseksuele verbintenisse per implikasie uitsluit nie).